

BEPROEWING

'n Histories-Romanties Verhaal

DEUR

JOUBERT REITZ,

(Skrijwer van die Dolosgooier), met 'n voorwoord van
Oud-President F. W. REITZ.



A. H. KOOMANS BEPERK, POTCHEFSTROOM.

VOORWOORD.

Die skrywer van hierdie boek is 'n seun van mij.

Als ik nie eerlik in staat was nie om onpartijdig sij werk te beoordeel, dan sou ik kortweg geweier hê om 'n opinie daaroor uit te druk en hom gevra hê om bij iemand anders vir 'n „Voorwoord” te gaan aanklop. Maar, nou dat ik 'n kans gehad het om die proewe na te sien, kan ik, sonder skroom, en met 'n seker mate van vaderlike trots, hierdie storie aanbeveel.

Hoe meer boeke van dié soort gedruk en gelees word, hoe meer sal die Afrikaanse taal grond win, en sal dit help om die leeslus van onse jeug aan te kweek.

Vir die „politiek” wat die skrywer so hier en daar, voorendag mee kom, hou ik mij natuurlik nie verantwoordelik nie. In mij familie, netsoos in so baie ander gesinne in ons land, is daar verskil van sienswijse oor die kwesies wat in die laaste jare op die voorgrond gekom het. Maar ik hou dit mij kinders vóór, en, met alle nedrigheid, wil ik dit ook aan ons volk vóórhou “Glo dat jou broer die sake verkeerd insien, maar glo ook dat hij eerlik dwaal. Hij kan vrijmoedig dieselfde van jou denk; maar dan is dit onnodig om rusie te maak of onvrindlik teen mekaar te wees.” Neem hierdie raad gerus van 'n vreedsame ou Republikein aan.”

Maar Leser! steur jou nie alte baie nie aan kwesies van daardie soort. Lees hierdie storie,—want die toets van 'n roman is of die skrywer aanleg het om 'n storie te vertel,—en beslis dan vir jouself of dit die moeite wêrd was om hierdie boek deur te lees..


F. W. REITZ.

Kaapstad,
April 1918.

INHOUD.

	Bladsij.
HOOFSTUK I. DIE BEGIN VAN BEPROEWING	9
HOOFSTUK II. 'N TWEEDE SLAG	17
HOOFSTUK III. ONTFERMING	25
HOOFSTUK IV. DIE POLITIEK	33
HOOFSTUK V. VERLIEF	41
HOOFSTUK VI. HAAR ONTMOET	49
HOOFSTUK VII. OP DIE BASAAR	57
HOOFSTUK VIII. VERLOOF	66
HOOFSTUK IX. 'N BEROERDE GESKIEDENIS	74
HOOFSTUK X. TOESTEMMING GEWEIER	82
HOOFSTUK XI. DIE REBELLIE	89
HOOFSTUK XII. VRIENDE VERSKIL	97
HOOFSTUK XIII. IN MOEILIKHEID	105

	Bladsij.
HOOFSTUK XIV.	
ONDER BORGE	113
HOOFSTUK XV.	
ONDER VERHOOR	120
HOOFSTUK XVI.	
NUWE HOOP	128
HOOFSTUK XVII.	
GERED	137
HOOFSTUK XVIII.	
DIE END VAN BEPROEWING	144



Hoofstuk I.

DIE BEGIN VAN DIE BEPROEWING.

Dit was 'n frisse, lekker somerdag in die maand Desember van die jaar 1855. Kalkbaai was in die daë nog nie die resort nie wat dit vandag is en daarom, miskien was dit 'n veel plesierige plek om 'n stille vakansie deur te bring dan nou die geval is. Toen ter tijd was Muizenberg niks beter als 'n plaas, en buiten die „Farmers Peck's Hotel” was daar maar 'n paar huise, meeste van kleinboere en 'n paar vissers. St. James was ook maar 'n groot plaas, en Kalkbaai was die middelpunt van verkeer vir die streke. Vir mense wat die strand van die Valsbaai in die daë geken het, is dit nie nou altijd plesierig nie als hul naar Muizenberg gaan om die frisse seelug te skep, om die veranderinge te sien wat in die laaste sestig jaar daar plaas gevind het. In plaas van die eenvoudige hotel waar 'n mens vroeër ongestoord en op sij gemak 'n lekker, huislik eetmaal kon krij, is daar nou groot hotelle net of dit in Kaapstad self is, en waar jij, net of mens nie naar die see toe gekom het nie om 'n stille, rustige lewe te lij, moet heel dag skoene dra en aantrek alsof daar 'n bruilof of begrafenis gaan plaas vind. In daardie daë het iedereen, groot en klein, heeldag kaalvoet rondgeloop en het sig soveel geamuseer als molik, maar, teenswoordig, als 'n mens op die strand 'n wandeling gaan neem moet jij jou kleë of jij in Adderley Straat loop. Die vrije, ongestremde lewe van vroeër is verdwene, en dit is gin wonder dat die mense, ten minste, die van die ouwere geslag, nou liewers naar sulke plekke als Gordonsbaai of die monding van die Brak Rivier gaan vir hul vakansie, waar hul sig nie behoef te steur nie aan die bekrompe en nauwgesette idee van van die sogenaamde beskawing. Maar laat ons die dinge maar laat staan en met ons virhaal begin.

Soos ik gesê het, dit was 'n lekker, frisse somerdag. Die see was kalm, en werd net deur die lekkere mōrewindjie 'n beetjie lewendig gehou. Dit was, alhoewel

somer, koel, soos dit meestal daar is en daar was die môre tamelik mense op die kleine strand van Kalkbaai self. Die vissersbote was net aan trug kom van die visvangs, en die mense was daar om te kom vis koop. Daar was die gewone lot Slamaaiers met hul karretjies van die Kaap, om die vis te kom haal en om dit later in die strate van die Kaap te verkoop, waar hul trompettertjies aan iedereen bekend is. Daar was die inwoners van Kalkbaai die vir hul eië tafel kom koop, en daar was die besoekers die, terwyl hul niks anders te doen het, hul tijd daar kom deur bring. Vir partij mense is daar 'n seker aantreklikheid in die toneel van die terugkomende vissersbote, die hope vis op die sand, die gewoel en die geraas; en hul het plesier daarin om dit te sien en om daar tussen die mense rond te loop.

Die reuk van vis, vers sowel als oud, die seelug met nou en dan 'n reukie van die wilde blomme en bossies die op die berg groei en wat die sagte somerwindjie nou en dan afdrijwe, is als wierook in hul neusgate en hul sal, viral als hul ver van die see woon, partijmaal alle besigheid, kommer en sorg laat staan en see toe gaan net om die lug weer te ruik. Ik was eenmaal bij 'n boer ver in die binneland, op besoek. Hij was 'n man die vele jare aan die see gewoon het, en, om so te sê, daar groot geword het. Ons was in die land, besig op te ploee, en hij staan en rond kijk, hoe sij volk werk. Hij het 'n tijdjie stil gestaan en toe, skierlik, nes 'n brakhond wat die reuk van 'n patrijs krij, ruik hij naar die lug.

„Man” sê hij „ik ruik die see”.

Hij het toe op die ogenblik niks verder gesê nie, maar ik kon merk dat hij vir die res van die dag nie veel ag op sijn werk gegee het nie. en rondgeloopt het soos een wat droom. Maar die aand, toe ons sit en eet, begin hij oor die see te gesels, en eindelijk sê hij aan sijn vrouw:

„Vrouw! Ik denk jij moet jou maar 'begin klaarmaak. As die ploee rij oor is, sal ons vir 'n paar weke strand toe gaan.” Vir 'n man wat die see gewoon is en die lief het, is daar geen sterker stem als die roep van die see.

Die môre, waar ons van vertel het, was die verkoop van die vis bijna klaar en die vissers wou net begin om hul skuite uit die water te trek om dit vir veiligheid, hoër op die strand te bring, toe hoor hul in die verte 'n geroep. Hul kijk op, en daar, regs van die baai, op 'n hoë rots die daar lê, staan 'n man met sijn arms te wenk naar die see. Hij wijs eers oor die water en toe skree hij iets, maar dit was té ver om te kan uitmaak wat hij sê. Een van die vissers, die misskien soets al te vore gesien het sê net:

„Walvis”.

Pertij van die vissers begin somar, sonder verder iets te sê, en of hul daarvoor geleer was, die spane en seile van hul skuite weer in orde te bring, terwyl andere naar die dorp toe hardloop, om gauw weer terug te kom met hul gereedskap vir die Noordkaper jag. Harpoene en rolle lijn word aangedrã en in die skuite geset. Bij die tijd het die man wat die alarm gegee het al daar aangekom. Hij was 'n flinke, grote, sterk geboude man met 'n groot baard. Sijn hande was groot en sterk, en het die tekens gedra van veel harde werk. Hij was gekleed in 'n molvel broek, opgerol tot op sijn knieë en 'n rooi Jersey of wol hemp. Op sijn kop was 'n oliedoek hoed, van die soort wat matrose dra en sijn voete was kaal. Hij was 'n egte visser, sterk, en gesond en vir niks bang nie. Toe hij daar aankom, sê hij:

„Gauw, kerels, daar is 'n walvis in die baai. Net daar het ik hom sien blaas. Hij moet omtrent twee mijl uit wees. Dis 'n grote, so ver ik kan uitmaak”.

„Dis goed” sê 'n ander, en die man wat die nuws gebreng het staat maar te kijk hoe die anders hul gereed maak om weg te gaan. Naderhand kijk een van hul op en merk dat hij niks doen nie en half verleë daar, met sijn hande in sijn sakke staan rond te kijk.

„Haai, Roos” sê hij „waarom help jij nie.”

„Nee, maat” antwoord hij „ik het met die ekspedisie niks te doen nie.”

„Gaan jij dan nie saam nie?”

„Nee ik kannie.”

Die ander vissers hou op met hul werk en staan hom

verbaas aan te sien. En gin wonder nie. Die man Hendrik Roos bij naam, was bekend als die beste walvisjagter en die beste harpoengooier op die Kaapse Skiereiland. Hoe was dit molik, dat hij, die 'n naam had als 'n noordkapervanger een dergelike kans sou laat virbij gaan. Buiten die plesier van die ding, was daar die wins, want 'n noordkaper was meer wêrd dan 'n hele maand se visvangs. Buitendie: Hij was 't wat die eerste die walvis gesien het, en hij sou, volgens gebruik onder die vissers, 'n ekstra deel van die wins krij. Bang was hij nie. Daar het hul hem te goed voor geken en wie in sij grauwe oge kijk kon aan sij moed twiifel? Eindlik, na hul hom 'n tijd aan gestaar het vra een:

„Waarom nie?”

„Wel” antwoord hij „julle weet mijn vrouw is siek, en ik wil nie nou graag weggaan nie.”

„Nonsens, man!” sê weer een „Ons sal maar 'n paar uur weg wees. Die tijd kan jij wel spaar. En denk aan die geld man,” iedereen wis dat Roos maar moet sukkel „dit sal jou goed betaal”

Daar was juis vir Roos die moeilikheid. Hij was erg arm, ja, selfs so arm dat, soms, als daar nie 'n goete vang gewees was, had hul in huis bijna niks te eet als net die vis die hij self kon huistoe breng. Hul, dit is, hij en sij vrouw en 'n seun, die ook, als s'n vader Hendrik, genoem was, en omtrent ag jaar oud was, het gelewe van hand tot mond, en hul het dikwels moes honger lij. Daarbij was sijn vrouw swak en tenge- rig en sij moes nou weer 'n siekte deur gaan. Die geld, die vir sijn deel van die walvis sou kom, sou hom nou meer te pas kom als op enig ander tijd. Dit sou die dokter betaal, en dit sou medisijne en voedsame kos verskaf, dit sou hom ook in staat stel om iemand te huur om vir die huis te sorg gedurende die tijd dat sijn vrouw nie kon werk nie.

Hij moes gauw beslis wat hij sou doen, want die skuite was klaar en die vissers staan ongeduldig op hom te wag. Hul wou nie sonder hom weg gaan nie want hij ken die besigheid beter als enig een van hul en hulle beskouw dat als hij daar is dan is suk-

ses seker. Hij redeneer toe bij hom self. Als hulle binne 'n paar uur weer terug is, kan dit gin kwaad doen nie, en sijn vrouw is al gewoon dat hij bijna ieder dag ure lank op see is om te gaan vis vang. Dit het ook al dikwels gebeur dat hij naar die walvis vangs gegaan het, en sijn sou nie daarom ongerus wees nie. En sijn sou self blij wees oor die geld. Dit was hoof-sakelik ter wille van haar dat dit so nodig was. Eindelike besluit hij en, sonder om iets van die ander vissers te sê, draai hij om en roep naar iemand die daar staan.

„Hans” sê hij „sal jij mij 'n plesier doen?”

„Ja, seker. Wat is dit?”

„Gaat bietjie bij mij huis aan, en sê vir mij vrouw ik is met die skuite saam. Sê ik sal teen middag terug wees en sijn moet maar gerus wees.”

„Ja, goed” antwoord Hans „wees jij ook maar gerus. ik sal dit doen.”

„Dankie”, antwoord Roos en hij spring in die skuit, die nou al gereed was.

Eindelik gaan die ekspedisie vort. Daar was drie skuite, en, terwyl daar 'n wind waai uit die regte rigting set hul seil op, en dit was nie meer nie dan 'n driekwartier daarna of hulle was meer of min op die plek waar Roos die walvis eers gesien het. 'n Tiedje het hul daar rond geseil om die walvis te soek maar dit was bijna 'n half uur voor hulle hom merk. Hij was omtrent 'n kwart mijl van hulle af, en die skuit waar Roos in was, was die naaste aan hom. Hul trek toe daar heen, maar voor hul bij hom kon kom duik hij weg en hul moes toe weer stil lê om te kijk waar hij weer sou opkom. Vir tien minute was hij weg en toe kom hij op en blaas by die tweede boot. Hij was nie dertig tree van die boot af nie. Ongelukkig was daar 'n jonge visser in die boot die nog nooit te vore op die walvis jag gewees het nie, en hij word toe hij die walvis so nabij sien, so opgewonde dat hij hardop skree:

„Daar is hij”.

En daar was die dier weer weg. Die ander vissers was woedend, want hul kans was miskien vir goed en

al verlore, en hul kon niks doen als net sit en vloek. Was dit nie gewees dat hul in 'n klein boot gewees het nie, en so iets erg gevaarlik was, sou hul die jong kerel daar en dan gepak het en hom goed op sij baatjie gegee het. Maar daar was niks aan te doen nie, Hulle kon maar net stil sit en wag om te kijk wat sou gebeur.

Die walvis was die slag langer weg en dit was 'n goeie kwartier voor hulle weer die waterspuit sien die hij uitblaas. Pertij mense sê dit is glad nie water nie maar stoom, viroorsaak deur warme lug die skierlik in die koue seelug geblaas word, nes 'n mens of 'n dier 'n wasem uitblaas op 'n vroeë wintermôre. Toe die vis die keer uitkom, was hij omtrent twee honderd tree van die skuit waar Roos in was, en hulle maak hul klaar om hom agterna te sit. Hulle roei nou met die spane, waar hulle in die hake sit met doek omgebind, so dat hulle nie sal raas nie. Voor op die punt staan Roos, die harpoen klaar in sijn hand. Nader en nader kom hulle aan die vis die blijkbaar al oor sijn skrik was, want hij lê doodstil en drijwe net bo op die water. Eindelik lig Roos sijn hand waarin hij die harpoen het en maak met die ander hand 'n teken dat hulle moet ophou om te roei. Alles was doodstil en daar was net die geluid, sag en sussend, van die water teen die kant van die skuit. Skierlik leun Roos half agteroor om meer krag te gee aan sijn arm, en toe, na 'n sekonde so gestaan te hê, nes die standbeelde wat 'n mens sien van die Romeinse gladiatore, gooi hij. En hij het ook nie mis gegooi nie want die harpoen met sijn wrede weerhake, vang die walvis mooi in die sijn en sink diep in die safte vel en vlees, tot aan die houte hef. nes of dit 'n naal was, wat 'n mens in botter steek. En die walvis, woedend van pijn en skrik gee 'n verskrikkelike slag met sijn stert op die water die so 'n storing maak dat die skuit gevaarlik begin te kantel, en verdwyn onder die water. Die lijn, waar die harpoen aan vas was, begin tegelykertijd uit te loop met 'n virbasende snelheid. So 'n lijn loop so gauw uit dat die hitte, viroorsaak deur die vrijwing soos dit oor die rand van die skuit loop,

so groot, dat dit nodig is om die plank gedurig nat te gooi sodat dit nie aan die brand slaan nie. Roos lie goed wis wat hij moet doen, het, toe hij hom ver-seker het dat die harpoen goed vas sit, om gedraai om die blik waarmee die water geskep wordt te soek, om die plank, waaroor die harpoen lijn loop, nat te gooi. Daar die boot nog kantel en rol, steek hij sijn een hand uit om aan iets vas te hou. Of hij in gedagte sijn hand op die lijn neer geset het en of hij met sijn voet op die rol getrap het, sal gin mens ooit weet nie. Dit kan ook wees dat die lijn sleg opgerol was, en, dat dit op een of ander onverklaarbare wijze 'n slag om sijn hand of been geslaan het. Niemand kan sé nie, maar hij moet op een of ander wijze in die lijn geraak het, want, met 'n skree word hij met bliksemsnelheid uit die skuit in die water getrek, waar hij verdwijn. Sijn makkers het niks anders gesien als net dat hij skierlik om geruk word en oor die rand van die boot gesleep word en voor hulle 'n oog kon knip, was hij weg. 'n Paar sekondes het hulle mekaar sit en aankijk, hulle oge wijd oop en hul gesigte bleek van skrik. Toe gee die Stuurman, wat die eerste sijn tegenwoordigheid van gees terug krij, en lie goed wis dat, in die eerste plaas dit onmolik was om vir Roos iets te doen en in die tweede plaas dat als hulle nie oppas nie en versigtig is nie, die skuit omgeruk sou word en hulle ook sou vergaan, een paar skerp orders en die oorblijvende vissers begin weer hul werk te doen.

Hulle wis goed dat, als 'n man in (die harpoen lijn vas geraak het, hij onherroeplik verlore was, en daar was niks aan te doen. Die trek aan die lijn is so hevig dat so'n mens misskien honderde voete diep onder die water gesleep word, waar die dood deur die drukking van die water so seker is als die dood self. Raak hij los dan is dit te laat want voor hij weer boo kan kom is hij al dood. Die stuurman het opgelat om te sien of Roos boo kom, maar er was van hom niks te sien nie. Hij het ook nie verwag nie om iets te sien want hij was ook 'n ou walvisjagter en wis dat Roos so sonder waar-skuwing, die dood in gegaan het, ja, so snel, dat die loutere snelheid en onverwagtheid daarvan alleen ge-

noeg was om 'n sterk man die skrik op die lijf te jaag. Toe die walvis eindlik dood was omtrent 'n uur daarna, het die drie skuite nog 'n lange tijd daar rond gekruis om te sien of hulle nie die lijk kon krij nie, maar dit was virniet. Toe die walvis eindlik stil le, en die lijn slap geword het, moet hij los geraak het en gesink het, of, en dit was meer waarschijnlijk, die haaie, die daar volop is het hom gekrij. Op lange laas het hulle dit opgegeen en hulle maak die walvis vas en begin hul langsame en moeilike reis naar Kalkbaai terug. Die walvis was swaar, en hulle moes roei want die wind was teen hul. Maar, na hulle die vis eenmaal gevang het moet dit aan wal gebreng word en hulle moet maar sleep. Ure lank het dit die drie skuite geneem 'om die vis naar die baai te sleep, maar eindlik net met son onder kom hulle daar aan. Die hele rit is in stilte afgeloop, buiten so nou en dan 'n nodige order van een van die stuurmans. Niemand het 'n woord gepraat, want hul was geskok deur die treurige gebeurtenis van die dag, en Roos was algemeen bemind. Maar, net voor dat die boot aan wal raak sê een van die stuurmans, 'n ouwe grijsaard, die' sij hele lewe aan die visvangs geslijt het, en dus goed geweet het wat die lewe van 'n visser was, en die in staat was simpatie en medelijde te voel vir mense die in die selfde omstandighede leef als 'hij self vir meer dan sestig jaar geleef het, net

„Die arme vrouw!”

Hoofstuk II.

'N TWEEDE SLAG.

Mrs. Roos was, soos ik reeds gesê het, 'n tengerig en swak vrouwtjie. Sij was klein en hoewel nou nie eintlik sieklik, was s.j nooit te fris gewees nie. Maar sij was nie senewe-agtig, en toe Hans daar kom met die boodskap dat haar man met die skuite weg was om (die walvis te gaan vang, het sij daar niks van gedenk verder dan dat daar dit toe al bijna twaalf uur was, sij hom nie moet verwag nie vir middag ete, en sij moet sijn kos weg set dat dit kan opgewarm word als hij kom. Sij het toe vir Hans bedank en hom 'n koppie koffie gegee. Na hij weg is het sij haar seun Hendrik sijn kos gegee, waarna hij verdwijn het. In die daë was daar gin skoolwetie soos vandaag nie, en die kinders van die vissers het, nes hul ouers voor hulle, opgegroeï sonder opvoeding, en sonder enige vooruitsig in die lewe dan om ook soos hulle ouers vissers te word. Hij sou wel, als dit weer etenstijd word, thuis kom, en wat hij in die tussetijd doen, het niemand sig ooit oor bekommer. Roos was te veel van die huis weg om naar hom om te kijk, en sijn vrouw was te besig met huiswerk en een en ander om haar met hom te bemoei. Als hij oud genoeg word om te kan werk sal hulle begin denk aan wat met hom moet gemaak word. Dit was nie dat die ouers hulle kind nie liefhad nie, maar hulle omstandighede het dit mee gebreng dat hulle nie veel ag op die kind slaan nie. Armoede is 'n ding wat al die beste gevoelens in die mens versmoor en die mens onverskillig maak vir wat hulle in beter omstandighede meer sorg voor sou dra. So het die kleine Hendrik maar heel dag op die strand rond geloop en gemaak wat hij wou. Sijn maats was die kinders van ander vissers, mense die niks beter af was als sijn vader, wat betref wereldsgoed of opvoeding. Kwaad was daar nou nie eintlik in die kind nie, maar d't is nie goel dat 'n kind so jonk al leer om sijn eië kop te volg in alles wat hij doen en te leer om

gin ag te gee op die opinies en wense van 'n ander. Hulle word koppig en eiënsinnig en als hulle dan groot word kan 'n mens met hul niks uitvoer nie want hulle word hardnekkig en dwarstrekker.g. Eén voor deel, egter, van die lewe wat klein Hendrik gelij het was, dat hij goed, sterk en gesond was en, wat banja goed is vir 'n huisvrouw wat alleen is en geen meid kan aanhou nie, is dat hij bijna nooit in die huis was nie en dus nie tot 'n oorlas was vir sijn moeder nie, die dit al swaar genoeg krij.

Die na-middag, so wat vier uur na die huiswerk die haar nou al erg moeilik val, want, soos ons weet was daar 'n siekte te verwag, het vrouw Roos op 'n ou leuningstoel voor die deur gaan sit om te rus. Hulle huis was maar een van die ouderwetse vissers huusies, met twee kamers en 'n kombuis. Dit was van rauw stene gebou, met 'n strooidak, en dit was daar Roos nie geld had nie, en die eiënaar daar niks aan wou doen nie tamelik bouwvallig. Die huis staa 'n beetje hoog teen die berg, en van waar sij sit kon sij oor die baai kijk. Dit was 'n prachtige uitsig. Kort voor haar was die rotse, met hier en daar 'n ope plekkie waar die wit seesand 'n strandjie maak. Daar was nie veel wind, en wat daar was waai van die land naar die see, en die branders was nie die da groot nie. Hier en daar, tog breek hulle nog in 'n vloed van wit skuim oor die rotse, om weer in klein straatjies in die see terug te loop. In die verte was die hemelhoë berge van Hottentotsholland, die tot 'n skerp punt loop bij Hangklip. So helder was die lug dat sij bijna, van waar sij sit die kranse van die berg kon onderskei van die donker, somber berge self.

En tussen in, kalm en prachtig, lê die see. Terneet heet die baai Valsbaai, en min wis die arme vrou dat onder die blouwe water, met hier en daar 'n ligte groene tint, die vir haar so rustig en vroedsaam lij. lê ergens die lijk van die man die sij op sit en wag. So het, gedurende die dag van tijd tot tijd naar buite gekom om naar die vissersbote te kijk, die in die verte lij soos stukkie planke wat op die water drijwe, en sij wis dat hulle sukses gehad het met die vis, en d

hulle nou aan terugkom was met hulle vang. Van waar sij sit kon sij 'n vierde ding in die water, en agter die drie skuite, sien drijwe, die sij wis dat die de Noordkaper was, en, terwyl sij daar sit begin sij in haar gedagte te droom van die dinge wat nou molik gemaak sou word als haar man sijn deel van die geld krij. Sij sou, in die eerste plaas 'n meid kan huur om die huiswerk te doen, en dan sou sij vir 'n tijd kan rus om haar stork te maak teen die tijd wat moet kom. Om te rus, ja, hoe heerlik sou dit nie wees nie om, vir 'n tijd, ten minste, ontsaã te wees van die eeuwigdurende werk. Van, dat sij kan onthou, moes sij werk, haar hele lewe lank. Sij was, net als haar man, die kind van vissersvolk gewees, en daar was nooit in haar lewe, van die tijd dat sij oud genoeg was om te werk, 'n tijd gewees dat sij nie altijd in die tuig was. Sij was, in jare nog jonk, daar sij maar ag en twintig jaar oud was, maar in lijde was sij oud. Haar ouërs het haar laat werk van dat sij twaalf jaar oud was. Sij het huiswerk moet doen en ook haar jongere broers en susters moet oppas en verpleeg. Die enigste tijd wanneer sij eintlik 'n goeie tijd gehad het was toen sij nog maar iets oor die agtien jaar was, toe Hendrik Roos naar haar kom vrij het. 'n Paar maal het hij van 'n viskoper, waar hij mee bekend was, 'n kar en përd geleen, en Sondag Kaap toe gerij om in die groot kerk die diens bij te woon. Dit was haar enigste reis in die wereld, maar die herinnering daarvan het lank bij haar geblij als die gelukkigste tijd van haar lewe. Na hulle trouwe was sij ook gelukkig, want sij had haar man lief, ja, had hem nou nog lief, en hij was goed vir haar. Als hulle soms moes swaar krij, en als kos soms skaars was, was dit niks want sij was dit gewoon.

Bij haar ouërs was dit ook dikwe's maar skrap, want hulle moes ook maar lewe van die visvangs, en daar was 'n hoop kinders die gevoed en gekleed moes word. Maar sij was gelukkig, want sij was nooit iets beter gewend en het gin behoefte gevoel aan iets anders, en, sij had haar man en haar kind. Eén ding, egter, het haar pertijmaal onrustig gemaak. Haar ouërs was nou dood en, haar broers en susters was oor die

wereld versprei. Hulle was ook maar in moeilike omstandighede en sou haar nie, ingeval hulle iets oorkom kon help nie. Nou en dan, onwillekeurig, val dit haar in dat dit moelik was dat haar man kon siek word of iets oorkom, en wat sou dan van hulle word. Dit was akelig om daaraan te denk. en daar kon niks aan gedoen word. Werk, dit is swaar werk, sou sij nie kon doen nie, want, van die geboorte van haar seun af, was sij swak en tengerig geword en nou, — sou sij nog so iets kan deur staan. Dit was beter om nie aan so iets te denk nie, en, Goddank, hier het hulle nou met die walvis 'n biesondere geluk gehad en die geld sou help om dinge ligter te maak. Lank het sij daar gesit en gepeins en gedroom oor die verlede en die toekoms. Die son gaan net onder en dit begin nou koel te word. Sij begin koud voel en daarvan skrik sij — als 'n mens so kan sê van iemand wat nie slaap nie, maar tog droom — wakker en kijk op. Die skuite, met die walvis was net aan wal gekom en sij sien hoe die mense daar op die klein strandjie van Kalkbaai besig is om die walvis nader te sleep en vas te maak. Hier en daar staan klein klompies mense te gesels, maar dit was natuurlik onmoelik vir haar om te weet dat hulle, die natuurlik nou al die nuws gehoor het, oor haar praat, en oor die dood van haar man. Dit was al skemer donker, en buitendie te ver, om die mense op die strand te kan herken en sij wis nie beter dan dat haar man daar bij was en dat hij, na hij sij werk klaar het en alles in orde gemaak het vir die werk van afslag en die traan indra gered gemaak het, hij naar huis sou kom om te kom eet en rus.

Sij was in 'n opgeruimde stemming toe sij naar binne gaan om haar man s'n kos op die stoof warm te maak en om ete vir haar self en haar seun klaar te maak. Waar die seun was het sij haar nie oor bekommer nie. Hij was seker op die strand om naar die walvis te gaan kijk en hij sou met sijn vader huistoe kom. Sij was oor hom nooit onrustig want hij was bijna nooit thuis nie, en hij het nog nooit iets oor gekom nie.

Maar op die strand was daar 'n heel ander stemming. Die nuws het gauw rond gevlieg van die ongeluk wat

plaas gevind het, en die mense, hul ten minste, die nie besig was nie om die walvis te besorg, die staan in klompies daar oor te praat. Eindelik kom die vraag, wie die wedewee moet gaan vertel, en dit word besluit dat Auret, die ou grijsaard die stuurman is van die boot waar Roos mee uit was, dit moet doen, want hij was die oudste van hulle, en hij was ook met vrouw Roos goed bekend en was 'n vriend gewees van haar vader. Die ou wou eers nie, maar hul het hom om gepraat en hij gaan naar Roos s'n huis. Skaars was hij weg of toe kom Hendrik Roos, die seun op die strand aan. Die ouere mense die daar was het stil geblij als hij in hul nabijheid is, want hulle wou hom nog nie laat weet nie wat daar gebeur het, maar met die ander kinders was dit nie die geval nie, en dit was nie te lank nie of een van hulle vertel hom daarvan. Hij was nog te jonk om goed te verstaan wat dit vir hom sou beteken en sijn vader was so selde bij die huis, dat dit nie veel indruk op hom gemaak het nie. Hij het 'n tjdjie met sijn makkers daarvoor staan en praat, en die biesonderhede, deur die kleinspan vergroot gekrij, en toe val dit hom bij dat sijn moeder die nuws moet hoor. Met 'n korte groet aan sijn vriendjies draai hij om en gaat weg, langs die selfde weg die Auret geneem het. Hij het half gehardloop, so dat hij kort na Auret bij die huis kom. Die deur was skaars agter Auret se rug toe, toe hij daar aankom. Hij het somar die deur oop gedruk en binne toe gespring.

Toe Auret bij die huis kom was vrouw Roos besig om die tafel te dek. Sij hoor klop aan die deur en roep, sonder om net haar werk op te hou:

„Kom binne.”

Sij dag dit was iemand wat haar man wou sien oor die werk van more, of iemand wat biesonderhede van die walvisvangerij wou hoor, en sij het haar nie ongerus gemaak nie toe Auret die deur oop maak en in stap. Toe hij inkom had hij sijn hoed in die handen met 'n korte groet van net

„Naant, Johanna.” blij hij daar staan.

Vrouw Roos antwoord toe

„Naant, meneer Auret. Kom in. Mij man sal net nou

hier wees. Sit maar so lank. Ik verwag hom binne paar minute."

"Auret sê niks, en gaat ook nie sit nie. Hij was verleë, en weet nie waar om te begin nie.

Na hij 'n tijdjie daar gestaan het, maak hij eindelijk sij keel skoon en begin:—

„Johanna, ik is jammer....."

„Nou ja," sê sij „wat is dit dan"

„Ik weet nie hoe ik jou moet vertel nie, Ik....." e weer blij hij steek.

Vrouw Roos begin nou merk dat Auret ernstig is e dat daar iets verkeerd is. Sij vra:

„Maar wat is dit dan; wat mankeer?"

„Jouw man..." begin Auret maar hij kon nie verdie. Voor hij kon klaar praat, word die deur vir d tweedemaal oop gestoot en klein Hendrik, uit aser storm binne.

„Ma" skree hij „Ma, Pa is dood."

„Wat," roep sij, skierlik bleek van skrik, „wat sê ji

„Ma" sê die kleintje weer „Pa is dood. Die walv het hom dood gemaak."

Met groot, starende oge kijk die vrouw vir Aur aan en vra:

„Wat sê hij? is dit waar?"

„Dit is waar" was al wat Auret kon antwoord.

Vrouw Roos, bevend en bijna lam van skrik, draag naer een van die stoele toe, om te gaan sit, maar voordat dat sij die stoel kon bereik, nes of sij 'n koël deur e hart krij, slaat sij op die grond bewusteloos neer. Aurret het eers water op haar gesig gegooi, maar toe sien dat dit nie help nie, laat hij haar lê waar sij w en hardloop uit om die bure te gaan roep. Toe hij, v minute daarna met twee buurvrouwens terug kom, vrouw Roos nog waar hij haar gelaat het. Hulle l toe die lijdende vrouw naar die slaapkamer gedra in die kooi geset. Hulle het gedaan wat hul kon, ma dit was nie veel nie, want dit het hier iets gegeld v vir hulle te groot was. Die dokter moes gehaal wo en dit was 'n moeilike ding, want in die daë was d nie 'n dokter naderbij a's Wijnberg nie en dit sou ty of drie uur neem voor die dokter hier kon wees. *

pl/ Bij die tijd was daar meer van die bure gekom, een waarvan aangeneem het die dokter te gaan haal, en 'n ander die Hendrik met hom naar huis neem. Hij het toe h'j tot die besef kom dat hij in sijn onskuld, sijn moeder laat skrik het, en dat s'j daarvan erg siek was, vreeslik begin huil, en die mense die daar was kon hom nie stil krij nie. Een het eindelik gesê dat hij nie daar kon blij nie, want die gehuil sou sleg wees vir die sieke moeder, en hij het hom toe weg geneem naar sijn eië huis, waar hij hom herberg gegee het vir 'n tijd.

Dit was twaalf uur die nag voor dat die dokter daar kom. Hij het die hele nag en 'n deel van die vollende dag daar geb'ien en het gedoen wat hij kon. Hij was een van die ware geneeskunlige die meer van sijn geneeskunst denk dan die geld wat hij daarmee sou verdien. Hij het goed geweet dat die mense brand arm was en dat hij nooit 'n pennie sou krij vir die werk wat hij doen, maar hij was 'n Kristen in die ware sin van die woord, en so lank daar nog die minste teken van lewe was sou hij daar blij om te probeer om een mense lewe te red. Bij hom was al die geld in die wereld nie te vergelyk bij die uitvoer van wat hij beskouw als s'j heilige plig, of een mense lewe so lank daar nog hoop was. Maar al s'j moëte en sorg was verniet, want vrouwe Roos het nooit weer bijgekom nie. Maar, in die neerlê van haar lewe het s'j, soks dit so dikwels in die wereld gaan, 'n ander wese in die wereld gebreng om dieselfde kommer en lijê deur te gaan die op die mensdom gelê is „van geslagte tot geslag.”

Toe die dokter, so wat elf uur die môre, moeg en nukkerig deur gebrek aan slaap, want hij het die hele nag met die kranke vrouwe opgesit, bij die deur van die huis uitkom, ontmoet hij Auret, die net opgekom het om te hoor hoe dit gaan. Op sijn vraag hoe dit gestel is antwoord hij kort

„Die vrouwe is dood, maar die kind sal lewe.” en hij stap weg.

Toe die mense, die al die hele môre op nuws wag, die dokter sien uitkom en weggaan, kom hulle naar die huis toe om te hoor hoe sake staan. In bedroefde

stelte het hulle die nuws verneem, en weer was dit gelaat aan d'e oue grijsaard, die die lewe van die visser volk so intiem ken en die als 'n soort van wijsgeer onder hulle beskou word, om die algemene gedagte en simpatie uit te druk. Hij sê net;

„Die arme kind.”

Hoofstuk III.

ONTFERMING.

Die dogtertjie van vrouw Roos, want dit was 'n dogtertjie, het vir die bure en belangstellende 'n moeilike vraagstuk opgelewer. Hoe graag die mense, almal arm en lewende van hand tot mond, die sorg van die kleine ding op hulle wou neem, was dit vir hul moeilik. Die meeste van hulle, die getrouwd was het al meer kinders gehad dan hulle kon versorg. Hulle het hul best gedaan vir die arme ding, maar daar was nog niemand vorentoe gekom om die kind aan te neem. Die oue Auret, die, daar hij al lang wewenaar was en alleen woon, kon dit nie doen nie, maar hij het hom, so ver hij kon, met die saak bemoei. Hij het een van die bure gevra om so lank die kind op te pas, terwijl hij gaan sien wat gedaan kan word. Hij het gewet daar was 'n broer van Roos die op 'n plaas werk nabij Somerset Oost, en hij had ook gehoor dat hij getrouwd was. Hij was een van die weinige vissers wat 'n bietjie kon spaar en hij het die buurvrouw 'n klein sommetjie geld gegee om die nodige mee te koop. Hij besluit toe om self naar Somerset Oost te gaan om die broer van Roos te sien en te kijk of hij in staat sou wees om die kinders onder sijn sorg te neem. So ver hij kon herinner was dit jare dat Roos laas van sijn broer gehoor het, maar toe het dit met hom goed gegaan. Hij het nie gewet nie waar om aan hom te skrywe, en die enigste plan was om self te gaan. Dus, twee daë na die dood van vrouw Roos gaan hij op wat vir hom 'n ver en lang reis was. Intusse was Hendrik bij 'n ander buurman gelaat, die belooft het om hom 'n week of tien daë op te pas tot Auret kan besluit wat met hom moet gemaak word.

Toe Auret op Somerset Oost kom, vind hij dat sijn taak makkeliker was dan hij gereken het, want Petrus Roos, die broer van die corledene visser was daar bekend. Die dominee van die dorp, waar hij heen gegaan het, het Roos goed geken en sê aan Auret dat

Roos op 'n plaas woon omtrent 'n uur uit die dorp en dat dit met hem goed gaan, en dat hij in voorspoedige omstandighede verkeer.

Maar daar was tog 'n moeilikheid. Roos was al jare lank 'n wewenaar en dit sou vir hom onmoontlik wees om die klein kind bij hom op die plaas te neem. Hij het twee kinders, twee meisjies, één van veertien en één van sestien jaar en die hou vir hom huis. Dit sou moontlik wees dat Petrus Roos vir Hendrik op die plaas bij hom kon neem maar die kleintjie sou dit onmoontlik wees. Dan sou hij ook moet verlof krij van die eiënaar van die plaas, want al was Petrus vir 'n man van sijn stand, in tamelik goeie omstandighede, hij was tog wat ons vandaag sou noem 'n bijwoner op die plaas van 'n ander.

En daarbij waarskuw die Dominee Auret nog dat Petrus Roos 'n moeilike mens was om mee klaar te kom.

„Jij sal” sê hij, „voorsigtig met hom moet wees, want hij is 'n sturse man, en jij sal dit moeilik vind om hom so ver te krij om die kind Hendrik bij hom te neem. Hij is suinig en sijn kinders krij swaar onder hom. Hij sal nie graag die kind wil neem nie, want hij sal hang wees vir die onkoste. Die kleintjie, daar is ik seker van, sal hij nie neem nie.”

„Wel” antwoord Auret, „ik het nou so ver gekom, en ik moet maar deur gaan met die ding. Ik sal die beste doen wat ik kan.”

Die vollende dag gaat hij dan ook naar die plaas toe en kom bij die huis van Petrus Roos aan. Toe hij daar kom was Roos juis besig om 'n hooimiet te pak. Auret gaan naar hom toe en vrâ;

„Is jij Petrus Roos?”

„Ja” antwoord hij „en wie is jij?”

„Ik” sê die visser „is Auret en ik kom van Kalkbaai.”

„So” sê Roos stuurs, „en wat kom seek jij hier?”

„Ik kom in de eerste plaas om jou nuws te bring, en in die tweede plaas om 'n sekere saak met jou te bespreek.”

„So” sê Roos weer nors „laat ik dan hoor wat jou

nuws is, want ik het nie tijd om te gese's nie."

„Wel" antwoord Auret toe die sij humeur al begin verloor, „die nuws is, dat jouw broer Hendrik en sij vrouw albij 'n paar daë gelede dood is."

„Wat, wa! is dit so" sê Roos toe, en vir 'n oomblik was dit of sij manier sagter en mensliker word, want op s'n manier het hij van s'n jongere broer gehou „Dit spijt mij van har'e om dit te hoor. Kom ons gaan huis toe, dan kan jij mij verder vertel. Net toe hulle bij die huis kom en wou ingaan, draai Roos weer om en toe was hij weer die stuurse man die Auret eers gesien het, en hij vra:

„Maar wag eers. Wat is die saak wat jij met mij wil bespreek" en hij kijk Auret met suspisie aan.

„Wel" antwoord Auret „dit is in verband met die dood van jouw broer en s'n vrouw. Die kinders.....

„Nee, man, blij maar stil." val Roos hom in die rede, „nou weet ik al wat jij wil hê. Kinders het ik genoeg van mij eie. Ik wil nie meer van die goed hier hê nie.

„Maar"..... wil Auret weer begin, maar Roos stop hom.

„Kijk" sê hij „naar mij het jij verniet gekom. Ik is te arm om nog die sorg van meer kinders op mij te neeri. Ik wil die goed nie hê nie."

„Maar laat ik jou ten minste vertel wat gebeur het" vervat Auret weer, „dan kan jij self oorleel hoe die di'g staan."

„Dit kan jij doen als jij wil, maar ik sê jou vooruit dat ik geen kinders bij mij neem nie. Dit moet jij vooraf verstaan. Kom in" en hij gaan die eers'e die huis in.

Auret het hom toe breedvoerig die he'e gesiedenis vertel en lank met hom oor die saak geredeneer. Eindelijk sê hij:

„Nou sien jij hoe dit met ons is. Daar is niemand wat die kinders kan neem en als jij dit nie doen nie sal hulle vergaan van honger. Ik sou self graag wil help, maar ik is arm en het ook maar 'n jaar of wat om te lewe. Dit is jouw plig om hul'e te neem."

Lank het hulle geargumen'teer, en eindelijk sê Roos:

„Nou kijk, op 'n manier is dit waar wat j'j sê. Ik kan die goed nie van honger laat dood gaan nie. Jij kan die

jongetjie naar mij stuur. maar die meisjie kan ik nie neem nie, al wil ik ook. Ik sal aan mij suster, Mimmie, die getrouwd is en in de Pêrl woon, skrywe en vra of sij die kleintjie sal neem, maar ik kan, en sal, dit nie doen nie. En dit help niks om verder daarvoor te praat nie. Dis genoeg, dat ik één neem."

En meer kon Auret nie uit hom uit krij nie, en hij was verplig om daarmee tevrede te wees. Hij het gehoop dat die suster van Roos die kleintjie kon neem maar als sij weier, dan was sijn raad op. Hij het egter sijn kop virniet gebreek, want, toe hij weer bij die huis kom, vind hij dat die moeilikheid van die kleintjie sig-self opgelos het, want toe hij daar kom hoor hij dat die dokter die dag na sijn vertrek daar aangekom het en die kleintjie weggeneem het. Dit blijk dat hij 'n pasiënt in Wijnberg gehad het, die vrouw van 'n winkelier, die siek was. Haar kindjie het skaars drie dae oul geword, en is toe dood en die vrouw het 'n suiveling nodig gehad.

Die dokter het hom herinner van die verlate weesje van Kalkbaai en het die kind gaan haal. Niemand het daarteen iets te sê en om die waarheid te sê was hulle maar te bij om op die manier van die kind ontslae te raak. Niemand het sig bekommer oor wat van die kind moet word als die sieke vrouw haar nie meer nodig had nie, want dit is maar die manier van mense, wat van hand tot mond lewe. Die dag van more moet vir sigself sorg. Auret was ook tevrede. Enige oplossing van die moeilikheid was vir hom goed genoeg, en hij het die saak toe so geant. Hij het toe net vir Hendrik naar sijn oor geneem, en het hom daar op die plaas gelaat, bly dat die twee wese nou besorg was en dat hij weer naar s'n werk kon terug gaan en s'n onbekommerde lewe van vroer weer opneem waar hij opgehou het. Hij het gedraan w t hij kon en hij was tevrede en sijn konsensie het hom verder oor die hele saak nie gekwel nie. Eén ding het hij nog gedoen, omdat hij gevoel het dat hij nie veel langer kon lewe nie en hij wou nie dat die twee kinders van s'n vriend die wereld moet ingaan sonder dat daar 'n versag van hulle lot was, en ook omdat hij gedag het dat die wet dit eis; het hij 'n vriend, wat

kon skrijwe, gekrij om 'n rapport van die hele geskiedenis op te trek, en die het hij aan die weesheer gestuur. Dit was, soos ons later sal hoor, 'n geluk dat hij dit gedoen het, want dit het 'n groot uitwerking gehad.

Nou, van Hendrik het ik nie veel meer te vertel nie. Sijn oom het hom nie te goed behandel nie en toe hij 'n bietjie ouer was hard laat werk. Hij was die plaasewe nie gewoon nie, en het weer verlang naar die tijd toe hij vrij en onbelemmerd rond geloop het, en hij het hoe langer hoe meer ontevrede met s'n lot geword. Ses jaar het hij dit uitgehou en toe, 'n jonge van veertien jaar oud, en, nog met die koppigheid die hij op die strand in Kalkbaai geleer het, krij hij een dag 'n hewige ruzie met zijn oom. Hij was parmantig en die gevolg was dat zijn oom hom 'n deftige pak s aë gee. Die anderdagmore was hij verdwyn. Sijn oom, die, hoe ouer hij geword het, hoe stuurser en onmenseliker hij was, het hom daar nie aangesteur nie. Hij het hom nie eers laat soek nie, en was om die waarheid te sê, bij dat hij van hom ontsla was. Van die dag af het niemand ooit weer 'n woord van hom gehoor nie.

Van die meisjie het ik meer te vertel, daar sij eigenlijk die stam is van die familie waar ons storie mee te doen het. Na die sieke vrouw, 'n sekere Mrs. Evans, weer gezond was, het sij die kleine kind, die 'n wees was en geen huis had, maar bij haar gehou, en het die klein skepsel so lief gekrij dat sij haar maar aan geneem het. Sij het die kind Elsie laat doop en, later, toe sij groter geword het, was sij algemeen bekend als Elsie Evans en bijna niemand, buiten die aangenomen ouers, die dokter en ou Auret het anders gewest dan dat sij die kind was van Evans en zijn vrouw. Hu le het haar skool toe gestuur en sij het 'n tamelike opvoeding gehad. Omtrent die tijd was daar, bij Evans in die winkel 'n jong kereltjie met die naam van Jan Boshoff, wat daer gewerk het als winkeljonge. Hij was toe maar omtrent twaalf jaar oud, maar hij was vlijig en hardwerkend en het hom ongewerk sodat, toen hij dertig jaar oud was, was hij bij Evans boekhouer en een soort van bestuurder van die winkel. Hij het, al lank al, op

Elsie verlief geraak, en toe sij agtien was, trouw hulle met mekaar. Die meisjies het, in die daë nogal jonk getrouw. Boshoff was natuurlik bewust van die feit dat Elsie 'n kind was, wat Evans aangeneem het, en aan Elsie is dit natuurlik naderhand ook vertel.

Evans en sijn vrouw, die nie meer kinders van hulle eie gehad het, het Elsie hulle erfgenaam gemaak, maar dit het nie op veel uitgedraai nie. Mrs. Evans is eers omlote, en omtrent 'n jaar daarna haar man, en toe die boedel afgesluit was, was daar maar 'n paar honderd pond oor. Boshoff en sijn vrouw het toe besluit om daar hulle nie kapitaal genoeg het nie om in Wijnberg of in die Kaap 'n besigheid vir hulle self te begin' en Boshoff nie graag meer vir 'n baas wou werk nie, naar die Vrijstaat toe te trek en daar hulle fortuin te beproef. Hulle is toe naar Kroonstad toe getrek en het daar een winkel geopen. Hulle het klein begin maar hulle het tamelik goed aangegaan. Hulle het een seun gehad en het hom Gert genoem. Sijn regte naam was Gerhardus Petrus, maar dit is nou minder. Hij het sijn opvoeding gehad in die Grey Kollege en was 'n tamelik slimme kerel.

In die jaar 1907, is Elsie dood en Boshoff die ook al oud was besluit toe weer om uit te verkoop en terug te gaan naar die Kaap toe. Toe hij sijn besigheid van kant gemaak het, het hij genoeg geld om in die Kaap stil op sijn rente te lewe, maar hij moes goedkoop lewe, want die rente was nie veel nie. Hij het vir Gert als klerk 'n plek gekrij bij een van die winkels en is toe weg.

Nou kom ons tot die jaar 1914. Gert was nou 'n jonge man van vijf en twintig jaar oud, fris gebou, sterk en gesond. Hij was goed ses-voet 'ank, breed van skouers en was 'n tiepe van 'n regte Vrijstaatse Afrikaner. Tamelik goed geleer, het veel gelees en was goed op die hoogte van sake in die algemeen en van sijn besigheid 'n biesonder. Hij had nou 'n tamelik goeie posisie in die winkel en het 'n goeie salaris ontvang. Hij was belas met die korrespondensie van die besigheid en met die „buite werk," wat bestaan uit wol en graan koperij en so aan. Hij moes

onder die boere rond gaan om die nodige besigheid te verrig en om die winkel skulde in te vorder. Hij het 'n tamelike vije lewe gehad en was nie, soos dit gewoonlik met mense gaan die in 'n winkel moet werk, gebonde aan die winkel. Hij was nie verplig nie, om soos die meeste van die andere van die more vroeg tot die aand 'aat agter die toonbank te staan. Dit was 'n groot besigheid en, daarom moes hij pertij maal, als besigheid b i' g druk is, of met nagmaal in die winkel self help. maar gewoonlik was hij vrij om te maak wat hij wil, want hij het werk genoeg gehad buite en die baas van die winkel het hom vertrouw om sij eië gang te gaan. Op die manier was hij in staat om meer met die mense om te gaan dan anders die geval sou gewees het en om meer kennisse te maak dan hij anders sou kon doen. So was hij bekend met die meeste van die mense in die dorp en met 'n groot gese'te van de boere in die omtrek. Hij was altijd ples'erig en opgeruimd en het altijd tijd om 'n grappie te vertel of om naar een te luister. Daarbij was hij bekend als een wat eerlik besigheil drijwe en geen mens moedwillig 'n pennie te kort sou doen nie. Hij kon 'n goeie skoot skiet en was 'n tame'ik kenner van 'n pèrd. Als die jong kerels van de dorp 'n pèrd wil koop kom hul gewoonlik eers v'r Gert vrâ of hulle dit sou waag of nie, en als daar ie's in die dorp met sports of soiets aan die gang is word hij gewoonlik bij ges'leep om te kom help. Op die manier alhoewel hij nog jonk was, het hij naderhand 'n tame'ike invloed in die dorp gekrij, en ook bij ve'e van die boere wat nabij die dorp woon. Hij was oorral bemind vir sijn innemende maniere en oorral gerespekteer v'r sijn verstand van en oprechtheid in besigheil. Hij was een van de populêrste jonk mans in die dorp en hij was verstandig genoeg om hom nie daardeur te laat bederwe

So kom ons, soos ik alreeds gesê het, tot die jaar 1914, een van die gewigtigste jaarge'alle in die geskiedenis van Suil Afrika. Die verhaal v. n Gert s'n afkoms is misskien 'n bee'jie vervelig, maar dit is nodig dat dit vertel word anders sul die leser nie die samehang van die storie, wat nou verhaal word, verstaan nie.

Daar gebeur pertijmaal dinge die vir ons snaaks lijk en die in ons hersens 'n vage idee bring dat daar iets agter is, wat ons nie kan verstaan nie, terwyl ons nog daarby die gevoel het dat alhoewel alles in ons sub-konsieus wese goed verstaan is, maar dat die sub-konsieus wese dit nie aan die konsieus wese kan verklaar nie. Daar moet iets wees wat die verstand van die een in stemming bring met die ander. En dit het soms maar 'n heel klein ding nodig om die simpatie van verstand te weeg te bring. Dit is mij meermale gebeur dat ik, terwyl ik ingedagte oor iets anders denk, 'n ding sien of 'n gedagte krij die ik, nog in gedagte, notisie van neem, maar nie eintlik weet nie waarom. Dit is of mijn gedagte sukkel om mij iets te sê of mij aan iets wil herinner in verband met die ding of die gedagte, maar dat mijn hersens nie die gedagte of herinnering wil ontvang nie. En dan skierlik, en misskien ure daarna word die hersens wakker. Die gedagte of herinnering val mij bij. Ik het die ding in iets nodig gehad of ik moes dit of dat nog doen. Dit is 'n soort van draadloze telegrafie van die sub konsieus aan die konsieus wese wat die laaste nie altijl so opeens opvang nie. Daar is altijd iets nodig, 'n soort van sleutelwoord om die een die boodskap van die ander te laat verstaan. So is dit ook dat die leser 'n sleutel moet hê om die storie van Gert Boshoff en sijn lotgevalle te verstaan.

Hoofstuk IV.

DIE POLITIEK

Van dat Gert wolkoper vir die winkel geword het, het hij tamelik te doen gehad met 'n sekere boer met die naam van Verwij. Die ou kerel, want hij was 'n man van sowat sewentig jaar oud, het toe Gert nog maar jonk was en nog 'n klerk agter die tconbank, van 'n ander distrik gekom en het omtrent vier uur van Kroonstad af 'n plaas gesoep. Hij het daarop 'n mooi skaapboerderij aan die gang gesit en het goed vorentoe geboer. Hij het een seun gehad, wat in die tijd 'n kerel van drie of vier en twintig was. Die ou kerel was heeltemaal ongekeerd en kon skaars sijn naam skrijwe. Hij was stuurs en doorgaans stil. Hij het maar selde in die dorp gekom en het nooit met sijn bure omgegaan en het hulle nooit genooi nie om hom op sijn plaas te kom besoek of, om daar te kom kuier. Hij was 'n wewenaar, en was dit al toe hij in die Kroonstad distrik kom woon het. Groot, met breeë skouers lang wit baard, kon 'n mens nou en dan die ou man op die mark of in die dorp sien, maar dit was selde dat hij blij staan het om met iemand te gesels. Sels sijn groet was gewoonlik bars en ui erst onvriendelik. Hij het nooit aan iemand vertel waar hij vandaan gekom het, en niemand het dit ooit geweet, en, omdat hij so nors en menseskuw was het niemand hom ooit durf vra. Sels die seun, die maar 'n jongeling was toe hulle daar gekom het, het nie seker geweet nie waar hulle vroeëre woning was want, soals hij sijn maats self vertel het, was hij jare lank op 'n kosskool in Pretoria en het nooit met vakansie huis toe gegaan. Wat die rede was het hij nie geweet nie en hij was bang om sijn pa daarnaar te vra. Van die kosskool is hij direk naar Kroonstad gegaan en dus, terwyl sijn vader hom nooit geskrijwe het, het hij van hom ewe min geweet als die publiek. Tussen vader en seun was maar min simpatie en alhoewel hulle saam op een plaas gewoon het, het hulle maar min met mekaar om

gegaan, en het nie verder met mekaar geselskap gevoer nie dan nodig was vir die werk van die boerderij. Buitendien, was die seun, Hans, meer in die dorp als op die plaas. Toe ou Verwij in die d'strik gekom het, het die mense nogal baing oor die ou s'jn maniere en stand gesels, maar hulle het nooit daarmee verder gekom nie. Hulle het gedenk hij was rijk, maar n'emand buiten miskien die bankmeester en sijn klerke het daar iets van geweet. Soos dit met 'n boer gaan, was hij wel af, want hij had 'n goeie plaas wat hij kontant betaal het en waar hij niks op skuld nie. Hij had 'n paar duisend skape benevens die gewone lot p'erde, beeste en ander goed, wat n' boer, wat enigsins welaf is, gewoonlik op s'jn plaas had. En so ver bekend was, het hij nie skuld gehad nie.

Die eerste maal wat hij Gert in die winkel sien, staan hij stok stil naar hom te staar, en dit was of die ou geskrik het. In antwoord op 'n vraag van Gert wat hij vir hom kon doen sê hij:

„Jong, wie is jij?”

„Boshoff, oom”.

„Waar kom jij vandaan?” vra die ou, nog op barse toon, terwijl hij Gert nog aanstaar of hij 'n spook was.

„Ik is maar hier van die dorp oom”, antwoord Gert, die daar nooit aan gedroom het dat sijn lewensgeskiedenis vir die ou kerel van enig belang was.

„So!” sê die ou „dis snaaks!”

„Wat is snaaks oom?” vra Gert toe.

„Nee niks”, sê die ou, bemoei jij jou met jouw eiê sake en gee mij tien pond suiker!”

Gert het toe die order uitgevoer, terwijl hij denk dat die ou kerel die raad self kon aanneem, maar hij sê verder niks. Terwijl Gert besig was om die suiker te weeë, het die ou op 'n stoel gaan sit nes een wat diep na denk en elke nou en dan k'ijk hij op en beskouw Gert weer, alsof hij een of ander spoor wilde dier was. Gert het net eenmaal gehoor dat hij iets sê, en toe was dit weer „Snaaks, snaaks!” Gert dog bij hom self dat die ou self 'n bee'jie snaaks was, maar hij het niks gese nie. Hij moes beleefd wees teenoor 'n klant wat so ba-

ng hij die winkel kom, anders was dit, soos Jan Jurgens gesê het „skade van profijt.”

Na die tijd het hulle mekaar dikwels weer gesien en amelik besigheid met mekaar gedoen, maar die ou kerel het Gert altijd nors en kortaf behandel. Dit was of hij bang was om met Gert om te gaan of om met hom te praat, en hij het, gewoonlik, so gauw als hulle besigheid klaar was, gemaak dat hij weg kom. Dit was of die ou vir Gert skuw was, en Gert het dit meermale gemerk, maar kon nooit die rede daarvan krij nie. Hij het pertijmaal perbeer om met die ou op 'n meer vriendskappeliker voet te kom maar dit het niks ge-
hulp nie.

Gert het met sijn beste vriend in die dorp, 'n sekere Rijk Rerier, die 'n ou skoolmaat was, en nou 'n prokureur in die dorp, daaroor gepraat.

„Rijk” sê hij „wat sou ou Verwij mankeer? Hij lijk of hij vir mij bang is.”

„Ja, jong, hij is 'n wonderlike ou. Ik kan hom ook nie verstaan nie.”

„Hij het nog nooit eintlik iets teen mij gesê nie, maar dit lijk of hij altijd vir mij bang is, en mij nie vertrouw nie. Ik kan nie denk nie waarom dit is.”

„Ik weet nie. Dis seker maar die ou se natuur. Hij is met die meeste mense so”.

„Ja, ik weet” antwoord Gert „maar dit lijk mij daarom of hij 'n biesondere afkeer van mij het. Ik kan dit nog minder verstaan omdat hij al van die eerste dag af so was, en ik het hom tog nooit iets gedoen nie. Ik wens dat ik kon uitvind wat die rede is.”

„Als ik jij was” sê Rijk „sou ik mij daar nie oor bekommer nie. Hij is al baing oud en daarbij nog 'n bietjie eksentriek. Baing mense beskouw hom vir mal.”

„Dit kan wees, maar dit is nie plesierig nie.”

„Dis waar” sê Rijk „maar, soos ik sê, als ik jij was, sou ik mij daar nie aan s eur nie.”

Hulle het toe oor ander dinge gepraat, en verder die kerel vergeet. Rijk was ook nie een die hom oor soiets sou moeilik gemaak het nie want hij was van natuur soekeloos. Hij was een van die soort kerels wat niks omgee vir die opinies van 'n ander en maar altijd sijn

kop volg. Hij was al'tijd klaar om te doen wat hij lus voor krij en hij was al'tijl goreed om op te kom vir sijn opinies. Hij het 'n bietjie geld van sijn eib gehad en was van die wereld onafhankelik. H'j was te regult om sijn opinie, als hij dit eenmaal gevorm het, vir die wereld te verberg. Dit kon hom niks skeel nie of hij daardeur besigheid verloor, of sijn kliënte op loop jaag nie, want hij het sijn besigheid nie nodig nie om van te lewe. Buitendien was geld nie bij hom die drijfveer nie wat dit bij andere was en hij het om die waarheid te sê, die waarde van geld nooit leer ken nie. Politiek was sijn lewe en hij was al'tijl met een of ander vergadering of deputasie bes'g. H'j was so'n vurige voorstander van sijn opinies, dat hij daardeur vele vijande gemaak het, maar dit kon hom niks skeel nie. Hij was 'n vurige Afrikaner en wanneer hij die idee krij dat enige wet of reël, die gemaak of voorgestel word, afbreuk sou doen aan die Afrikaner of sijn regte, dan was hij so hewig daarteen dat hij pertijmaal dinge gedoen het die alhoewel goed gemeen, vir hom en andere, tamelik moeilikheid viroorsaak het. Hij en Gert was skoolmaats gewees in die Grey Kollege op Bloemfontein, en het dit al'tijd geblij. Gert, die kalmer was, en soos dit met meeste mense gaan wat hulle lewe in besigheid 'deurbreng het meer oor sijn posisie gedenk. 'n Man die sijn lewe moet maak uit sja stadsgenote is verplig om sijn opinies nou en dan te verswijn anders sal hij sijn besigheid moet opgee en gaan skape oppas Gert en Rijk het mekaar goed verstaan en het, alhoewel hulle being gestrij het goed klaar gekom.

„Gert” het Rijk eenmaal gesê „jij's tog 'n Afrikaner. Hoekom kom jij nie uit vir jouw nasie nie?”

Rijk het meermalen perbeer om Gert op komi ees en sulke dinge te krij, maar dit is hom nooit geluk nie. „Als” gaat Rijk aan „daar voetbal of spiets aan die gang is, dan is jij al'tijl voorman, maar waar dit 'n kwessie geld van jouw volk en jouw land, dan sit jij stil.”

„Kijk” antwoord Gert „jij weet hoe dit met mij ges'el is? Ik is 'n arm man. Ik het niks als mijn salaris om van te lewe. Als ik dit verloor, wat moet van mij

word? Ons handel met Engelse, en ons sal hul klandisie verloor as ik mij aktief gaan bemoei met die kwessies, waar politiek vandaag oor 'n drukte maak. Dan, soos jij weet, mijn baas is 'n Engelsman. Dit help nou niks om mij te sê dat dit nie verskil sal maak en dat die Engelse ons reg erken om vir ons volk en land uit te kom nie. Hulle erken wel dat ons die reg het, maar als hulle kan, verhinder hul ons om die reg te handhaaf. Als ik 'n bohaal gaan maak oor wat mij opies is, krij ik onmiddelik die „sack” en waar is ik dan. Jij weet goed genoeg dat ik in mijn hart Afrikaner is en dat ik mijn plig bij die stembus doen, maar meer durf ik nie doen nie. Mijn brood en botter hang daarvan af.”

„Dis wear” sê Rijk, terwijl hij 'n lange tijd stil sit en daaroor denk. Einde'ik vervolg hij.

„En die jammer daarvan is, dat dit vandaag die geval is met viëftig persent van die jong Afrikaners.”

In die daë was Suid Afrika, wat politiek betref, tamelik deurmekaar. Toe die Unie in 1910 gevorm was, was daar, in werklikheid maar twee partijë, want om die Arbeiderspartij van die daë 'n partij te noem, is 'n bietjie te ver. Die partij het wel later, veel sterker geword deurdat 'n massa jong Afrikaners, wat in die mijne kom werk het, daarby aangesluit het en deur dat baie mense wat daarop uit was om reklame te soek, viral jong advokaatjies ook maar, ter wille van die smeer hulle daarby gevoeg het. Die twee partijë van die daë was die Suid Afrikaanse Nasionale Partij en die Unioniste. Die eerste was die Boere partij en die tweede die engelse partij. Die boere was die sterkste, en, om die waarheid te sê was hulle te sterk, want die leiërs daarvan het begin te denk dat hulle baas van die land was in plaas van dat hulle dienare daarvan was. Maar die partij, om een ander rede, waaroor nou nie behoef gepraat te word nie, het langamerhand meer en meer in simpatie geraak met die Unioniste. 'n Deel van die ondersteuners van die partij, waarvan Generaal Hertzog die leiër was, het ontevrede geword en beweer dat die leiërs nie die regte van die Afrikaner gehandhaaf

het nie. Hierin het hulle ook volkome gelijk gehad, want dit was weer die kwessie van iemand wat per-beer om twee here te dien. Hulle wou ter-wyl hulle die Afrikaner tot vriend hou, die Engelse ook, soos hul sê, konsiliëer maar dit is iets wat, volgens mijn beskouing, onmogelik is, viral als die konsiliatie net van een kant kom. Mijn ondervinding vir wat dit wêrd is, toon mij dat Boer en Brit nooit in vrede saam sal lewe vir lank nie, en ik sien ook geen kwaad daarin om d't ronduit te sê nie. Maar laat ons liever die sake nou laat staan en ons net met feite bemoei. Wat ook al voorheen gebeur het, die posisie in 1914 was so: 'n deel van die Afrikaanse bevolking het die toenmalige ministerie die bekende Botha ministerie, waarvan Botha die touwleiër was en Jan Smuts die drijwer, ondersteun en 'n ander deel, die wel destijds, behalwe in die Vrijstaat in die minderheid was, het hul eië partij gevorm en, alhoewel hul klein begin het, het hulle meer en meer die regering gaan teën werk totdat hulle selfs in die Kaap Kolonie, 'n groot invloed gekrij het.

Van die laaste partij was Rijk Renier een van die voorstanders, en hij was sekretaris van die distrik bestuur. Zijn politieke geloofsbelijdenis was opgesom in die één woord „Afrikaner”, en om die reine waarheid te sê, is dit die drijfveer van elke lid van die partij. Die verskil tussen die twee partijë bestaan vandag nog, so dat dit nie nodig is nie om dit uit te lê. Maar als dit nodig was dat dit moet gedoen word dan sou dit doodgewoon so wees: Hulle is altwee Afrikaans gesind maar die nuwe partij weet dit en die ouë partij vergeet dit pertijmaal. Dit is nie hier die plek om te sê nie, wie is reg en wie is verkeerd; elke man moet vir homself besluit.

Rijk Renier was een van die soort mense, die nooit 'n ding half en half doen nie, want als hij besluit het om 'n ding aan te pak, dan doen hij dit met hart en siel. Hij het sijn best gedoen om Gert so vër te krij dat hij opentlik moet verklaar dat hij, wat toen genoem is „Hertzoglet” was, maar hij kon dit nie reg krij nie. Gert was gewoon om, soos 'n egte besigheids

man gewoonlik doen, dinge kalm en bedaard van al-kante te beskou, te bereken wat die uitslag van 'n sekere aksie sou wees, of wat die gevolge kon worde. Een dag, toe hulle naar gewoonte weer bij Rijk op sijn kantoor, argumenteer, sê Gert:

„Kijk, Rijk, laat mij jou nou die ding duidelik maak. Ik simpatiseer met julle, en ik wil self so vër gaan om te sê dat ik net so sterk „Hertzogiet” is als jij, maar 'n man in mijn posisie kan nie gaan kante neem nie. Ons moet lewe en ons moet ons skik naar die omstandighede van die land. Als ik mij als „Hertzogiet” verklaar dan krijg ik rusie met m'n baas, en ik kan dit nie doen nie. Wat sal dan van mij word?”

„Jij kan mos weer 'n ander betrekking krijg” sê Rijk.

„Waar, vrâ ik jou?” antwoord Gert „kijk, jij kan vir jouself sien dat al, of bijna al, die winkeliers in die land Engelse is. Als ik die „sack” krijg dan sal ik, vir dieselfde rede, nerrens anders 'n plek krijg nie.”

„Maar” sê Rijk „die mense is nie almal so bekrompe nie.”

„Jij mag dit denk, maar jij is verkeerd. Jij sal jou verwonder hoe baing 'n man se politiek met sijn besigheid te doen het. Ik erken dit behoer nie so te wees nie, maar die toestand van die land is vandag só, en die gevoel is só bitter, al word dit weggesteek, dat 'n mens nie meer daarvan kan wegkom nie.”

„Maar, tog” sê Rijk „ik denk 'n Afrikaner moet opkom vir sijn opinies. Die Engelse sê van ons wat hul wil, en ons moet maar stil blij. Dit is bij ons al die gewoonte geword dat ons moet stil sit en maar alles insluk wat hul van ons sê.”

„Dit is reg genoeg” antwoord Gert „ik denk ook dat ons te verdraagsaam is, maar dit is alles goed en wel. Jij kan maak wat jij wil, maar ik nie. Ik moet mij skik naar mijn omstandighede.”

„Wel” vervolg Rijk „ik kan dit om die waarheid te sê nie varstaan nie. Ons is in Suid Afrika in die meerderheid. Dit behoer net andersom te wees. Ons het tog die reg om te sê wat ons wil. Waarom kan ons dit nie doen nie?”

het nie. Hierin het hulle ook volkome gelijk gehad, want dit was weer die kwessie van iemand wat per-beer om twee here te dien. Hulle wou ter-wyl hulle die Afrikaner tot vriend hou, die Engelse ook, soos hul sê, konsiliëer maar dit is iets wat, volgens mijn beskouing, onmogelik is, viral als die konsiliatie net van een kant kom. Mijn ondervinding vir wat dit wêrd is, toon mij dat Boer en Brit nooit in vrede saam sal lewe vir lank nie, en ik sien ook geen kwaad daarin om dit ronduit te sê nie. Maar laat ons liever die sake nou laat staan en ons net met feite bemoei. Wat ook al voorheen gebeur het, die posisie in 1914 was so: 'n deel van die Afrikaanse bevolking het die toenmalige ministerie die bekende Botha ministerie, waarvan Botha die touwleiër was en Jan Smuts die drijwer, ondersteun en 'n ander deel, die wel destijds, behalwe in die Vrijstaat in die minderheid was, het hul eië partij gevorm en, alhoewel hul klein begin het, het hulle meer en meer die regering gaan teën werk totdat hulle selfs in die Kaap Kolonie, 'n groot invloed gekrij het.

Van die laaste partij was Rijk Renier een van die voorstanders, en hij was sekretaris van die distrik bestuur. Zijn politieke geloofsbelijdenis was opgesom in die één woord „Afrikaner”, en om die reine waarheid te sê, is dit die drijfveer van elke lid van die partij. Die verskil tussen die twee partijë bestaan vandag nog, so dat dit nie nodig is nie om dit uit te lê. Maar als dit nodig was dat dit moet gedoen word dan sou dit doodgewoon so wees: Hulle is altwee Afrikaans gesind maar die nuwe partij weet dit en die ouë partij vergeet dit pertijmaal. Dit is nie hier die plek om te sê nie, wie is reg en wie is verkeerd: elke man moet vir homself besluit.

Rijk Renier was een van die soort mense, die nooit 'n ding half en half doen nie, want als hij besluit het om 'n ding aan te pak, dan doen hij dit met hart en siel. Hij het sijn best gedoen om Gert so vër te krij dat hij opentlik moet verklaar dat hij, wat toen genoem is „Hertzoglet” was, maar hij kon dit nie reg krij nie. Gert was gewoon om, soos 'n egte besigheds

man gewoon'ik doen, dinge kalm en bedoord van al-kante te beskou, te bereken wat die uitslag van 'n sekere aksie sou wees, of wat die gevolge kon worde. Een dag, toe hulle naar gewoonte weer bij Rijk op sijn kantoor, argumenteer, sê Gert:

„Kijk, Rijk, laat mij jou nou die ding duidelik maak. Ik simpatiseer met julle, en ik wil self so vër gaan om te sê dat ik net so sterk „Hertzogiet” is als jij, maar 'n man in mijn posisie kan nie gaan kante neem nie. Ons moet lewe en ons moet ons skik naar die omstandighede van die land. Als ik mij als „Hertzogiet” verklaar dan krij ik rusie met m'n baas, en ik kan dit nie doen nie. Wat sal dan van mij word?”

„Jij kan mos weer 'n ander betrekking krij” sê Rijk.

„Waar, vrâ ik jou?” antwoord Gert „kijk, jij kan vir jouself sien dat al, of bijna al, die winkeliers in die land Engelse is. Als ik die „sack” krij dan sal ik, vir dieselfde rede, nerrens anders 'n plek krij nie.”

„Maar” sê Rijk „die mense is nie almal so bekrompe nie.”

„Jij mag dit denk, maar jij is verkeerd. Jij sal jou verwonder hoe baing 'n man se politiek met sijn besigheid te doen het. Ik erken dit behoer nie so te wees nie, maar die toestand van die land is vandag só, en die gevoel is só bitter, al word dit weggesteek, dat 'n mens nie meer daarvan kan wegkom nie.”

„Maar, tog” sê Rijk „ik denk 'n Afrikaner moet opkom vir sijn opinies. Die Engelse sê van ons wat hul wil, en ons moet maar stil blij. Dit is bij ons al die gewoonte geword dat ons moet stil sit en maar alles insluk wat hul van ons sê.”

„Dit is reg genoeg” antwoord Gert „ik denk ook dat ons te verdraagsaam is, maar dit is alles goed en wel. Jij kan maak wat jij wil, maar ik nie. Ik moet mij skik naar mijn omstandighede.”

„Wel” vervolg Rijk „ik kan dit om die waarheid te sê nie varstaan nie. Ons is in Suid Afrika in die meerderheid. Dit behoer net andersom te wees. Ons het tog die reg om te sê wat ons wil. Waarom kan ons dit nie doen nie?”

„Ja” sê Gert „dit is nou al so.”

„Jammer genoeg” sê Rijk toe gauwer ons dit verander hoe beter. Ek sal jou nou nog bekeer en op die regte pad bring.”

„Dit is nie nodig nie. Ek is net so 'n goeie Afrikaner als jij, maar mijn omsandighede laat mij nie toe om daarmee uit te kom nie.”

„Nee, jong” sê Rijk, terwijl hij opgewonde word „daar is jij verkeerd. 'n Man kan nie 'n ware Afrikaner wees nie, wat bang is om dit te laat sien.”

Gert antwoord nie daarop nie. Hij wis dat dit waar was, soos hij gesê het in s'n hart is hij net so'n goeie Afrikaner als Rijk maar waar hij bij hom moet agter staan is dat, alhoewel 'n man dit goed kan meen, hij niks kan uitvoer om die saak te help deur stil te sit. Hij moet erken dat, als alle Afrikaners maak soos hij maak, daar naderhand geen nasionaal gevoel in die volk sal wees nie. Als daar nie mense is nie wat voortdurend veg vir die nasionaal bestaan, sal die Afrikaanse volk naderhand net so word soos die Skotte, wat wel vandag sê hulle is daarop trots dat hul Skotte is en nie Engelse nie, en wat nie eers hul eie taal kan praat nie. Die verskil tussen Skot en Brit is nie die selfde voet als Vrijstater en Transvaler. Verskil is daar nie Die Engelse noem Generaal Hertzog 'n fanatiek. Dit kan wees, maar d's jammer dat ons nie almal sulke fanatieke is. Ons het sulke mense nodig, anders is die Afrikaner net nou, nes die Skotte, die, alhoewel hulle baie groot praat oor hul tradisies en volk, geen volk meer is, maar net 'n afdeling van die volk uitmaak, die hulle vir honderde jare verdruk en uitgevoer het. 'n Skot sou erg verbaast staan als 'n mens hom vertel dat R. Bruce en Wallace fanatieke was maar hul het meer van de Engelse gesê dan Hertzog ooit gedaan het. Bruce het jare lank teen hulle gevegen hij het als 'n fanatiek gevegen—vir dieselfde dinge waar ons naar smag, en hij word vandag deur die Engelse self ge-eer als 'n held. Maar ons is fanatieke misdadigers. Sokrates het gesê „Mens, ken jouself”, maar ik sê „Afrikaner ken jouself, en laat jou ken.”

Hoofstuk V.

VERLIEF.

Kroonstad, alhoewel dit teenswoordig 'n tamelike groot dorp is, is ook maar 'n tamelike stil plek op maatskappelik gebied. Daar was nie soos in die Kaap of in Johannesburg theaters en allerhande sulke dinge om 'n mens afleiding te gee nie als die werk klaar is. Daar is natuurlik die bioskoop, wat teenswoordig die wereld inneem maar daarvoor word 'n mens gauw moeg en 'n mens het daar in 'n korte tijd genoeg van. Die mense, wat in so'n plek woon, smag altyd naar iets nuws om hulle tijd mee te verdryf, vir al oordag. Daar is in Kroonstad natuurlik, die rivier waar 'n mens met 'n skuif op kan gaan roei, maar dit kan 'n mens ook nie elke dag doen nie en nog vermaak daarbij kry. Dan, in 'n klein plekkie, waar iedereen mekaar ken, word daar 'n behoefte gevoel om nuwe gesigte te sien. So het in Kroonstad, soals in alle klein plekkies, waar die trein deur loop, die gewoonte ontstaan om naar die stasie te gaan om die trein te sien deur gaan en om, vir al naar die mense te kyk wat daarin is. Biesonderlik het die gewoonte geword om Sondag namiddag, als 'n mens nie ander dinge mag doen nie, sijn k'sklere aan te trek en vier uur, als die mail van Bloemfontein virby kom, stasie toe te gaan om daar die tijd deur te bring. Dit is moeilik om te sê hoe die gewoonte ontstaan, maar in bijna elke dorp in Suid Afrika is daar 'n plek en 'n tijd waarheen en wanneer die mense almal naar toe gaan om mekaar te sien en te laat sien. In die Kaap, bievorbeld is daar verskeie sulke plekke en tye. Saterdagand in die Pleinstraat wemel dit van die kaapse volk en Sondagand is Adlerleystraat so vol van die Slamsse element dat 'n mens daar bijna nie kan deur kom nie. Sondagmiddag is daar die p'rhoof en Kampbaai vir die middel slag witmense. Johannesburg en Pretoria het ook dergelike gewoontes. Rotton Row in Londen, is bekend als die bjmekaarkom plek van

die rijk mense en die adel. Kaapstad en die ander dorpe in Suid Afrika sal ook wel hul plekke hê waar die rijke en die kortgedoopte „Sirs” gaan om hul soort te soek, maar terwyl dit nog nie wereldbekend is nie, en ik self nog arm is, het ik die plekke nog nie kon raak loop nie en ik kan julle nie sê nie, waar dit is. Ik sien ook maar min kans om die plekke ooit te sien, want rijk sal ik nooit word nie en daar ik hoop om, nooit iets te doen wat teen die belange van die Afrikaanse volk is, sal ik nooit 'n „Sir” kan word nie.

Maar in die dae was daar in Kroonstad nog geen nagemaakte adel, en rijk mense was maar skaars, sodat daar meer één plek was, waar die mense op die manier bijmekaar kom om mekaar te sien en te kritiseer, en dit was op die stasie.

So het, op 'n goeië Sondag middag, Gert en Rijk Renier naar die stasie toe gegaan om te gaan kijk wat aangaan. Toen hulle bij die stasie aankom was hulle nog 'n bietjie te vroeg vir die trein, maar daar was daarom al 'n klomp mense. Tot hulle verbasing sien hulle ou Verwij en sijn seun ook daar. Dit was, 'n seldsaamheid dat die ou kerel in die dorp was, maar dit was glad 'n wonder dat die ou hier op die stasie was.

„Wat sou dit beteken?” sê Gert.

„Hij kom seker iemand haal” sê Rijk „anders sou die ou nie hier wees nie. Hij is mos half menseskuw.”

„Ik het hom gistermiddag in die winkel gesien, maar ik dag hij is woer weg.”

„Ik sal vir Hans vrâ” sê Rijk, en hij stap naar hom toe. Na 'n tijdje kom hij terug en sê:

„Hans sê hulle kom 'n niggie van hom ontmoet wat uit die Kaap kom”

„So!” antwoord Gert „ik wis nie dat hulle nog familie het nie”

„Nee, ik ook nie” sê Rijk „maar hulle sal wel familie hê maar hulle praat nooit daaroor nie. Hans het ook nog nooit oor hul familie gepraat nie. Ik wonder waarom hulle so stil is oor hul sake. Gewoonlik is 'n mens maar te geneë om oor sijn eige omstan-

dighede te praat. Ik wonder." Rijk het verder niks gesê tot dat die trein inkom, en toe, met die verbijgaan van een van die waens sien hij daarin 'n vriend, die 'n prokureur was in een van die meer noordelike dorpe van die Vrijstaat, en hij gaan naar hom toe om te gesels en om die nuws te hoor. Hij laat Gert alleen daar staan.

Gert, die ook gewonder het wat soort van famielie die Verwij's kan hê, besluit, daar hij niks anders te doen het, om hulle op te let en te sien wie dit is wat hulle kom afhaal. Hij stap toe agter hulle aan, maar blij 'n endjie agter hulle, sodat hul nie moet merk nie, dat hij hulle oplet. Dit was nie lank nie of hulle blij staan voor die deur van 'n eerste klas rijtuig, waaruit 'n meisje stap. Sij was iets oor die twintig jaar oud, netjes gekleed naar die laaste mode en sij was mooi, so mooi dat Gert sijn oë nie van haar kon af hou nie. 'n Weelde van swarte haar had sij, met lewendige blouwe oge en 'n mondjie wat lijk of dit net gemaak was om te soen. Gert het hom nooit tevore veel met die vrouwelike geslag bemoei, alhoewel hij veel met meisjes omgegaan het. Hij was nog nooit op 'n meisje biesonderlik verlief gewees nie, maar hierdie meisje skijn 'n soort van aantrekingskrug vir hom te hê. Hij het daar soos 'n onnosel mens naar haar gestaan en kijk terwyl sij haar oom en neef groot. Twee dinge het hij opgelet. Sij had 'n welgesete figuur, nie te groot, en nie te klein, en net, soos hij nou denk, soos 'n meisje moet wees. Die ander ding wat hij op gemerk het was dat sij en Hans Verwij vir mekaar vreemdelinge was. Hij kon nie hoor nie wat hulle sê maar hij kon sien uit die gebare van die ou man en die manier wat die twee mekaar aankijk, dat hulle aan mekaar voorgestel word en dat hulle mekaar vir die eerste maal sien. Na hulle 'n paar minute daar staan gesels het, roep Hans 'n portier en hij laat die goed uit drâ en hulle stap weg. Masienaar stap Gert ook agter hulle, op 'n klein distansie aan. Toen hulle buite die stasie kom, sien hij dat hulle die goed op ou Verwij se eië kar laai en hij het 'n tijdje daarna gestaan en kijk. Die trein was

bij die tijd al weg en terwyl hij nog daar staan en droom, kom Rijk uit en vat hom aan die arm.

„Kom, Gert” sê hij „kom ons loop. Ik dag jÿ was weg. Ik kon jou nrens sien nie.”

Gert antwoord nie, en staan nog half ingedagte naar ou Verwij te kijk, die net in die kar klim. Rijk kon nie sien nie wie meer in die kar was, want die kap was op. Hij merk, egter, dat Gert hom maar half gehoor het, en dat sijn gedagte op die kar was.

„Wat mankeer” vra hij

„Nee” antwoord Gert „ik kijk somar.”

„Kijk somar né” sê Rijk. „En naar wat kijk jÿ. Daar is mes niks biesonders aan ou Verwij te sien nie.” Toe val dit hom bij, en hij virvolg: „O! so né Jij kijk naar die niggie né. Het sij gekom?”

„Ja, sij het gekom.”

„Hoe lijk sij?” vra Rijk.

„Hoe meen jÿ” vra Gert

„Ik meen, is sij mooi. Lijk sij naar die Verwijs.”

„Wel” sê Gert, „sij is tamelik mooi, maar sij lijk niks naar die Verwij's nie”

„Sij is daarom mooi genoeg dat jÿ agter haar aan moet staan en kijk, né” spot Rijk. „Jÿ moet oppas. Ou Verwij lijk mij van die soort, wat sijn goel sal oppas met behulp van 'n tweeloop haëlgeweer.”

„Moet nie nonsens praat nie” antwoord Gert. „Kom ons loop.”

Hulle gaan toe weg. Rijk het verder niks oor die nuwe aankomeling gepraat nie, en het goww die hele gebeurtenis vergeet. Maar Gert nie. Hij kon sijn gedagte nie van die meisje afkrij nie en, alhoewel hij verplig was om Rijk nou en dan antwoord te gee op wat hij sê, was dit so veel als wat hij kon doen om Rijk nie te laat merk nie dat hij glad nie ag gee nie op wat hij sê. Toe hulle eëndelik uit mekaar gaan het hij sijn gedagte vrij laat gaan. Hij wou die meisje ontmoet en uitvinde wie sij was. Hij wis dat dit ou Verwij s'n gewoonte was om bij die winkel uit te span, als hij dorp toe kom, maar daar hij nog nooit gesien het, dat die ou in die dorp oorblij, wis hij nie waar hij sou thuis gaan. Dit was natuurlik moontlik dat hulle so-

maar die selfde middag sou uitrij naar Klippan toe, waar ou Verwij woon, maar Gert dag nie dat hulle dit sou doen, omdat dit Sondag was. Hij stap toe naar die winkel om te kijk of die kar nog daar was. Toen hij daar kom was die jong, 'n ou hotnot, die jare gelede met ou Verwij in die distrik gekom het, net besig om uit te span. Die ou jong, wat die naam had van Geelbek, was 'n snaakse ou skepsel, maar hij was erg getrouw aan sijn baas. Hij was baing geselsrig maar niemand het ooit gehoor dat hij van sijn baas se beigheid praat, en, alhoewel baing mense perbeer het om hom te pols oor sijn baas se sake, het dit nog noci. geluk nie. Hij was tamelik oorlams en, toen hij Kroonstad toe kom het hij gouw gemerk dat die mense van hom wil uitvindle waar sijn baas vandaan gekom het en alles oor hom. Hulle het hom gewoonlik twak of so iets gegee, en nou en dan 'n sopie om hom spraakzaam te maak. Hij het gouw gemerk dat dit tot sijn voordeel sou wees als hij hom hou of hij groot geheime kon vertel als hij wil want die mense kon hul nuwskierigheid nie baas raak nie en dan trek Geelbek daar voordeel uit. Maar die waarheid was dat Geelbek net so min geweet het als die mense self, want ou Verwij het hom, met sijn rit naar Kroonstad, langs die pad genuur en het hom maar drie dā gehad toen hij daar kom. Maar Geelbek was te slim om dit te laat uitkom en het die mense altijd onder die indruk gehat dat hij met sijn baas groot geword het, en meer kon vertel dan hij wou.

Toen Gert hom sien sē hij:

„Wat maak jij hier Geelbek?”

„Ik gaan die pērde in die stal sit Baas”

„Ik dag julle is al weg plaas toe.”

„Nee, mij baas.”

„Bij die ou Baas dan vanaand in die dorp.”

„Ja! mij Baas.”

„Sol” sē Gert, en hij blij 'n tijd stil. Toen vrā hij: „En waar is die ou baas thuis?”

„Hulle is bij Missies Nel se huis baas. Die nonnie, ook.”

„Watter nonnie?” vra Gert, en hij maak of hij van haar niks af weet nie.

„Baas weet mos” antwoord ou Geelbek, terwyl hij glimlag, of liewer grins, want die ou se gesig is so geplooi dat 'n mens dit nie 'n glimlag kan noem nie.

„Hoe sal ik weet?” vra Gert.

„Kijk baas!” sê die Hotnot, „baas het haar mos bij die stasie gesien. Ik het gesien hoe baas naar haar staan kijk het.”

Gert merk toen dat dit hom niks help nie om hom onnosel te hou en vra:

„Wie is sij Geelbek?”

„Di's 'n niggie van die ou baas, mij baas.”

„Ja, maar ik meen, wat is haar naam?”

„Ik weet nie baas.”

„Hoe kan jij nie weet nie? Jij blij dan bij die ou baas. Jij moet mos weet.”

„Nee baas” antwoord Geelbek „dis waar. ik blij bij die ou baas, maar ik weet nie. Ik het die naam gehoor, maar ik het dit vergeet.”

Gert wou toen nie verder vra nie, want hij wou nie laat sien nie dat hij te nieuwskierig was. Geelbek sou wel die meisie haar voornaam weet, maar hij wou nie te veel vra nie. Geelbek was ook al die geheim-sinnigheid so gewoon, dat hij miskien sou aangehou het om te sê dat hij nie weet nie, al wis hij dit. Gert voel dit sou niks help om verder te vra nie. Hij gee toe vir Geelbek 'n sikspens en gaan weg.

Hij begin nou planne te maak hoe om die meisie te ontmoet. Hij kon nie bra gaan vra nie om die ou kerel te sien, want hij het op die oomblik geen besigheid om hom oor te sien nie, en om die ou 'n vriendskappelike besoek te bring sou ook nie gaan nie, want dit is iets wat hij nog nooit te vore gedoen het en dit sou te veel in die cog loop. Die mense bij wie hulle thuis was, ken hij goed, en was al 'n tijd gelede, bij hulle aan huis geweest. Hij besluit om maar sijn skroomheid op ij te sit en vir die Nels te gaan kuiër. Daar was niemand van hulle, wat hij besonder wil sien maar dit is die enigste plan waar hij oor kan denk. Gelukkig was daar 'n paar jong meisies, dogters van

Mrs. Nel, en hulle sou natuur'ik denk dat hij gekom het om hulle te sien, en nie om die vreemdeling, waarvan soos hulle dan sou denk Gert nie eers weet nie.

Toen Gert die aand daar kom was net die één meisje Nel thuis, en, na s'j Gert gevra het om in te kom, vertel sij hom dat die ander kerk toe is. Van die Verwijs sê sij niks. Gert gaan toen sit en gesels 'n beetje met juffer Nel, maar d't was 'n moeilike konwersasie. Hij sit al die tijd naar die klok te kijk om te sien of dit nie al tijd was nie, dat die kerk moes uitkom. Dit het moeilik gegaan om die gesprek aan die gang te hou en pertijmaal sit hul vir 'n lang tijd stil en sê niks. Die meisje moet gedenk het, dat Gert een van die onnose's e mense moet wees wat leef want hij het niks vir homself te sê nie. Gert kon sien dat sij al begin ongeduldig te word. Na 'n hele tijd word daar aan die voordeur geklop. Gert word somar blij, want hij denk dis nou die mense wat van die kerk kom. Juffer Nel gaan naar die voordeur en Gert hoor twee mense saggies praat, en ook 'n geluid wat baja gaan of daar gesoen word. Kort daarna kom sij weer in, en met haar een van die jong kerels van die dorp. Dit was blijkbaar 'n vrijsaar en onder ander omstandighede sou Gert so gouw moontlik geloop het, maar hij reken hij het nou al so lank 'n martelaar van homself gemaak, dat hij maar nog 'n beetje langer sou blij. Om derde mannetje te speel was vir hom geen pret, maar hij was nou hier, en hij meen om te blij. Die jongkerel het hom tamelik suur aangekijk toe hij inkom en dit was lig te sien, dat hij gehoop het om sijn nootjie alleen te sien en dat hij teleurgestel was.

Die konwersasie was nie erg geest'ig nie, want Gert had niks te sê nie, en die ander twee wou nou nie eintlik oor dit en dat gesels nie. Hulle sou liever op die stoep gaan sit het, waar hulle mekaar die hand kon gehou het, of mi-skien arm om die lijf kon gesit het en naar die sterre kijk, want, soos ander mense mij vertel, is dit die manier wat 'n vrijsaar hul tijd verdrijf.

Maar Gert was nie van plan om nou, na hij al so

lank daar was, in te gee nie en hij is gedetermineerd om nou die ding deur te sien.

Eindeelik, na hij van die ander twee al lewenslange vijande gemaak het, hoor hij mense die stoep opkom en hij kon amper nie 'n sug van verligting onderdruk nie. Daar kom hulle. Mrs. Nel stap die voorkamer in, gevolg deur haar ander dogter, ou Verwij en Hans. Maar die meisie was nie daarby nie. Gert was so teleurgestel dat hij bijna nie die ander mense kon groet nie. Daar werd ook niks van haar gesê nie, so dat hij nie eens kon uitvinde nie wie sij was of wat haar naam was. Hij het 'n tijdje gesit en gesels om nie te laat sien nie dat hij teleurgestel is, en toe gaan hij weg. Juffer Nel verwonder haar vandag nog oor wat hij die aand daar kom maak het, en of hij mischien naar haar kom vrij het. Als dit die rede was dag sij, sou sij hem maar laag geskat het als 'n vrijer, want hij sit maar net daar nes 'n mens wat oorbluf is. Sij had 'n ander idee van vrij als dit, en so'n stadige kerel beteken bij haar niks.

Gert is toe maar met sijn teleurstelling naar huis. Min wis hij dat sijn godin, so als sij nou al in sijn gedagte geworde was, al die tijd in die huis was, maar dat, omdat sij moeg was van die lang reis van die Kaap af, sij vroeg gaan slaap het. Maar Gert kon die nag bijna nie slaap nie, want hoe meer teleurgestel hij voel, hoe meer trek sijn hart naar die meisie, en hoe vaster word sijn besuit om haar te ontmoet. Hij val naderhand in slaap en droom dat hij deur 'n rivier swem en dat op die anderkantse wal die meisie vir hom staan en wag. Hoe meer hij swem, hoe verder drijf hij agteruit, tot hij eindelijk weer wakkerskrik.

Hij draai hom om, om weer te slaap, en, terwijl hij die kombêrse reg trek se hij:

„Ik sal haar ontmoet, al bars dit.”

HOOFSTUK VI.

HAAR ONTMOET.

Die anderdag môre, toe Gert wakker word, was dit nog baie vroeg, en hij besluit om so gouw moontlik naar die winkel toe te gaan om te sien of hij die Verwij's nie daar kan voorlê nie, als hulle kom inspan. Hij was lank voor sijn gewone tijd daar, maar hij was weer teleur gestel. Toe hij daar aankom was daar nog niemand van die ander winkel-mense daar nie, maar ou Geelbek was toe net besig om in te span.

"Môre, mij baas" sê ou Geelbek.

"Môre", antwoord Gert. "Jij span vroeg in."

"Ja, mijn baas" en ou Geelbek, die seker weet waar Gert die vorige aand deur gebreng het, en raai wat hij hier so vroeg kom soek, kijk hom skuins aan en vervolg; "En Baas is vanmôre vroeg bij die werk"!

"Ja" sê Gert, "ik het vandag baie werk."

"Ja, baas" sê Geelbek, en hij grijns net.

Na 'n tijd vra Gert hom: "waar is die ou baas?", en Geelbek vertel hom hij is nog bij die Nels s'n huis en dat hij hul daar moet gaan oplaai. Toe was die hoop van Gert om hulle te sien virbij. Hij kon nie bra weer daaraan gaan nie. Die mense sou denk dat hij skierlik mal geword het. Hij was virplig om maar solank een of ander werk daar in die agterplas te doen om ou Geelbek sand in die oë te gooi, iets wat hom nie geluk het nie, want die Hotnot was te oulik. Net toe hij die agterplaas uitrij sê die ou, met weer een van sijn grijns-glimlaggies, wat hom meer naar 'n aap laat lijk dan naar 'n mens:

"Dag, mijn basie, ons rij van Missies Nel se huis reguit plaastoe, en die nonnie gaan saam."

Gert sê niks, maar staan agter die Hotnot aan te kijk, alsof hij hom 'n goeie pakslaë toewens vir sijn parmantigheid. Hij was kwaad omdat dit duidelik was dat die ou Hotnot geraai het wat sijn doel gewees het met so vroeg daar te kom en ook omdat hij sijn doel nie bereik het nie. Toe die ander klerke daar kom merk hulle gouw dat Gert die môre met die verkeerde voet uit die bed gestap het. Hij was die hele dag nors en nukkerig.

Maar al die teleurstellinge het net sijn ijwer vuriger

gemaak. Hulle sê dat dit net die dinge is wat 'n mens nie kan krij nie, wat hij die meeste wil hê. Hoe ook al, Gert was nou gedetermineerd om kennis te maak met die meisie en hij begin planne beraam. Hij het dikwels, als besigheid in die dorp stil is, en daar nie veel te doen is nie, in die distrik gaan rond rij om bij die boere wol te koop, of oor ander besigheid, maar, daar ou Verwij so nors en menseskuw was, en die ou gewoonlik sijn wol self dorp-toe bring, was hij nog nooit op Klippan gewees nie, en hij besluit om met die eerste die beste geleentheid daarheen te gaan. Dit was nie te lang nie, of hij voer sijn plan uit. Hij had 'n motorrij wiel en kon gouw daar kom. Maar om net daar te kom en vir 'n uurtjie of so onnodige besigheid met ou Verwij te praat was nie naar sijn sin nie. Hij wou 'n hele tijd daar blij. So rij hij een Vrijdag middag daarheen so dat hij net met sononder daar aankom. Die ou man was daar en ontmoet hom voor die stoep, maar Hans was ergens in die veld of bij die krale.

“Dag Boshoff” groet die ou kêrel, “wat kom soek jij hier”?

“Dag, oom” antwoord Gert, “ik rij bietjie rond om te sien hoe dit met vanjaar se wol gaan. Ons wil graag vooruit weet meer of min hoeveel wol daar sal wees, en ik stel somaar bietjie ondersoek in.”

“Sol” sê die ou, “is dit so”? en hij kijk Gert 'n bietjie skeef aan, soveel als te sê “Dit is nou 'n nuwigheid.” Hulle het mekaar die gewone vraë gevra oor die boerdery en die nuws in die dorp, en eindelijk sê Verwij:

“Kom ons gaan huis-toe.”

Hulle stap toe naar die huis en gaan op die stoep sit. Die ou man roep naar iemand in die huis en sê:

“Cora, bring vir ons bietjie koffie”

Hulle het toe weer vir 'n tijd oor dit en dat gesels, virnaamlik oor wol en velle, en eindelijk kom Cora met die koffie, soos Gert verwag het was Cora niemand anders als die niggie, die meisie die hij so gesukkel het om te ontmoet. Gert staan op en wil die skenkbord van haar neem, maar sijn sê:

“Nee, laat maar staan, ik sal self vashou. Neem maar vir jou.”

Na sijn hom en ou Verwij hul koffie gegee het, sit sijn die

skenkbord neer en kom om Gert te groet. Toe val dit ou Verwij bij dat hulle mekaar nie ken nie en hij sê: "Dit is mij niggie, Cora Kemp. Dis meneer Boshoff", en verder sê hij niks.

"Aangenaam" sê Gert net terwyl hij haar hand neem, maar sij groet sonder om iets te sê. Toe gaan sij sit, en Gert en die ou man begin weer oor besigheid te praat, maar nou was Gert nie so ernstig oor die wolopbrengs nie, en nou en dan, als hij naar Cora kijk, dan wens hij dat die wol naar sijn grootjie wil gaan. Eindelik staan die ou kerel op en sê:

"Kom ons gaan naar die kraal toe, dan kan jii die skape self sien en oordeel hoe dit met die wol staan." Gert was virplig om saam te gaan.

Gewoonlik het hij 'n groot belang in skaapboerderij gestel, want dit was sijn besigheid, maar nou sou hij liewers daar op die stoep geblij het. Toe hulle bij die kraal kom, krij hulle Hans daar. Hij het Gert vriendelik genoeg gegroet, maar het verder nie veel notisie van hom geneem nie. Hulle was nie van die soort nie wat goed met mekaar kon klaarkom, want hulle was te verskillend van natuur. Hans was 'n stil man en had nie veel te sê nie. Hij had ook gewoontes wat Gert nie gehad het nie en als Hans in die dorp is, sien hulle maar min van mekaar, want Hans het gewoonlik sijn tijd in die Hotel deur gebring, met kaartspeul. Sijn maters was mense wat meer op die reisesbaan tuis is dan ergens anders. Hij was gewoonlik besig om pêrde te dresseer vir die reises of om pêrde te koop, en dit was dinge waar Gert geen tijd voor had. Hij het veel van 'n pêrd gehou en was 'n goeie kenner van 'n pêrd, maar vir reises had hij geen smaak nie, en om met mense om te gaan wat heel dag van niks anders praat als "seven stone six" en "three to one against" was vir hom nie aangenaam nie. Op die manier het Gert en Hans, alhoewel hulle mekaar goed ken, maar min met mekaar te doen gehad.

Hulle het toe 'n tijd naar die skape gestaan en kijk, en die wol bespreek, en toe gaan hulle huistoe. Dit was toe al donker en Verwij sê:

„Jij moet maar vanaand hierblij. Jij kan nie in die donker verder rij nie.

„Dankie, ja” antwoord Gert met 'n ware gevoel van

dankbaarheid, want dit was persies wat hij wou hê. „Als dit tenminste nie moeite is nie”.

„Nee” antwoord Verwij „moeite is dit nie” en hij sê aan Cora, die net toe inkom, dat sij die spaarkamer vir Girt aan die kant moet laat maak. Hulle gaan toe aan tafelsit en onder die gesels merk Gert dat ou Verwij hom van tijd tot tijd weer goed bekijk en eindelijk sê hij:

„Maar, meneer Verwij, waarom bekijk jij mij so?”

„Neef, antwoord die ou man, terwijl hij sijn mes en furk neer sit „ik het altijd die idee datik jou al tevore gesien het, maar ik kan nie denk nie waar.”

„Dit is molik, oom” antwoord Gert, „maar ik glô nie. Buiten die vijf jaar wat ik in Bloemfontein op skool was, het ik maar altijd in Kroonstad gewoon.”

„Wel” sê die ou toe „in Bloemfontein was ik nooit ge-wees nie, so kan dit nie daar wees nie. Maar van dat ik jou die eerste maal gesien het, was dit altijd of jij mij aan iemand herinner, maar wie dit is kan ik nie denk nie.”

Vir 'n tijd het ou Verwij stil gesit, terwijl Gert oor een en ander sit en gesels, en toe vra hij

„Waar is jouw ouers?”

„Mijn moeder is dood, oom, en mijn vader woon in die Kaap.”

„So” sê ou Verwij half in sigself „maar waar kom hij oorspronkelijk vandaan”.

„Hij kom uit die Kaap, oom” antwoord Gert. „Hij het, lank voor mijn geboorte hierheen gekom, en toe mijn moeder sterf, het hij sijn besigheid opgegee en weer Kaap toe gegaan”

„Wat maak hij nou?”

„Nee, niks, oom, hij lewe van sijn rente.”

„En” gaan die ou voort „kan jij jou herinner dat jij mij ooit te vore gesien het?”; en die ou kijk Gert skerp aan, so dat hij die gedagte krij, dat daar iets agter die vraag skuil. Hij het 'n tjdjie na gedenk, maar toe antwoord hij:

„Nee, oom, ik glô nie dat dit kan molik wees nie.” Daarna het die ou hom nie veel in die konwersatie gemeng nie, en het verder in stilte klaar geëet. Hij was, dag Gert, vrindeliker dan sijn gewoonte was, maar dit sou seker wees omdat Cora daarbÿ was. Die ou kèrel het 'n eensame lewe geleï, want van Hans s'n geselskap

had hij nie veel nie, en daar deur het hij seker nors en menseskuw geword. Gert dag, dat dit maar net nodig was om hom uit sijn dop te laat kom, nes 'n skilpad als jii sijn rug krap. Gert het tot die konklusie gekom dat die ou man vrendelik genoeg kon wees, maar dan moet 'n mens hom beter ken. Hij was, om die minste daarvan te sê, eksentriek, en daar was geen kwaad in hom nie. Hij was misskien nie gewoon nie om met mense om te gaan, en daarom was hij so gereserveer en in sigself getrokke als hij in die dorp kom.

Na die ete het Hans, wat die hele aant bijna niks gesê het, op gestaan met die opmerking, dat hij sijn pèrde moet gaan besorg, en hij gaan uit. Kort daarna gaat die ou man ook weg om naar een of ander werkje te gaan kijk, en Gert en Cora was alleen. Hulle het eers cor allerhande alledaagse dinge gepraat en toe vra Gert:

„Ik hoor jii kom nou uit die Kaap?”

„Ja”, antwoord sij: „Ik was daar op skool in die Good Hope Seminary”.

„En wanneer gaan jii weer terug?” vra Gert.

„Ik gaan nie weer terug nie. Ik kom hier blij” antwoord sij. Gert wou nie verder vrâ nie, maar sij gaat self aan.

„Mijn ouërs is al lank al dood en oom Hendrik en Hans is al familie wat ik het. Mijn ma en Tante Annie was susters”.

„So” sê Gert toe. „Ik is blij om te hoor dat jii nie weer weg gaan nie. Maar ik vrees die plaas sal vir jou baing eenzaam wees”.

„Ja, ik vrees ook so. Maar ik kan dit nie help nie. Bedelaars kan nie kies nie.”

„Jii moet daarom jouw oom vrâ om jou baing dorp toe te laat kom. Ik hoop dat als jii kom, jii mij sal toelaat om te doen wat ik kan om dit vir jou plesierig te maak.”

„Dankie” antwoord Cora „maar oom Hendrik gaan so selde dorp toe, dat ik nie glô nie dat ik veel kans sal hê om in te gaan.”

„Dis waar” sê Gert „maar jii moet maar met die ou 'n plan maak. Of Hans moet jou in bring. Hij kom dikwels genoeg dorp toe.”

Cora sê daarop niks, en dit lijk vir Gert of sij nie denk nie dat sij veel plesier daaruit sou krij om met Hans saam te rij. Gert was daar oor blij, want Hans was op die

oomblik die enigste jongkêrel waar hij voor bang is als 'n mededinger en deur dat Cora nie ander kêrels sien nie, was Hans in die geleentheid om goed van sijn tijd gebruik te maak. Maar als sij Hans nie wou hê nie, had hij, so dag Gert, net so'n kans als enig een. En hij was van plan om die beste van die kans te maak. Hoe meer hij van Cora sien hoe meer hou hij van haar, en toe hij eindelik gaan slaap, was hij dood verlief op haar. Soos dit met 'n jongkêrel gaan het hij al begin planne te maak vir die bruilof, en bij die tijd dat hij aan die slaap val, was dit al 'n afgehandelde saak. Dit is waar, hij ken haar maar vir 'n paar uur, maar dit was bij hom niks. Die optimisme van jeugd denk nie aan sulke dinge nie, en die vraag of sij hom wel wou neem of nie, het hom nie veel slaap laat verloor nie. Sij het hom met die grootste vriendelikheid ontvang en behandel en dit was vir hom so'n goeie teken, dat hij nie getwijfel het nie dat hij haar liefde sou win nie. Hans was die hinderpaal waar hij die meeste oor gedenk het, maar toe hij hom herinner hoe sij op gekijk het, toe hij voorstel, dat sij met hom moes dorp toe kom, het hij die moeilikheid in sijn gedagte op sij gestoot en is, tevrede met homself en die wereld, aan slaap geraak.

Die anderdag môre, alhoewel Gert vroeg op was, was hij nie te haastig nie om te rij. Onder die ekskuus dat hij graag weer naar die skape wou kijk het hij daar geblij tot na die môre etc. Hans het nie kom eet nie en Gert het hom, om die waarheid te sê, nie gemis nie. Hij sou tevrede gewees het als die ou man ook die môre weg was, en hij alleen met Cora kon geblij het, maar dit kon nie. Die ou man het, bij die ontbijt, gesê dat hij wou uit rij naar een van sijn veepostê toe, en toe kon Gert ook nie anders dan weg gaan nie. Hij het toe gegroet en sijn motorrijwiel gaan haal in die waênhuis, waar hulle dit die vorige aant gesit het. Toe hij in die waênhuis kom, was Geelbek daar, en hij sê:

„Môre, mijn baas”.

„Môre, Geelbek”.

„Baas het gekom. né” sê Geelbek toe „ik het geweet baas sou kom”.

„Hoekom so, Geelbek?” vra Gert.

„Arrie, baas” sê die ou en hij lag tot agter in sijn keel.
„Ik was mos ook eenmaal jonk gewees”.

„Wat meen jij, Geelbek. Wat vir nonsens praat jij?”

„Ik praat nie nonsens nie, mijn basie. Ik het ook, toe ik jonk was gaan skape kijk, baas” Gert begriip heel goed wat die ou hotnot wil sê maar hij was van môre in 'n goeie stemming en om vir die skepsel kwaad te word sou tog niks help nie. Buitendie, Gert was een van die soort wat graag gepla wil wees als hij verlief is. Hulle hou daarvan. Pertijmaal maak hulle of hul erg boos is, maar stilletjies hou hulle daar van. Hij vra toe vir Geelbek:

„Maar, Geelbek, hoe het jij geweet dat ik naar die skape kom kijk?”

„Kijk, baas” antwoord die ou, en weer lag hij lekker „hier is mos nou 'n ooilammetjie.”

„Jou vagebond” se Gert, en maak of hij hom wil slaan, maar hij lag ook van self, dat die Hotnot weet daar is nie gevaar nie.

„Kek, kek, kek!” lag die ou Hotnot, en, terwijl hij die sieling optel wat Gert hom toegooi, sê hij:

„Die ooilammetjie, mijn baas, die ooilammetjie. Ik het geweet.”

Gert wou toe net sijn motor rijwiel aan die gang set om weg te rij, toe hoor hij Cora roep. Hij kijk om en siet haar aankom, met 'n paar briewe in die hand.

„Ag, meneer Boshoff”, sê sij „ik het bijna vergeet. Sal jij nie asseblief vir ons die briewe in die dorp pos nie.”

„Seker” sê Gert „met die grootste plesier. Gee hulle maar hier.”

Na hij die briewe geneem het, groet hij haar weer, en het in gedagte haar hand 'n bietjie langer vas gehou dan die gewoonte is. Hij kon dit bijna nie los nie.

„Jij” moet seker dorp toe kom”, was al wat hij kon sê, en hij staat daar soos 'n dwaas na haar te kijk, en sou miskien daar blij staan het tot Cora kon merk wat met hom verkeerd is, was dit nie dat hij kort agter hom skierlik weer vir ou Geelbek hoor lag. Skierlik los hij haar hand en sê:

„Nou ja, tot siens, Miss Kemp. Ik hoop jou gouw in die dorp te sien. Tot siens”.

„Tot siens antwoord Cora „jij moet weer kom kuier”.

„Dit sal ik seker doen” sê hij, en hij het dit van harte

gemeen. Hij was, in zijn eië gedagte daarvan seker dat hij op die eerste die beste geleentheid die kans sou waarneem om weer te kom. Niks sou hom daar weg hou nie. Hij was die môre net hoog in zijn skik, want hij het Cora nou ontmoet, het met haar kennis gemaak, het lank met haar gesels, en, hij het tot oor zijn ore op haar verlief geraak en daar was, vir hom, niks beter op die aarde. Hij het uit pure geestigheid die motor laat loop so hard als hij kon sodat 'n kaffertje wat onder 'n bos langs die pad gesit het gedag het hij is mal, want hij rij daar virbij soos 'n straal weerlig en hij sing dat dit gons.

HOOFSTUK VII.

OP DIE BASAAR.

Van nou af het Gert in 'n soort van aardse paradys gewoon. Cora het tamelik dikwels dorp toe gekom en, als sij missskien naar sijn sin te lank weg geblij het, dan het Gert gewoonlik 'n ekskuus kon krij om naar Klippan te rij. Pertijmaal het Cora, als daar 'n dans, of so iets, in die dorp aan is, 'n paar daë oor geblij. Pertijmaal het ou Verwij met haar saam gekom en soms was dit Hans die haar inbring. Gert het die ou man verskeië keer in die dorp weer gesien, en, die eerste paar keer was die ou tamelik vrendelik, maar later het hij weer naar sijn norse, nukkerige houding terug gegaan, en dit was vir Gert of hij nou erger was als vroeger. Hij het hom nie erg daaroor bekommer nie, en dag dit was maar weer die ou se ou manier. Hij het nie opgelet nie dat ou Verwij norser dan gewoonlik was als hij hom en Cora in geselskap krij. Gert het, soos jong mense gewoonlik is, sijn vrierij uitgevoer sonder die minste gedagte dat daar ooit enige teënspood bij kon kom. Maar, alhoewel daar wel teënspood sou kom, was dit nie van die kant van Cora nie, want sij was net so verlief op Gert als hij op haar. Dit was nie lank nie of die hele dorp, en meer als die helfte van die distrik wis dat daar, soos hulle sê, „iets aan die gang was”. Soos dit ook gewoonlik in sulke gevalle gaan, is dit die betrokke persone wat die laaste is om te hoor dat die ding nie meer 'n geheim is nie. Ou Verwij wis nie, dat dit al in die dorp die algemene sprake was, dat Gert naar Cora vrij, want hij het so selde met iemand gesels dat niemand ooit 'n geleentheid had om hom daarvan te vertel. Maar hij het self gemerk, dat Gert 'n bietjie daar anlê, en hij was daaroor glad nie te vrede nie. Hij had, soos dit later sal blijk, ander planne, die helemaal nie ooreen sou kom nie met die van Gert, maar hij wis nie hoe om dit aan Gert duidelik te maak sonder om hom dinge te vertel wat hom nie aangaan nie. Hij dag ook dat, daar Gert en Cora nog albei jonk was, die ding nie te ernstig was, en daar tijd was om dinge op die regte koers te bring.

Hans was die eerste wat van die ding gehoor het en op

hom het dit 'n wonderlike uitwerking gehad. Hij het nooit van Gert gehou nie, en was, om die waarheid te sê vir hom bang. Waarom dit was kon hij self nie verklar nie. Hij het hom nooit biesonder met Cora bemoei nie, en het bijna nooit naar haar om gekijk, maar toe hij een dag van een van sijn maats hoor dat daar kans was, dat Cora met Gert sou gaan trouw, was hij kwaad, omdat hij nie graag wou hê dat Gert 'n lid moet word van sijn familie, al was dit 'n aangetrouwde lid. Hij het eers besluit om die ding teeë te werk, louter omdat hij nie van Gert gehou het, maar toe hij bij die huis kom en Cora met meer belangstelling bekijk het, het hij vir die eerste maal tot die besef gekom, dat sijn lief en mooi was, en dat sijn 'n prijs was wat enige jong kèrel kon begeer. Hij raak eindelijk op sijn manier, self op haar verlief. Die gevolg daarvan was dat hij besluit om self met Cora te trouw en Gert in die wiele te rij so ver molik. Hoe hij dit sou doen, wis hijnog nie, maar hij sou dit doen, en, daar hij nie tē fijngevoelig was oor punte van eer, kon dit hom nie veel skeel nie of dit op 'n eerlike manier sou geskiede of nie Tot nou toe het Gert en Hans onwetend, mekaar vermij, en daar was nog nooit eintlik geleentheid gewees vir hulle om rusie te maak nie, maar een dag gebeur daar iets, wat hulle in ope vijandskap teen mekaar gestel het.

Gert was in die kantoor agter die winkel met iets besig, toe hij 'n geskree in die agterplaas hoor, en uit gaan om te kijk wat dit is. Daar sou, die aand 'n Basaar in die dorp gehou word en daar was tamelik boere met hul families in gekom, en, naar gewoonte, het 'n hele paar van hulle bij die winkel, waar groot stalle was vir klante, kom uitspan, Hans was een daarvan. Hij het Cora ingebrenge vir die Basaar, en, daar hij self sijn tijd nodig had, het hij ou Geelbek saamgebrenge om naar die perde te kijk. Dit blijk of die Hotnot iets verkeerd gedoen het, of iets wat hij moes doen versuim het, Hans, die al bij die hotel aan gewees het en 'n paar doppe gesteeke het, was woedend kwaad en besig om die jong af te ransel met 'n sambok. Onder gewone omstandighede sou Gert hom sijn gang laat gaan het, maar hij kon sien dat Hans nie sigself was nie en dat hij te ver gaan en die hotnot miskien te veel sou slaan. Dit was ook nie be-

taamlik dat daar so'n lawaai sou plaas vind nie. Hij stap dus naar hulle toe. Hij wis ook dat sijn baas, die 'n Engelsman was, en die die gewoonlyke engelse voorliefde vir sijn swarte broer had, nie so'n spektakel op sijn werf sou toelaat nie, als hij self daar was. Hij roep toe vir Hans.

„Haai, Hans, wat maak jij”!

Hans, die alreeds woedend was, word nou buiten sigself en antwoord, terwyl hij nog aanhou met die sambok sonder genade oor die skouers van die jong te lê;

„Wat traak dit jou?”

„Dit kan mij niks skeel nie dat jij jouw jong slaan nie, maar jij moet dit nie hier doen nie. Ons kan dit nie hier toelaat nie.”

„En wie is jij om mij te belet?” vra Hans.

„Ik verteenwoordig die baas van die werf, als jij wil weet”, antwoord Gert.

Hans het, onder die gesprek opgehou om te slaan en vergeet om Geelbek goed vas te hou, en, nie te stadig om sijn kans waar te neem, met 'n ruk en 'n draai, was die hotnot los, en weg. Hans, die nou nie meer die hotnot had om sijn woede op te koel nie, draai op Gert los, en begin hom te vloek dat dit 'n naarheid was. Van die ander mense wat daar was wou hom nog stil maak, maar dit was verniet. Hij was blind van woede en het van sulke woorde gebruik gemaak dat Gert ook sijn humeur verloor, en sê:

„Kijk hier, Hans. Pas op wat jij sê. Ik is nie 'n hotnot nie dat jij aan mij kan sê wat jij wil”.

„Ik sal sê wat ik wil” antwoord Hans; „en als jij nie oppas nie, sal ik jou nog ook op jouw baatjie speel”.

„Jij lijkt 'n mooi bog om dit te doen” was Gert s'n antwoord, en Hans, die, met al sijn foute, geen lafaard was, die storm op hom los. Die geveg was kort, maar skerp. Hans, die nooit geleer het om sijn hande als verdedigingsmiddel te gebruik nie, het wild geslaan en, sijn arms die swaai soos die wieke van 'n meule. Gert, wat op die kollege in Bloemfontein van sijn Engelse maters die ingewikkelde kuns van „box” geleer het, blij koel, weer hom goed en slaan net als hij kans sien om raak te slaan. Dit was nie te lank nie of Hans krij 'n skoot op die punt van die kin, en daar lê hij. Na 'n paar

minute kom hij weer bij, maar hij had genoeg. Brom, brom, en met zijn hand aan zijn kakebeen stap hij weg. Toe hij bij die hek kom, draai hij om en skud zijn vuis, terwijl hij Gert toeroep:

„You....., ik sal jou nog krij”!

Intussen het ou Geelbek, die ook wou sien wat aangaan, om 'n hoek geloer, en, toe Gert na die kaskenade oor was, rond kijk, siet hij net die ou geel, geplooid en aapagtige gesig om die hoek kijk, en hij grijs van oor tot oor. Gert was nie seker nie, maar, daar die een kant van die hotnot se gesig meer geplooi is dan die ander, lijk dit of die ou perbeer om sijn oog te knip. So het Gert op een dag een openbare vijand gemaak, en ook een geheime vrend, wie se vrindskap wat later sou blijk meer wêrd te wees dan goud.

Die middag was daar reisie en Hans het daar 'n heelboel geld verloor, al die geld wat hij op die oomblik had, en, om sijn sorg te verdrink het hij die aand sijn toevlug geneem naar die dopbottel en sijn maters moes hom in die bed gaan set. So was dit, dat hij nooit naar die basaar gegaan het, waar sijn teenwoordigheid ook goed gemis kon word.

En nou, laat ons gaan kijk hoe dit bij die basaar afge-loop het. Gert was vroeg al daar. Dit was nie sijn gewoonte om sulke dinge bij te woon, want hij het daar nie van gehou nie om sijn geld uit te gee sonder om daar iets voor terug te krij, en, soos ons weet, als 'n mens 'n paar pond bij 'n basaar uitgegee het, het hij gewoonlik daar niks voor nie. En tog is 'n basaar 'n nodige iets, want dit is die enigste manier om geld te krij vir die kerk van mense wat anders nooit iets sou gee. Sonder geld kan die Kerk nie bestaan nie, en sonder ons kerk sou ons Volk soos skape sonder 'n herder verstrooi en verswak word. Daar is baing mense die sé dat die Kerk sig nie met politiek moet bemoei nie. Tot op 'n sekere hoogte is dit waar maar die mense moet onthou dat als daar geen kerk was dan was daar ook geen Afrikaanse Volk vandag. In vroeëre daë was dit die kerk, en die leiërs van die kerk, wat ons volk bijmekaar gebreng het en bij mekaar gehou het en dit was die leiërs van die Kerk, wat die leiërs was van dié Staat. Dit is moëlik om in 'n paar jaar die gewoontes van onse voorouërs, die 'n eenvoudige en eerli-

ke regering gewoon was, op sij te set, om plek te maak vir die sogenaamde partij-regering wat net so min eenvoudig is, als wat dit strek tot een eerlike en opregte behandeling van die volk. In die ou daë, toe ons Land en Volk nog onafhankelik was, het ons nooit gehoor van partij-regeringe en ons volk het bij mekaar gestaan, maar nou, dat ons onder 'n vreemde juk moet buig, word die vernedering nog meer verbitter deur die feit, dat die vreemde invloed en gewoontes ons volk so laat ontaard het, dat daar baing is, wat denk, dat hulle meer aan hul partij skuldig is dan aan hul volk en hul konsensie als hul tenminste, nog so 'n lastige besitting het.

En die basaar, net soos die nagmaal, neem nou nie meer die plek in in die staatsomstandighede, wat dit vroeër gedaan het nie. Vroeër het die volk, die vër uitmekaar woon, daarheen gegaan, hoofsaaklik, natuurlik, om kerksake te bespreek en te geniet, maar ook grotendeels om ideë te verwissel, te handel en om oor staatsake te raadpleeg en te beslis. Op die manier het die mense bijmekaar gekom, waar hul anders verstrooi sou geraak het en hul volkselfstandigheid sou verloor het. Natuurlik, met partij-regering, gaat dit moeilik om die kerk en haar leiërs te erken, maar mense die so skreeuw, dat die Staat en die Kerk aparte dinge is en apart moet gehou word, een beginsel, die ik self 'n ondersteuner van is, moet nooit vergeet dat ons volk nog geheg is aan die tradisies en gewoontes van onse voorvaders, en, dat 'n ou boom, wat diep wortels geskiet het, nie met 'n hooivurk kan uitgehaal word nie.

Maar teenswoordig het die Nagmaal en die basaar met die staatsomstandighede niks te doennie. Handel afekter dit nie, ons nuws krij ons uit die koerante, en partij-regering het die landsbelange uit die hande van die volk geneem, en in die hande gestel van paar autokrate wat hul net so min steur aan die wense van die volk als 'n Romeinse Keiser om gegee het vir die gemor van die gepeupel. Die Nagmaal is teenswoordig daar uitsluitelik vir Kerksake, en die basaar is 'n soort van 'n gesellige bijeenkoms om fondse bijmekaar te krij vir die Kerk.

Wel, soos ik sê, Gert sou nie daarheen gegaan het,

want hij was versigtig met sijn geld, en hij het, buitedien, op die regte tijd en op die regte plek, sijn deel bijgedra aan die Kerk-fondse, maar daar was bij die besondere basaar 'n aantrekkingskrag die sterker was dan hij sig teen kon verweer. Cora Kemp was daar en daarom gaan hij. Hij sou, vir dieselfde rede, met die grootste plesier naar die Noordpool gegaan het. Hij steek toe 'n paar pond in sijn onderbaatjie sak en stap naar die Stadssaal toe, waar die basaar gehou word. Toe hij daar kom, was daar al 'n gewemel van mense en dit raas dat hoor en sien vergaan, mans, vrouwens en kinders deurmekaar, en dit lag en praat, die kinders die skreeuw en klappers word afgetrek dat die geklap daarvan 'n mens die ore toeslaan. Iedereen was plesierig en opgeruim. Op die platform, was 'n soort van geselskamer ingerig, waar die ou mense kon sit, en in die saal self staan tafels gevul met al die molike dinge van die wereld. Poppe en kussens, gemaak en gewerk deur die meisies van die dorp, was deurmekaar met bottels komfijt en gedroogde vrugte, die bijdraë van die mense van die plase. Koek en lekkernij van alle soort was daar te krij, alsook gebraaide hoenders, tonge, wors, biltong, en eiërs, om niks te sé van 'n gebraaide speenvark met 'n êrtappel in sijn bek. Kinder-klere, pippe, en enige ding wat die hart begeer. Dit was net alsof al die winkels van die dorp hul ou voorraad van verlede jaar daar op die tafels uitgekeer het, en of die boerevrouwe hul dispense leeg gemaak het om die goeië saak te help. Die boere het hul groente tuine omgegrawe en een tafel lijk soos 'n môre-mark, terwyl die veeboer ook verteënwoordig word deur 'n paar hanslammertjies en 'n mooië sijbok. Graan van alle soorte was daar. Om kort te gaan, daar was alles wat 'n redelike hart kon begeer. Daar was koffie en thee daar was limonade en tameletjies, koek en komfijt om 'n hele kommando te versadig,—maar net, dit kos omtrent sesmaal soveel als dit werd was. Maar dit was niks, want soos iedereen weet, jii koop dinge bij die basaar nie om dit goedkoop te krij nie, maar om die kerk te help, en of jii nou 'n sikpens of 'n pond vir iets betaal, dit kom op die selfde neer, want, voor jii weer-die saal verlaat, kan jii al die geld wat jii oorhou in jou oog steek, sonder om die cog op enige manier te belemmer, en jii word so kaal

gepluk als 'n hoender die berei word vir die pot. Jij moet koop of jij wil of nie, want die meisies betakel jou so dat, veral als jij 'n skromerige man is, jij maar koop om van hul ontslaë te raak. Geen ekskuus help, en jij wag verniet vir jouw kleingeld, want die krij jij nooit. Als ik naar 'n basaar toe gaan, sorg ik gewoonlik dat ik die geld wat ik saam neem alles in sikkpense verwissel het, nie omdat ik verwag om 'n enkele een te red en weer huistoe te bring nie, maar omdat ik nie mijn pond, die gewoonlik mijn limiet is, als in één slag wil kwijt raak nie, maar die maksimum van plesier daaruit kan krij. Ik reken, dat als ik mijn geld verniet moet weg gee, het ik reg om dit so veel te geniet als molik, en, op 'n basaar, waar die meisies die verkopers is kan 'n handvol sikkpense jou 'n redelike hoeveelheid pret verskaf.

Gert wis van mijn plan nie, en die gevolg was dat die eerste blom die hij verplig was om te koop van die troep meisies, die hom bestorm het, net toe hij die deur intrap, het hom 'n ronde pond gekos. Al satisfaksie die hij kon krij van die meisie, die sij pond in hande gekrij het was dat sij sijn baatjie versier het met omtrent ses "button-holes" en dat hij meer naar 'n blomtuin gelijk het dan naar 'n mens. Toe hij sijn kleingeld vra, word hij van die hele bende uitgelag, en, terwijl hij dit tog nie terugverwag het, en vir 'n ander doel daar gekom het, het hij maar saam gelag en besluit om met die tweede pond versigtiger te wees. Die tweede het langer gehou, maar het uiteindelik ook die hande uitgeraak, en, vóór die oor was, toe hij 'n koppie koffie wou hê, moes hij dit van een van die meisies bedel op grond dat hulle hom bankrot gemaak het en hij daarom reg had op 'n aalmoes van die Kerk.

Nadat hij van al die lastige verkoopsters van allerhande dinge die hij nie nodig had, ontslaë geraak het, had hij tijd om naar Cora te soek, en dit was nie te lank of hij krij haar. Hij het die hoop gehad om stilletjies errens met haar te gaan sit en gesels, maar in die rumoer was so iets onmolik. Al wat hij kon doen was om nou en dan 'n woord met haar te wissel, en daarmee moes hij tevrede wees. So het hij die grootste deel van die aand daar soos 'n dwaas rondgestaan tot dat die basaar oor was. Eindelijk was dit klaar en die vendusie begin. Soos jul

almal weet, word die basaar so ingerig dat iemand die nie tien sielings betaal het terwyl hij kans had vir 'n ding wat maar 'n halfkroon wêrd is later toegelaat word om daarop te biec en dit in te koop vir 'n sieling. Dit is gelukkig vir die kerkfondse dat die meeste mense dit vergeet, want anders sou die inkomste met omtrent negen-en-negentig persent verminder wees.

Toe die vendusie begin, het die geraas en rumoer meer of min opgehou en Gert kon toe meer sijn kans waarneem. Maar Gert het hierheen gekom, soos ons gesê het, om Cora te sien, en hij dag dat dit onnodig was dat daar ander mense bij was, laat staan 'n hele paar honderde, 'n heelboel waarvan hul heelmal onbekend was. Hij sê dus:

“Is jij klaar hier”?

“Ja! Waarom”? vra Cora.

“Kom ons loop dan.”

“Ja” sê sijn “ik is ook al moeg. Wag net 'n bietjie hier, dat ik mijn hoed kan gaan haal. Ik sal nie lank wees nie”, en sijn gaat in een van die sijkamers.

Terwyl hij daar staan te wag, kom Rijk Renier naar hom toe en sê:

“Hallo, Gert”, ik soek al 'n heel tijd naar jou.”

“So”, sê Gert, “wat is dit?”

“Ik wou met jou oor iets gepraat het, maar nie hier nie. Kom ons gaan naar mijn kamer toe. Daar kan ons gesels en iets drink.”

“Nee” sê Gert, “ik kan nie nou weg gaan nie.”

“Waarom nie”? vra Rijk verbaasd.

“Wel” sê Gert “ik wag vir Mej. Kemp. Ik moet haar huietoe neem.”

“So, so, nè” sê Rijk terwyl hij glimlag. “Jij moet nè. Sê liewers iij wil.”

Gert sê niks, maar glimlag ook.

“Wel” sê Rijk toe verder “ik wil jou nie steur nie in so'n aangename en gewigtige onderneming. Jij weet seker waar sijn woon' nè”? vra hij ernstig.

“Ja, natuurlik” antwoord Gert verwonderd, “waarom”?

“O! niks, ik dag net, jij kan verdwaal, dan wou ik saam gaan om jou te wijs,” en hul lag albei” Net toe kom Cora, en na hul gegroet het gaat hul weg. Net toe

hulle bij die deur was, kom Rijk agter hulle aan en vat Gert nog bij die arm en sê:

“Jong! ekskuus, maar ik het vergeet. Ik wou nog oor iets met jou gepraat het. Wanneer kan ik jou sien.”

“O!” sê Gert “Ik sal môre naar jouw kantoor toe kom.”

“Nee” antwoord Rijk; “dit sal te laat wees. Ik gaan met die trein van één uur vannag Bloemfontein toe, en ik wil jou graag sien, vóór ik weggaan. Kan jij nie later naar mijn kamer kom nie?”

“Ja! seker”, sê Gert, “maar is daar dan sulke haas bij?”

“Ja” sê Rijk, en hij staat ’n tijdjie stil, en toe, meer of hij tot sigself spreek, dan tot ’n ander, vervolg hij:

“Daar is meer haas bij dan jij denk.”

HOOFSTUK VIII.

VERLOOF.

Gert en Cora stap toe naar Mev. Nel haar losies-huis, wat 'n tamelike end van die Stadshuis was. Dit is met groot twyffel wat ik nou begin te vertel wat langs die pad gebeur het, want van sulke dinge weet ik net van hoor en sê, en mij persoonlik is die ondervinding nog nooit oorkom nie. Ik het al baing naar mense opgelet die op mekaar verlief is, maar ik het die ding nog nooit goed kan verstaan nie. Pertij gaat so te werk, en ander weer op 'n ander manier. Ik het opgelet dat pertij die sit en kijk mekaar aan met gesigte wat jou aan skape of siek kalwers daat denk. Pertij gesels dat 'n mens moet denk dis „shorthand” wat hul praat en dit lijk of hul gevoelens in stilte gestreel word deur die vlugge beweging van hul tong. Pertij is skroom en andere is weer oorig. Dit lijk of daar geen vaste reël is om uit te vinde of iemand met die siekte aangetas is of nie. Net so veel mense als daar is, so veel verskillende maniere is daar, hoe die liefde siekte hulle affekteer. Dit is nes drank. Als 'n man te veel gedrink het, doen hij gewoonlik net die teënoorgestelde van wat jij van hom sou verwag het. Pertij wil bakklij, pertij wil sing, pertij wil gesels en pertij wil huil. Almal doen iets ongewoons, maar almal word op een of ander manier geaffekteer, maar jij kan nooit vooruit sê hoe. Ik het lank en diep oor die saak nagedenk, en na ik al die kragte van mijn natuurlike filosofie daarop uitgeoefen het, het ik besluit om nooit self verlief te raak nie, want ik weet nie wat vir soort van 'n dwaas ik van myself sal maak nie. Dus, soos ik sê, blij ik 'n disiepel van Plato, maar dit sal mij nie verhinder om te vertel hoe dit met andere afloop nie, en om blij te wees als liefdesgeskiedenis goed van stapel loop, en om te treur als hulle swaar krij.

Nou moet jul weet, alhoewel Gert 'n man was die goed die woord kon voer als hij bij mans was, of als hij oor besigheid of sulke dinge praat, maar in die sake van die teer gevoelens het hij nog nie ondervinding gehad nie, en die gesprek tussen hom en Cora die aand sou nie 'n boek vol gemaak het nie. Hul het eers oor een en ander gesels,

maar langamerhand het hul minder en minder gepraat totdat hulle eindelijk in stilte die lang donker straat af loop. En hier kan dit misskien nie ongepas kom om te sê dat dit nie altijd die mense is wat die meeste mekaar aan die gesels kan hou, wat meeste van mekaar hou nie, of wat die beste vrinde is nie. Als twee mense, viral twee van die selfde geslag, mekaar vir 'n lang tyd kan verdra sonder om te gesels, is dit 'n teken dat hulle die beste vrinde is, en als dit 'n jonge man en 'n jong meisie is, is dit 'n seker teken dat hulle genoeg plesier het in hul eië geselskap, en dat sulke hoogagting maar net deur slimpraatjes sal verminder word. Dickens en Thackery, tussen wie 'n vriendskap bestaan het soos tussen min ander mense in die wereld, was gewoon om saam ure lank voor 'n vuur te sit en rook sonder om 'n woord te sê, en hul het daar meer plesier van gehad dan van die geleerdste of geselligste gesprek die hul kon gevoer het.

So het Gert en Cora in stilte geloop en sou, heelwaarskijnlik in stilte die huis bereik het, was dit nie vir 'n klein ongeluk nie. Die straat was donker, en, terwijl dit nie in die besigheidsgedeelte van die dorp was nie, is dit nie in goeie orde gehou nie. Daar was gate en los klippe, en vir 'n meisie die baing dun sole aan haar skoene het, ongemakkelijk om op te loop. Dit was ook nie te lank nie of Cora trap in 'n gat en, het Gert haar nie om die lijf gevang nie, sou sij geval het. Dit was nog niks, maar toe hul verder loop het Gert, seker ingedagte, vergeet om sijn arm weer van haar lijf weg te neem en sij, ook ingedagte, naar ik meen, het nie daarteen enige objeksie gemaak nie. Toe hul nog 'n eindjie verder so geloop het, het die feit dat hij nog sijn arm om haar lijf had, en die feit dat sij nie skijn om te gee nie, in Gert s'n hart so'n opwelling van vreugde viroorsaak dat sijn spiere daarvan inmekaar trek en onwillekeurig trek hij haar nader naar hom toe en hou hij haar vaster aan hom. Ten minste, dit is al manier wat ik dit op kan verklaar, want hul sê nog al die tyd niks en dat Gert en Cora albei moedwillig so onbeskaamd kon wees kan ik bijna nie glo nie. Hoe dit ook al sij, hulle was jonk en die onweerstaanbare natuur was besig om sig met hul sake te bemoei, en dit was nie te lank nie of Cora, met 'n sug, lê haar fraaië kop op sijn skouwer, en toe was die koël deur die kerk. Toe hul weer

tot 'n besef van sake kom was hul in elkanders arms met hul lippe teen mekaar in die eerste soen van 'n jonge, maar waaragtige liefde. Lank het hulle so gestaan en eindelijk sê Gert:

„Cora, is dit waar? Het jìj mij lief?”

„Ja, Gert — en jìj, het jìj mij regtig lief?”

„Ja”. En verder sal ons 'n sluier trek oor wat daar gebeur het en oor wat hul gesê het, want dit betaam ons nie, om die heiligste gevoelens van 'n ander aan die wereld bloot te lê nie. Dis genoeg om te sê dat dit 'n hele tijd was voor hul wakker skrik, om mij so uit te druk, en weer uit hul droom kom en oor meer praktiese dinge begin denk.

Gert, die sijn besigheidsgewoontes weer die oorhand laat krij, besluit om die ding op 'n vaster voet te stel en sê:

„Cora, ik sal naar Klippan moet gaan om jouw oom te sien. Ik wonder wat hij sal sê?”

„Ik weet nie. Ik hoop hij sal jou goed ontvang”, antwoord Cora. „Hij het nog nooit iets teen jou gesê nie.”

„Dit kan wees sê Gert, maar ik weet hij hou nie besonder van mij nie”.

„Waarom denk jìj so”? vra Cora.

„Ik kan nie reg sê nie, maar dis 'n idee wat ik het. Hij kijk mij altijd aan alsof hij iets teen mij het.”

„Wel, ik weet nie. Ik hoop dit is nie so nie.”

„Ik hoop ook nie so nie.” antwoord Gert. Als hij weiër om ons te laat trouw, moet ons 'n ander plan maak. Maar Cora, al weiër hij, ik sal jou nie opgee nie.”

„En ik jou nie, Gert” sê Cora, terwijl sijn haar arms om sijn nek gooi; „ik is mondig en ik sal doen wat ik wil.”

„Nou, ja,” sê Gert toe, „ons moet nie hoop verloor nie. Laat ik sien. Dis vandag Woensdag. More kan ik nie uit gaan nie, maar ik sal Vrijdag middag uitkom. Dan blij ik Vrijdag aand oor om die ding met die ou kerel te bespreek. Jij moet net nie laat Hans daarvan weet voor ik kom nie. Hij sal perbeer om mij kwaad te doen bij die ou man.”

„Waarom?” vra Cora.

„Weet jìj dan nie?” vra Gert, „dat ons vanmore bakklij het?”

„Nee” se Cora „wat het gebeur?”

En toe vertel Gert haar van alles wat gebeur het. Sij was 'n lange tyd stil en toe sê sij:

„Ik is jammer daaroor, maar dit kan nie gehelp word nie.”

Hierna het hul nog 'n tyd lank op die stoep gestaan om goeië-naand te sê. Baing van julle sal weet hoe lang dit onder die omstandighede neem om goeië-naand te sê, maar daar sal wel een of twee van jul wees wat dit nie weet nie, so sal ik dit maar sê. Dit neem net 'n oomblikkie. Ten minste, so denk so'n jonge paar, maar die oomblikkie, als dit op 'n eerlike horlosie, wat sijn plig doen, en gereeld die sekondes aftik, gekijk word dan kan dit pertijmaal 'n goeië, harde uur word. En dus, toe Gert dit eindelijk reg krij om daar weg te kom, was dit al virbij middernag. Hij het, toe hij huistoe loop, loop en droom van 'n toekoms, waarin allerande fraaie voorstellinge was, en waarin Cora die hoofrol speel. Hij was al amper bij sijn kamer toe dit hom bijval dat Rijk Renier hom nog wou sien, en hij kijk op sijn horlosie. Dit was al half een. Dus, was dit te laat om naar Rijk s'n kamer te gaan, en hij besluit om direk naar die stasie te gaan. Toe hij daar kom krij hij Rijk met 'n ander man daar, die vir hom 'n vreemdeling was.

„Man,” sê hij „ik het baing spijt, maar ik het skoon vergeet dat jij mij wou sien tot dat dit te laat was.

Rijk sê eers niks, maar na 'n tjdjie sê hij:

„Dit sou tog beter gewees het als ik met julle saam geloop het: Dan sou jul nie verdwaal het.”

„Ons het nie verdwaal nie” sê Gert, en hij bloos tot agter sijn ore toe.

„O!” sê Rijk, „wat het jul dan gemaak?”

„Niks” antwoord Gert.

„Dan het jul n verduiwelde lang tyd geneem om dit te doen” was Rijk s'n antwoord daarop. Na 'n poosje neem hij Gert bij die arm, en na hij hom opsij geneem het sê hij:

„Kom, Gert, ons is ou maats, sê mij hoe dit met jou en Miss Kemp staan! vir mij kan jij dit gerus vertel”.

„Wel” antwoord Gert, „ons is nou verloof.”

„Dan wens ik jou geluk” sê Rijk.

„Dankie, Rijk”, sê Gert. „Maar jij moet nog niks

daarvan sê nie, want ik moet nog vir ou Verwij daaroor gaan sien."

"So" sê Rijk "Is dit so", en verder sê hij niks. Gera het toe niks aan sijn praat gemerk nie, en gaat toe aan.

"Maar wat wou jij mij oor gesien het?"

"Dis waar", antwoord Rijk, ik wou met jou oor iets praat, maar daar is nou nie tijd nie. Dit is ook nie iets wat ik hier met jou oor kan praat nie. Dit sal nou moet wag tot ik trug kom. Hier kom die trein ook al."

"Wanneer kom jij trug?" vra Gert.

"Wel, ik sal omtrent 'n week weg wees."

"Dan sal ik jou sien als jij trug kom nè. Tot siens."

En Rijk spring in die trein. Met trug loop naar sijn kamer toe het Gert sig verwonder waarom Rijk hom wou gesien het, maar hij het eindelijk besluit dat dit maar oor een of ander stuk besigheid van die winkel was (want, deur Gert s'n invloed het Rijk tamelik van sijn firma werk gekrij) en hij het toe gereken dat dit maar moet wag tot dat Rijk trug kom. Hij had buitendien sake van sijn eie om oor te denk, en dit was vir hom op die oomblik genoeg.

Dit gebeur nie dikwels dat 'n meisie twee maal in vier-en-twintig uur 'n huweliks-aanbod krij nie, maar met Cora het dit so gegaan. Die anderdag môre vroeg rij Hans en Cora met die kar plaas toe. Geelbek was nie in die kar nie, want hij moes 'n pèrd van Hans, die nog in die dorp was, uitneem, en hij sou agteraan kom. Hul was, dus, alleen in die kar, en Hans besluit dat dit nou sijn kans is om Cora te vra. Hij was tog, half bang om dit nou al te waag; want, soos ik alreeds gesê het, dit was maar 'n kort tijd van te vore wat hij op haar verlief geraak het, en hij het nie, op die gewone manier naar haar gevrij, dit is, hij het nie al sijn tijd in haar teënwoordigheid deurgebring nie met praatjies maak. Wel is waar, het hij haar met 'n bietjie meer beleefdheid behandel, maar Cora het dit nie biesonder opgemerk, en, om kort te wees, hij het nooit iets gedaan die Cora kon laat merk dat hij biesonder deur haar aangetrokke was, so dat dit vir haar 'n tamelike verrassing was toe hij eindelijk oor die ding begin.

Hul het bijna in stilte die grootste gedeelte van die pad afgerij, tot bijna bij die plaas. Cora was besig met haar

eië gedagtes en het bijna vergeet dat Hans in die kar was, en Hans was besig om te denk hoe hij sou begin. Op die plaas het Hans, die daar bijna nie eers met sijn vader maatskappelike omgang gehad het, 'n erg eensame lewe gelei, en, als hij in die dorp is het hij gewoonlik net met sijn reisie-maats bij die hotel omgegaan, en hij was dus nie gewoon om met meisies om te gaan nie, nog minder hoe om met hul oor liefde te praat. Hij was, dus, in die middel h o e om te begin, en het 'n paar uur geneem voor hij 'n plan uitgewerk het. Maar hij was gedetermineerd en hij het gemeen om die ding oor te krij vóór hul bij die huis kom. Toe hul die hek van Klippan deur is, en Cora weer op die kar klim, want Hans kon die pèrde nie los of laat staan, daar hul te vurig was, en Cora moes dus self afklim om die hekke oop te maak, toe begin Hans:

“Cora” begin hij.

“Ja, wat is dit?” vra sijn, half ingedagte, want haar gedagte was nog bij die gebeurtenisse van die aand te vore.

“Cora” gaat hij aan, “ik wil jou iets vra.”

“Nou ja!” antwoord sijn, “vra maar.”

“Ja, kijk” sê Hans, en hij wou haar hand neem, maar vind dat hij die vurige pèrde nie met een hand kan regeer nie. “Dit is 'n bietjie moeilik om te sê, maar ik wou jou vra.....”

“Nou, ja, wat dan.”

“Wel”, sê Hans, en hij blij weer 'n tjdjie stil, en maak of die pèrde al sijn aandag nodig het, en toe, eindelijk vervolg hij, skierlik en bot, “sal jij mij trouw”?

“Wat” sê Cora, verskrik; “met jou trouw”?

“Ja” antwoord Hans.

Cora blij 'n tjd stil. Sij was verbouwereerd en wis bijna nie wat om te sê nie. Sij sit Hans met groot oë aan te kijk, verstom van verbasing en, om die waarheid te sê, van skrik. Sij het nooit soiets van Hans verwag nie, en sijn was bang dat, daar hij 'n ruwe man was en baing kort van humeur, hij haar antwoord nie in die sagste luim sou hoor nie. Hans, toe hij eindelijk die vraag oor sijn lippe gekrij het, wor ongeduldig vir 'n antwoord, en vra:

“Wel, sal jij, Cora?”

“Ik is jammer, Hans, maar ik kannie.”

“Wat, kannie,” antwoord Hans, “waarom nie?”

“Sommer nie, maar ik kan nie.”

Hans, die nou dat hij begin het, om só te sê, sijn tweede asem gekrij het, sê toe weer:

“Maar, Cora, sommer is nie 'n rede nie, en viral nie bij so iets nie. Ik het jou lief en ons woon op die selfde plaas, en in die selfde huis. Ons het altijd goed klaar gekom, en ik kan geen rede sien waarom ons nie altijd sal goed klaar kom nie. Watter rede kan jij hê?”

“As jou blief, Hans” sê Cora, terwijl sijn haar hand op sijn skouer lê “moet nou nie verder daarvoor praat nie. Dit sal tog niks help nie. Ik kannie met jou trouw nie.”

“Jij kannie, nè” sê Hans, terwijl hij frons en 'n tijd in gedagte stil sit. Eindelijk sê hij meer tot sigself, dan tot haar:

“Daar kan net een ander rede wees.”

Cora sê niks, en toe gaat Hans voort.

“Jij moet op iemand anders verlief wees.”

Cora bloos, maar, terwijl sijn onthou dat Gert gesê het dat Hans niks moet weet totdat hul ou Verwij gesien het, sê:-

“Ag, Hans, moet nie mal wees nie. Dit is nie nodig dat ik 'n ander moet lief hê, omdat ik jou nie lief het nie. Maar omdat ik jou nie lief het nie, is rede genoeg waarom ik nie met jou kan trouw nie.”

“Maar is daar dan nie 'n kans dat jij mij later sal lief krij nie,” vra Hans. “Ik sal wag so lank als jij wil, als daar net kans is.”

“Nee, Hans” antwoord Cora, “dit sal niks help nie. Ik sal jou nooit lief krij nie. Dit sal niks help om te wag nie.”

Hans het 'n tijd stil gesit, en eindelijk sê hij:

“Dan moet dit waar wees wat ik in die dorp hoor.”

“Wat hoor jij” vra Cora, verskrik.

“Ik hoor dat jij en Gert Boshoff op mekaar verlief is, als jij moet weet.”

“Ag, Hans!” was al wat Cora nou sê.

“Ja” gaat hij aan, “die hele dorp praat daarvan.”

Cora blij toe stil. Sijn kon niks verder sê nie, en eindelijk vra Hans weer:

“Is dit waar, Cora?”

Cora sê niks.

“Wel”, gaat Hans aan “ik sien dat dit waar is, en ik

is jammer vir jou." Skierlik verloor hij s'n humeur en, met 'n vreselike vloek, vervolg hij:

"Ja, ik is jammer vir jou. Jij sal nooit met Gert trouw nie. Ik sal doen wat ik kan om dit te belet. Jij sal sien. Ik sal die ver.....de smeerlap wijs wie hij is. Wag maar.

"Wat kan jij doen"? vra Cora toe trots." "Ik is mij eie baas, en ik kan doen wat ik wil. "En" vervolg sij "Ik moet jou versoek om nie vir Gert uit te skel nie. Hij is mijn toekomstige man, en 'n honderdmaal beter man dan jij."

"Ons sal sien" was al wat Hans hierop antwoord, en kort daarna hou hij voor die deur stil.

Na Cora afgeklim het, rij hij naar die stal, en na hij die pèrde besorg het, het hij in die waënhuis op die voorkis van die ossewa gaan sit rook en nadenk hoe hij Gert in die wiele kan rij. 'n Uur daarna, toe Geelbek met die ander pèrd daar aankom, sit hij nog daar, en hij het nog geen plan bedenk. Hij was nors en kwaad, en wou nie op die oomblik iemand sien nie, so gaan hij naar sij eie kamer, die 'n buite kamer was, neem sijn haalgeweer, roep sijn hond en stap veld in, en dit was laat in die namiddag toe hij weer trug kom. Hij het naar 'n naburige plaas toe gestap, daar die middagmaal geniet, en het net met sonder weer bij hul huis trug gekom. Toe hij daar kom hoor hij dat ou Verwij siek is en in die bed lê.

HOOFSTUK IX.

'N BEROERDE GESKIEDENIS.

Om nou onse storie verder te vertel, moet ons gedeeltelik die voorste geskiedenis van ou Verwij nagaan, maar daar hij self die enigste man was wat iets daarvan wis, sal ons, om seker te wees van ons saak, hom dit self laat vertel in sijn eië woorde. Ons weet self niks meer dan hij self vertel het, dus moet ons tevrede wees met die brokkies wat hij ons toe werp. Na Hans en Cora die aand geëet het, en dit het bijna in stilte gebeur, het die ou man Hans naar sijn kamer toe laat roep. Cora het die boodskap gebreng en, toe Hans naar die kamer toe gaan, gaat sijn saam om nog te kijk of daar iets bij die siekbed nodig was. Die ou man het skierlik, die middag 'n aanval gekrij en het vir 'n uur of wat vreselike pijn gelij in die buurt van sijn hart, maar hij was nou 'n hele end beter, alhoewel nog swak. Hij het nog in die bed gelé, sijn rug teen 'n boel kussens, so dat hij meer sit dan lê. Toe Hans hom sien, was hij verbaasd om te sien hoe gouw 'n man kan verander. Die ou man lijk bijna tien jaar ouër dan toe Hans hom laas, net die dag te vore gesien het, en dit lijk of sijn baard nog witter is dan dit was. Hij was altijd 'n frisse, gesonde man gewees, maar nou lijk dit of hij inmekeer gekruip het en of sijn hande, arms en gesig, in 'n paar uur tijd maarder geword het. Hans, die nooit, soos ons weet, veel omgang met sijn vader had nie, en nie so vir hom voel als 'n kind sou doen die meer met sijn ouërs in simpatie was dan hij dit was, en die, buitendien, nie gewoon was om sijn gevoelens aan die wereld bloot te lê nie, het sig nie veel oor die siekte van die ou man bekommer nie, en dag dit was maar 'n verkouë of so iets. Daardeur was dit dat hij nie vroeër naar sijn vader gaan kijk het nie. Maar toe hij nou in die kamer kom was hij verskrik oor die onverwagte verandering wat hij sien.

“Hemel, Pa” sê hij, “maar wat mankeer?”

“Ik weet nie, Hans, maar daar skeel iets aan mijn hart. Omtrent twee weke gelede het ik in die dorp 'n soort van 'n aanmaning gevoel, en toe gaat ik naar die dokter. Hij het mij gesé wat ik mankeer, maar dit was

'n naam half Engels en half Latijn, denk ik, en ik verstaan daar niks van nie."

"Maar, Pa," antwoord Hans, "ik hoop dit is nie erg nie?"

"Nee", antwoord Verwij, en hij kijk naar Cora, "dis niks biesonders nie, maar dit is sleg so lank als dit aanhou."

Na hul 'n tijdjie stil was sê die ou weer:

"Cora, ik wil bietjie met Hans besigheid praat. Gaat jį maar so lank weg. Als ik jou nodig het sal ik jou roep."

"Ja! oom" sê Cora en sij gaat uit.

Na sij uit was, praat die ou weer met Hans.

"Hans, maak die deur toe, en sluit dit."

Hans staat op en doen wat Verwij wou hê, terwyl hij wonder wat nou moet kom. Hij was bang dat die ou gehoor het van sijn reisies spekulasies en dat hij weet dat hij 'n boel geld verloor het. Hij dag dat die ou hom 'n les wou voorlees. Maar die eerste woorde wat die ou sê, het hom uit sijn waan gehelp, want hij sê:

"Hans! ik het nie die waarheid vertel toen ik sê dat mijn siekte nie gevaarlik is nie. Ik wou net nie vir Cora bang maak nie."

"Maar wat is dit dan, Pa?"

"Wel, soos ik jou gesê het, die dokter het mij gesê wat dit is, maar ik kan die boeknaam van die ding nie onthou nie. In elk geval, hij sê dit is mijn hart wat sleg is. Hij sê ik kan nie meer als ses maande lewe nie en dat ik, enige oomblik kan sterf als ik so'n aanval krij als vandag."

"Maar, Pa", sê Hans, waarskijnlik om hij nie wis wat anders om te sê, "misskien is hij verkeerd. Kan ons nie 'n ander dokter laat kom nie?"

"Nee" antwoord die ou, "dit sal virniet wees, en onnodig geld mors. Ik kan self voel dat mijn tijd nabij is. Ik is al oud en ik kan nie vir ewig lewe nie. Die bijbel sê "sestig of sewentig jaren" en ik is nou net tussen die twee. Ik moet mij end verwag, en dit is nou nabij. Ik is nie bang nie."

'n Tijd was daar stilte. Die ou man lê en rus om weer sijn asem te krij, en Hans denk oor wat sal gebeur als die

ou man dood is, en hij baas is van Klippan. Eindelijk sê die ou weer:

“Terwyl sake so staan, Hans, moet ik nou mijn sake in orde bring. Daar is dinge wat jij moet weet, en dinge wat jij sal moet doen. Ons het nooit veel van mekaar gehad nie, maar dit is nou mijn plig om jou te sê hoe dinge staan, so dat jij self kan verstaan dat, wat ik wil hê, dat jij moet doen, nodig is vir jou eie belang.”

“Ja, Pa” was al wat Hans antwoord.

“Jij moet weet” vervolg die ou, “dat, alhoewel ik nou nie eiegelik ’n losbandige lewe gelei het, en nooit eiegelik ’n misdaad begaan het nie, het ik mijn geld, en al wat ik het, tog op so’n wijze in hande gekrij, dat, alhoewel, teenswoordig, dit dikwels gedaan word, ik nie gerus voel in mijn konsensie daaroor nie, en ik wil, so ver ik kan, reg maak wat ik verbrouw het. Daarom het ik, na ik die dokter gesien het, naar mijn prokureur gegaan en mijn testament laat maak.”

Nou kom daar eindelijk iets waar Hans ’n interes in neem. Hij was ’n tijd stil, en toe vra hij:

“Wel”?

“Wel” vervolg die ou man, “voor ik daarmee verder gaan, moet ik jou ’n gedeelte van mijn geskiedenis vertel. Dit is nie nodig dat jij alles weet van mijn vroeëre lewe nie, maar die een deel daarvan moet ik jou vertel. Jij moet nie denk dat daar anders iets van oneer of skandels in mijn lewe was nie, maar dit kan geen goed doen om jou mijn hele lewe te vertel nie. Ek het buitendien, ook nie tijd daarvoor nie.”

“Sewe-en-twintig jaar gelede, toe ik ’n man was van al bijna middelbare leeftijd het ik transport gerij van Kimberley naar Pretoria met twee waëns. In die tijd was daar nog nie ’n Johannesburg nie, en die land was nog wild en woës. Die besigheid het in die daë goed betaal, maar ik was ’n wilde jonk-man en het baing wild gelewe. Daar het bijna nooit iets oor geblij nie. Ek het altijd genoeg om goed van te lewe gehad, maar ik het nooit iets kon spaar nie. Langs die pad, die ik op moes rij het ’n ou Boer gewoon die twee dogters had. Sijn naam was Marais, en die dogters was Annie en Minnie. Annie was die oudste en is, om kort te gaan, jouw moeder. Die ou

man was nie rijk nie, maar hij had 'n goeie plaas, 'n bietjie oos van waar Krugersdorp nou lê, en was, vir sijn stand en tijd, nie te sleg af nie. Ik het die familie goed leer ken en het dikwels met mijn terugtog van Pretoria naar Kimberley, 'n paar daë daar oorgebly om mijn osse te laat rus. Ik het, toe begin denk dat dit tijd word vir mij om te trouw en om 'n meer vaste lewe te gaan lei, en ik besluit om met een van die twee Marais meisies te trouw. Ik het gin een van die twee lief gehad nie, maar dit was bij mij 'n saak van besigheid. Dit is misskien waarom jij en ik nooit biesonder van mekaar gehou het nie, en waarom ik jou later deur ander mense laat groot maak het. Maar dit is nou dinge wat niks sal help om oor te praat of naar te raai nie. Laat ik dus aangaan. Ik het gouw gemerk dat ik enigeen van die twee kon krij die ik wou hé, want hul was, wonderlik om te sé, albei op mij verlief. Maar ik het toe die oudste gekies, want ik dag dat dit moontlik was dat sij iets ekstras sou krij, omdat sij die oudste was. Dit het mij toe ook nie lang geneem om die saak op goeie voet te krij nie en die ou was gewillig. Hij was wewenaar, iets wat vir mij gelukkig was, want dit is gewoonlik die moeder wat 'n mens die gouvste kan deurkijk in die soort van dinge en 'n stop daaraan set als sij nie tevrede is nie.

Ik het toe mijn laaste tog gerij, mijn waëns en osse verkoop en, na mijn huwelik, het ik op die plaas gaan woon. Kort daarna, dit kan twee, dit kan drie jaar wees, is Minnie Marais ook getrouwd met 'n man met die naam van Kemp, maar hij is, kort na die geboorte van Cora, dood. Jij was drie jaar voor Cora gebore. Kort hierna kom die eerste Engelse oorlog, en ons was genoodsaak om almal naar 'n dorp te vlug en ons gaat naar Pretoria. Gedurende die beleg van Pretoria is ou Marais dood, en ik kom in besit van die helfte van sijn plaas. Wel is waar, ik kon nog nie daar gaan woon nie, want die oorlog was nog aan die gang, maar dit was tog mijne. Ik had toe ook 'n deel van die ou se kontant geld geërwe, die hij natuurlik bij hom had, en die ons, Minnie en ik, daar die wette in die daë tamelik deurmekaar was, somaar ondermekaar verdeel het. Ik had toe 'n paar honderd pond in mijn besit en dus, toe kort na die end van die oorlog, een man die ik vroeër in die transport besigheid geken het,

mij voorstel dat ik met hom saam in besigheid moet gaan als 'n pèrde-handelaar, het ik dit gedoen. Net met die tyd had ik weer 'n verlies en jouw moeder sterf, na kort siekte. Na die het ik die plaas laat verdeel en my deel het ik vir 'n duisend pond verkoop. Cora haar moeder was weer trug op die plaas, en ik het in Pretoria gebly. Besigheid het eers goed gegaan, maar het toe begin afval, en het eindelijk so sleg geword, dat ons dit moet opgee, en dit met 'n verlies aan myn kant van 'n paar honderd pond. Ik het besluit om weer te gaan transport rijd, en met die geld die ik nog oor had het ik 'n paar waens gekoop en weer begin. Vir jou het ik in Pretoria aan 'n arme familie gegee om op te pas, en ik het hul daarvoor betaal. Toe jij oud genoeg word het ik jou naar die kosskool laat stuur en daar het jij soos jij weet gebly tot jij hier naar Klippan gekom het.

Gedurende die volgende paar jaar het ik dikwels weer op die plaas gekom, en het gewoonlik daar 'n dag of so oorgebly, want Minnie was nou 'n soort van familie. Ik het gouw gemerk dat die liefde die sij vroeër vir mij gehad het, weer wakker was en dat sij enige oomblik gewillig sou wees om met mij te trouw, als ik haar net vra. Maar dit wou ik nie doen nie, want ik was van opinie, dat die plaas dit nie wêrd was nie, en, soos ik dan dag, om vir 'n duisend pond 'n klip om myn nek te hang was nie naar myn sin nie, want jij moet verstaan, ik had haar nie lief-nie en ik was nou aan die lui-lekker lewe van 'n transportrijer gewoon. Ik was nie van plan om weer op 'n plaas swaar te gaan werk nie om 'n vrou en twee kinders te onderhou, wat mij nie aangaan nie, en dit vir 'n duisend pond. Dit was nie genoeg nie. Ik het jou, toen ter tyd, bijna nie eers meer als myn kind beskou nie, en het selde, en later nooit, eers die moeite geneem om jou te gaan sien als ik in Pretoria kom nie.

Maar spoedig het daar 'n omwenteling in die land gekom die mij 'n ander insig van sake laat krij het. Goud werd in Johannesburg ontdek, en al die delwers van Kimberley, handelaars, besigheidsmense en selfs boere, het daarheen gestroom. Geld was in die daë die enigste ding waar ik voor omgee het, en die stories van die groot rijkdom, die hande vol goud en die geld die op die Rand te

make was, het mij so gierig gemaak dat ik mijn waëns verkoop het en ook daarheen is. Van mijn wederwaardig-hede daar sal ik jou nie vertel nie. Baing mense het daar rijk geword en baing het daar arm geword, en, ongelukkig was ik een van die laaste. Dit het maar net 'n jaar ge-duur toe was ik uit geboer. Toe begin ik rond kijk om 'n plan te beraam hoe ik weer op mijn voete sou kom. Die plase aan die Rand het verskrikkelik gestijg in waarde, en ik begin toe spijt krij dat ik mijn deel van ou Marais se plaas verkoop het. Dit sou nou 'n fortuin wêrd wees want dit lê op die Rand, alhoewel nabij Krugersdorp. Toe krij ik die gedagte,

„Wat van Minnie?”.

Skaars was die gedagte in mijn kop of mijn besluit was gemaak. Ik sou met Minnie trouw. Ik wis dat sij mij sou neem, en daar was geen moeilikheid bij. Om kort te wees, twee maande daarna was ons man en vrouw. Drie maande daarna het ek die plaas verkoop vir dertig duisend pond en ons gaat toe op 'n ander plaas nabij Rustenburg, die ik vir 'n paar duisend pond gekoop het, woon. Dit help nou nie om daaroor jammer te wees nie, maar met haar het ik geen gelukkige lewe gehad nie. Sij het gouw genoeg uitgevind dat ik haar nie lief had nie, maar dat ik haar net getrouw het vir haar geld. Van die oomblik af dat sij dit uitgevind het, het sij nooit 'n woord met mij gepraat die nie in die huis nodig was nie en ik het, daar ons omtrent ses uur van die dorp af gewoon het, haar nooit laat dorp toe gaan nie of daar gebreng. Mijn rede was dit: Toe ons getrouw het het ik haar 'n testament laat teken waardeur sij alles wat sij het aan mij vermaak. Kom sij te sterwe sonder testament of maak sij 'n ander, dan sou ik maar die helfte van die boedel krij, en die ander helfte sou naar Cora gaan. Ik was bang dat, als sij in die dorp kom, sij 'n ander testament sou laat maak en dan moet ik die helfte van al die geld aan Cora afgee, aan 'n kind die geen genot daarvan sou krij tot dat sij mondig was, en dit was, naar mijn sin, onsin.

Ik het Minnie nooit eintlik mishandel nie of belet om enige ding te hê die sij verlang, maar ik het haar, vir die drie jaar wat sij nog gelewe het, feitelik als 'n prisonier op die plaas gehou. Ik weet nie of sij ooit daaraan gedenk

het om 'n ander testament te maak. Ek weet nie eers of sij wis dat sij dit kon doen, maar ik wou haar nie laat weet dat sij die reg daartoe had, of laat uitvinde van 'n ander dat sij soiets kon doen. Eindelik drie jaar na ons huwelik, en sonder dat sij mij 'n kind gebreng het, sterf sij. Ek was toe absoluut baas oor dertig duisend pond, maar vir geen tien maal dieselfde bedrag wil ik weer die drie jaar deur maak nie. Pertij mense gee voor dat iedereen sijn hel hier op aarde krij, en nie na sijn dood nie, en dat iedereen sijn eië hel maak. Ek weet nie hoe dit met die dinge staan, maar ik weet dat ik mijn eië hel gemaak het, en dit is bijna onmoontlik dat daar 'n hel kan wees die slegter was. Maar laat die dinge nou maar staan. Ek het nie tijd om oor theologie te redeneer nie, want mijn tijd is kort. Laat ik verder gaan:—

“Na die dood van Minnie het ik Cora naar Stellenbos gestuur in die sorg van familie van ou Marais, en later naar die Goodhope Seminary, in die Kaap, van waar sij hierheen gekom het. Só staan sake, en dit is die rede waarom ons drie vir mekaar wild vreemdelinge is.”

Die siek man was nou al moeg van die lang gesprek, en hij lê, met toe oge, om te rus. So lank het hij stil gelé, dat Hans naderhand ongeduldig word, en vra:

“Maar waarom vertel Pa mij dit alles?—Hoe affekteer dit mij?”

“Hoe affekteer dit jou?” herhaal die grijsaard. “Dit sal ik jou sê. Volgens wet is alles wat ik besit mijn eie uitsluitelike eiëndom, maar als 'n man op sijn sterfbed lê, soos ik glo dat met mij die geval is, waar die wet hom nog kan kwaad doen nog help, dan denk hij oor dinge na, en sijn konsensie pla hom. Ek het 'n fout gemaak en voor ik sterf wil ik dit so ver molik, reg maak. Daarom het ik, soos ik jou vertel het, mijn testament laat maak. Ek het mijn boedel tussen jou en Cora gelijk verdeel. Dit kom haar toe want ik het haar daaruit bedrieg. Nou wil ik, vóór ik sterf, dinge so reël dat sij haar regte krij. Ik sou graag sien dat jul met mekaar trouw, dan kan jul die plaas en boedel nog bij mekaar hou, maar ik wil jou nie dwing nie, want ik weet wat 'n huwelik sonder liefde is. Maar om jou te help het ik in die testament gesé dat die boedel nie vir drie jaar moet verdeel word nie. In die tijd

moet jij perbeer om Cora te wen. En'', vervolg die ou man, terwijl hij zijn oge toe maak, "ik is nou moeg. Loop maar so lank ,en denk oor wat ik jou gesê het. Jij kan mij more weer kom sien."

Hans het eers 'n tijd daar gestaan en denk of hij zijn vader nie sou sê nie dat Cora hom alreeds geweier het, maar besluit ten slotte dat hij niks sal sê tot hij kans gehad het om die saak te oorweeg.

Hij gaat toe uit en gaat nog op die stoep 'n pijp roek en nadenk wat hom te doen staan. Met die helfte sou hij nooit tevrede wees nie. Hierin het hij naar zijn vader geaard. 'n Half uur het hij daar gesit, en toe besluit hij dat een van twee dinge moet gebeur: Of, Cora moet hom neem, óf die testament moet verniel word. En met die besluit gaat hij slaap. Een ander besluit, maar op die oomblik van minder belang, die hij geneem het voor hij gaan slaap, was dat hij Gert Boshoff op een of ander manier uit die weg moet werk. Hoe wis hij nog nie, maar dit moet gedaan word.

HOOFSTUK X.

TOESTEMMING GEWEIER.

Net met sononder, Vrydag aand, kom Gert, volgens sijn afspraak, op Klippan aan. Toe hij daar kom hoor hij van Cora van die siekte van haar oom, en hul besluit om, na die ete, die ou te laat vra of Gert hom kan sien. Hij was wel veel beter, maar hij was nog in die bed. Hans het ingekom om te kom eet, en toe hij Gert daar sien wou hij eers weer weg gaan, maar het toe besluit dat hij hom moet hou of daar niks gebeur het, want, als hij Gert wil kwaad doen, sou dit sijn doel beter beantwoord om te maak of hij hul rusie vergeet het, of vergewe het. Hij gee Gert 'n norske groet en gaan sit. Veel plesier het hulle nie van die eetmaal gehad nie, want g'n een van hulle het iets te sê gehad en was dit nie dat Cora nou en dan vra of hulle nie meer van dit of dat wil hê nie, en of hulle genoeg gehad het, sou daar heeltemaal geen gesprek ge-wees het nie. Na die ete klaar was gaat Hans weg, en Cora gaan haar oom vra of Gert hom kan kom sien. Toe sij terug kom met die nodige verlof, gaat Gert in die kamer in.

“Goeie naand” sê hij toe hij in kom. “Dit spijt mij dat meneer Vervij siek is.”

“Naand neef”, antwoord die ou. “Hoe gaat dit met jou?”

“Goed, dankie, Oom.”

“Sit, neef, en laat ik hoor wat jij van mij wil hê. Wat is dit?”

Gert gaan sit, maar toe hij die ou man goed aankijk sien hij hoe verouderd hij is, en dat hij werklik ernstig siek is, en sê.

“Maar, oom, als jij siek is, kan mijn besigheid maa wag. Ik wil oom nie lastig val nie als oom liewers wil stievees.”

“Nee, neef,” antwoord die ou, “ik is wel siek, maar ik is nog nie dood nie. Ik het heeldag geslaap, en ik wil nou graag hoor wat jij te sê het.” Die ou dag missskien, da Gert hom oor besigheid wou sien, maar hij had geen ide wat sijn regte mening was.

“Wel, oom,” sê Gert, en daar blij hij steek.

“Nou, ja! wat is dit dan?”

“Kijk, oom”, gaan Gert aan, “oom sal miskien denk dat ik oorig is, maar die waarheid is.....”

“Nou, ja! wat is die waarheid? Wat is jouwe moeilikheid? Wil jy miskien geld leen.” En die ou kijk Gert aan so veel als te sê, “Dan het jy by die verkeerde man gekóm.”

“Nee oom, ik wil nie geld leen nie” antwoord Gert, “ik wil meer hê als dit.”

“Meer als dit? Wat bedoel jy?” vra die ou.

“Ik wil oom vra of ik Cora kan krij, oom. Dit is wat ik meen.”

Verwij was eers verwonder, maar toe hij bedenk dat hij self al aan soiets gedag het, en dat Cora en Gert wel tamelik in die laaste tijd omgegaan het, het sijn verwondering minder geword. Maar dit was daarom vir die ou 'n harde slag, want van dat hij met Hans die gesprek gehad het, net die aand té vore, het hij sijn hart daarop gesit dat Cora met Hans moet trouw, en hij het hoe langer hoe meêr jammer gekrij dat die plaas moet verdeel word als die huwelik nie kan tot stand gebreng word nie. Dit is vir 'n boer van die ou soort een van die bitterste gedagtes dat die plaas, die hij in orde gebreng het, en die hij so te sê, gemaak het, na sijn dood moet opgesnij word en in kleine nietige dele moet verdeel word. Maar dan was daar sijn verlange om Cora geen verder onreg aan te doen nie, en dit was nou 'n kwessie watter van die twee verlange die sterkste sou wees. Hij wou nie graag vir Cora dwing om met Hans te trouw nie, want hij wis dat daar nooit geluk bij so'n huwelik kon wees nie, maar hij was daarin beslis dat hij haar so ver moontlik sou belet, om met iemand anders te trouw, so lank, ten minste, als daar nog 'n kans was dat Hans haar kon oor haal. Dit sou, dag hij, 'n verkeerde politiek wees om haar Hans op te dring, maar hij sou doen wat hij kon om haar te keer van enig ander huwelik. Lank het hij gelê en denk oor die moeilikheid, terwijl Gert in stiltê op sijn antwoord wag. Eindelijk sê hij:

“Boshoff, dit spijt mij dat jij mij dit kom vra, want ik kan dit nie toe laat nie.”

“Maar waarom nie, oom. Het jij dan iets teen mij?”

“Teen jou persoonlik het ik niks. Maar ik denk nie dat

dit goed is vir Cora. Jij het niks, en sij sal baing geld hê als ik een dag kom te sterwe."

"Oom is verkeerd" antwoord Boshoff, "als jij denk dat ik niks het nie. Ik het 'n sewe honderd pond gespaar en ik krij 'n tamelike goeie salaris. Ik reken ik is so goed af als enig jong kêrel in die dorp."

"Jij mag so reken", antwoord Verwij, "maar ik nie. Sewe honderd pond is vir mij niks, en jij kan enige tijd jouw betrekking verloor. Waar is jij dan?"

"Ik kan weer in 'n ander plek gaan werk, of desnoods, kan ik mijn eië besigheid begin."

"Nee, neef, dit is te wisselvallig. Laat ons die ding maar vergeet."

"Vergeet, oom, vergeet!" roep Gert uit, "dit is onmoontlik. Ik kan nooit vergeet nie. Ik het Cora lief, en sij mij, en ik kan geen rede sien waarom jij teen ons moet wees nie."

"Wat" skree die ou, want hij het nou begin kwaad word omdat Gert nie sijn antwoord als finaal wil neem nie. "Het jij haar al gevra."

"Ja, oom, en sij is gewillig."

"Cora" roep die ou toe so hard als sijn siekte hom toelaat, "Cora, kom hier."

"Ja, oom," roep Cora van die eetkamer, waar sij angstig sit en wag om te hoor wat die uitslag is, en die geskree van die ou man het haar nie gerus gestel nie. 'n Oomblikkie later kom sij, bleek van angs, die kamer in.

"Cora" roep die ou weer "kom hier."

"Ja, oom, wat is dit?"

"Is dit waar wat die man sê?"

"Wat sê hij, oom?" vra sij, alhoewel sij dit goed weet.

"Hij sê julle het mekaar lief, en wil gaan trouw. Is dit so?"

"Ja, oom," antwoord Cora, verleë.

"Dis nonsens, hoor. Dit kan nooit gebeur nie," en die ou die skree nou van woede.

"Waarom nie, oom?" vra Cora.

"Omdat ik dit nie wil hê nie."

"Maar, oom", sê Cora toe, bedaard, dit is nie rede genoeg nie!"

"Nie rede genoeg nie", skree die ou, "ik sê dit is rede genoeg. Boshoff wil jou net hê vir jouw geld."

“Mijn geld!” sê Cora verbaasd, “het ik dan geld?”

“Nee”, sê die ou, “jij het niks. Maar ik het gemeen om jou die helfte van mijn besitting te laat, maar als jij ongehoorsaam is sal jij nie 'n pennie van mij krij nie. Hoor jij?”

“Ja, ik hoor, maar,” en Cora trek haar skouërs op, “ik wil jouw geld nie hê nie, als dit mij mijn lewensgeluk kos.”

“Maar, Cora”, sê die ou toe, “denk 'n bietjie na. Dit sal omtrent twintig duisend pond wees wat jij weg gooi”; en, in sijn opgewondenheid kon hij sijn ware rede van sijn weigering nie verberg nie, “Ik het so gehoop dat jij met Hans sou trouw.”

“Nee, oom” sê Cora, “dit sal ik nooit doen nie. Ik sal Hans nie trouw nie vir al die geld wat jij besit. Liewers wil ik Gert hê met niks.”

Die ou man was nou buiten sigself van woede, en hij sê:

“Nou, ja! ik sal julle wijs. Gee mij daardie kissie wat daar staan.”

Gert gee hom die kis aan, en hij maak dit oop en haal daar 'n papier uit.

“Hier”, sê hij, “is die testament wat jou die helfte van mijn boedel sou gee, en nou kan jij sien wat jouw ongehoorsaamheid jou sal kos”, en met woedende gebare skeur hij die dokument aan stukke. “En nou”, vervolg hij, “maak dat julle voor mijn oge weg kom. Loop!”

Gert en Cora gaan toe uit. Toe hulle in die eetkamer kom sê Gert:

“Cora, ik is jammer. Ik het nie geweet dat ik jou so veel sou kos nie. Ik kan jou nie daarby hou nie. Als jij jouw woord wil trug hê, moet jij dit net sê.”

“Gert” antwoord Cora, “moet nou nie onnosel wees nie. Ik het nooit gedenk dat ik iets van oom sou erwe nie, en ik wil dit ook nie hê nie. Ik het genoeg als ik jou het.”

“En ik vir jou” sê Gert. Hulle het toe nog 'n tijd oor die ding gesit en gesels, en toe sê Gert dat, terwijl die ou man vir hom kwaad was, en hij had met Hans ook rusie, sou dit beter wees als hij maar nie die aand daar blij nie, Nadat hij haar gegroet het en hulle weer mekaar die ewige trouw vir die honderdste maal besweer het, gaan hij weg.

Toe Hans die aand van die tafel op staan, het hij buite gaan rond loop om sake te oordenk. Hij wis nie dat Gert 'n biesondere doel had met sijn besoek nie, maar hij wis dat dit vroeër of later sou gebeur dat Gert die hand van sijn niggie moes kom vra. Maar dit was nie die dinge wat hom die aand so biesonder gepla het nie. Daar was 'n meer, op die oomblik, ten minste, dringender moeilikheid, en dit was—geld. Hij het Woensdag nie alleen al sijn kontant geld verloor nie, en dit was 'n tamelike som, want ou Verwij het hom net die dag van tevore, vijf en twintig pond, gegee, maar hij het ook 'n skuld gemaak van tien pond die hij belcof het om te betaal op Saterdag aand, en dit is—môre. Hij was bang om sijn vader meer geld te vra, want dan sou hij moet uitlê wat van die ander geld geword het, en dit was hij nie bereid om te doen nie. Sijn vader wis wel dat hij die reisis bijwoon, maar hij wis nie dat Hans daar dobbel nie, en dit vir tamelike somme geld, en Hans was bang dat hij dit sou agterkom. Maar die saak was dringend, want dit was van die soort skuld wat die mense noem " 'n ere-skuld", waarom weet ik nie, want dit ontstaan gewoonlik uit oneerlike sake. Hij het 'n tijd lank hieroor geprakseer, en eindelijk kom hij tot die besluit dat al plan was om dit môre vroeg in die dorp te gaan leen.

Daarna begin hij weer denk oor wat sijn vader hom die vorige aand vertel het, en hij denk aan die testament. Hij wonder waar dit is. Sijn hoofdoel was nou om die ding in hande te krij of om dit te laat verniel. Min wis hij dat dit alreeds gedaan was. Toe krij hij 'n gedagte. Aan die agterkant van die huis was 'n buitekamer die sijn vader als 'n soort kantoor gebruik. Hij sou gaan kijk of dit nie daar was nie. Hij het daarheen gegaan, en 'n tijd lank daar rondgesoek, maar die testament kon hij nie krij nie. Maar hij het iets anders gekrij. Op die tafel lê 'n ope brief, en aan die brief vas was 'n tjek vir vijftien pond uitgemaak op naam van sijn vader. Dit blijk, uit die brief, dat die sender, 'n slagter in die dorp, 'n tijdjie tevore 'n klompie skape van Verwij gekoop het, en die tjek was die betaling daarvoor.

Hans het 'n tijd lank naar die tjek gesit en kijk en denk dat die vijftien pond hom net goed te pas sou kom. Ongelukkig het sijn vader dit nog nie geteken nie. Hi

wonder of hij dit voor hom kon doen. Hij neem toe 'n stuk papier en perbeer. Tot sijn verbasing vind hij dat dit nie moeilik is nie, want sijn eië naam was naastebij al wat sijn vader kon skrywe. Hij vind uit dat hij net so lelik als sijn vader kon skrywe deur net die pen 'n bietjie te laat bewe, en dan kan hij sijn vader s'n naam teken net so goed als die ou man dit self kon doen. Nie te lank nie of sijn gedagte gaat oor in daade, en voor hij goed weet wat hij doen, teken hij die naam van sijn vader agter op die tjek, en steek dit in sijn sak. Die brief het hij verskeur.

Hij argumenteer toe met sigself dat, terwyl al wat sijn vader het, binnekort tog sijne sal wees, so dat hij net vat wat sijn eië is, en niemand te kort doen nie, en, buitendien, hij had die geld dringend nodig.

Met die besluit om die tjek te wissel gaat hij toe slaap. Die volgende dag, Saterdag, het een en ander hom op die plaas opgehou en hij kon nie vroeg rij nie, en dit was net na een uur toe hij in die dorp kom. Toe hij die straat afrij, sien hij Rijk Renier voor sijn kantoor staan, die net die môre vroeër dan hij verwag het trug gekom het, en hij hou stil. Hij roep naar Rijk en vra:

“Jong, Rijk, die bank is al toe en ik moet die geld hê, om huistoe te neem. Kan jij nie vir mij die tjek wissel nie?” en hij gee die stuk groen papier aan Rijk. Rijk kijk naar die tjek en antwoord:

“Dit spijt mij, maar ik het nie so veel kontant in die kantoor. Ik het net voor een uur gebank. Jammer”, en hulle gaan uitmekaar. Gelukkig het ou Geelbek, wat op die kar sit en die gesprek gehoor het, later op die regte tyd, dit onthou.

Hans rij toe verder en gaan span uit. Hij het toe gaan lê en slaap. Dit was al donker toe hij wakker word. Die eerste man die hij in die straat krij was Gert, wat net die winkel toegesluit het. Hans gaat naar hom toe en vra hom of hij nie die ou Verwij die plesier sou doen om die tjek te wissel. Gert, die altijd beleefd was, sluit toe weer die winkel oop, haal vijftien pond uit die brandkas, en gee dit vir Hans. Die tjek het hij bij 'n hoop ander gesit, weer die brandkas en die winkel toegesluit en het verder dit vergeet.

Die boekhouër het die volgende Maandag môre die tjek

daar gekrij, en terwijl dit bij 'n stuk of tien, twaalf ander was, nie beter geweet of Gert, wat die enigste ander man was die 'n sleutel van die brandkas had, het dit in die loop van besigheid ontvang, en het dit, met die ander in die bank gesit. Die bank het niks verkeerds opgemerk en het die tjek uitbetaal.

Maar, sowat tien daë later, toe ou Verwij beter was, en weer uit die bed kon kom, het hij naar die brief met die tjek gesoek, maar kon dit nie krij nie. Hij dag hij het dit self verloor en besluit dat, als hij weer in die dorp kom, hij die slagter daarvan sou vertel, en toe het hij, vir 'n tijd, daaroor nie gedenk nie. En Hans, wat die geld al lank uit gegee het, en die niks verder van die saak gehoor het, het vir 'n tijd, tenminste, ook dit vergeet. Hij was seker dat sijn vader nie vir 'n lange tijd weer sou dorp toe gaan nie, en dit sou misskien maande wees voor dat sijn vader uitvinde dat die tjek al deur die bank uitbetaal is en, misskien, so dag hij ook, word dit nooit gemerk, want sijn vader kon nou enige tijd kom te sterwe, en dan sou niemand ooit daarvan weet nie.

HOOFSTUK XI.

DIE REBELLIE.

Skierlik, en als 'n donderslag, kom die nuws dat Oostenryk en Servië mekaar die oorlog verklaar het en drie daë daarna was die hele Europa in rep en roer. Duitsland, Rusland, Frankrijk en Engeland het mekaar bij die keel en die groot volkenstrijd het begin waarvoor hul almal so lank gewag het, maar wat hul almal verklaar, dat hul deur die ander opgedring was. Vir meer dan dertig jaar het die groot moëndhede hul voorberei vir die grote leviatantse wereld strijd, en, vir die eerste maal in die geskiedenis van die wereld, was Engeland klaar vir oorlog. Nietteenstaande dit alles moet 'n mens tog hoor dat hulle gedwing was om sig in die strijd te meng. Dit laat 'n mens onwillekeurig denk aan onse eië ondervinding agtien jaar gelede, toe, nadat Engeland al bijna twintig jaar lank haar oog op die twee republieke had en besig om ons te dwing om ons te verweer, het hulle verklaar dat hulle gedwing was om oorlog te maak "for the sake of humanity." Die slag was dit ook weer vir dieselfde rede, en dit was nie te lank nie of dit werd aan die wêreld duidelik waar die "humanity" die slag sit. Net so gouw als jij hoor dat die Engelse regering iets wil doen louter uit liefde vir haar medemens, kan jij weet dat hulle op 'n rooftog uit is. Dit is 'n bietjie te gouw na die gebeurtenis, en dus nog gevaarlik om te vrij oor die dinge te praat, maar, als daar oor 'n honderd jaar 'n geskiedskrywer sou lewe die onpartijdig die geskiedenis van die wereld, en viral van Suid Afrika gedurende die jare 1914—1915, wil skrywe, al had hij die pen van 'n Motley, sou hij tog nie kan vertel nie, die virskil van die wereld-geskiedenis soals ons dit ken. Die toneel sou 'n bietjie verander wees en die spelers is nuwe mense, maar die grondslag van die tragedie blij die selfde. Bedrog, leuëns, verdrukking en onreg is die geskiedenis van die wereld gewees en, solang als een volk perbeer om oor 'n ander, die swakker is, te heers, sal dit die geskiedenis van die wereld blij. Geen volk die onder 'n vreemde juk staan kan ooit verwag om met reg behandel te word, al is die oorheerser ook liberaal. Hij kan sijn mag om te regeer nie laat gelde nie, sonder onreg, om-

dat sijn regering, die alleen op mag steun, in beginsel onregvêrdig is, en alleen in stand kan gehou word, en gesteun moet word, deur verdere onreg. Net soos 'n leuën meer leuëns nodig het om dit in die lewe te hou, so het een onreg ander onregte nodig, om die eerste 'n bestaan te verseker.

Maar ons kan niks oorkom als ons sê dat Engeland se hoofdoel met die oorlog, die, soos ik sê, dit verwag het, en waarvoor sijn, vir die eerste maal in haar bestaan klaar was om die handel van die wereld te behou en om die handel van Duitsland die nek in te slaan. Engeland kon alleen die eerste nasie van die wereld wees so lank als sijn die wereld handel regeer, en sijn wis heel goed, dat, als sijn die handel verloor, dit met haar sou gaan soos dit vroeër met Spanje, met Portugal en met Holland gegaan het. Daar was in die laaste vijftig jaar 'n gevaarlike mededinging opgestaan, die langsamerhand die wereldhandel naar sig, en weg van Engeland getrek het. Duitsland was 'n magtige staat geword en waar daar 'n Engelse handelaar of 'n Engelse handelsskip te vinde was, was daar ook 'n Duitse. Engeland, toen sijn op die toppunt van haar mag was, het gedenk, dat dit nie vir haar nodig was om sig met teveel kolonies te belas nie, en sijn het 'n klomp daarvan, wat toe onbetaalbaar was, laat vaar. Twee daarvan het vrijë republieke geword en die ander het die Duitsers in besit geneem. Later egter, toe die landstreek begin rijk word, en floreer, siet Engeland dat sijn 'n fout gemaak het en dat sijn dinge van waarde weggegooi het. Dus, sijn moet weer 'n plan maak om hulle trug te krij. Nie alleen het sijn rijke lande weggegooi nie, maar sijn het ook haar mededinger, wat die dele wat hulle geneem het aan die Ooste en Weste van Afrika en bewerk het, 'n middel in die hand gegee om s'n handel mee uit te brei, en dus vir Engeland's bestaan gevaarlik te word. Met die twee arme, swakke republiekies was die saak gouw afgehandel, en die werd, alhoewel met grote onkoste en verlies, weer ingepalm. Maar met die Duitse kolonies was dit 'n ernstiger saak. Hier moet sijn hulp hê, en haar politiek, onder die skrandere Eduard VII was net daarvoor aangelê om ander moëndhede in die ding in te sleep en om die spit af te bijt, soos hulle dan ook gedaan het. Arme België en groot en vroeër rijke en florerende gedeeltes van Rusland

en Frankrijk lê vandag in puin om Engeland te help, terwyl Engeland self nog so te sê niks gelij het nie.

Maar dit was nie genoeg nie. Die arme republieke, die na 'n lang en vernielende oorlog, hul vrijheid verloor, moes ook nou kastanjes uit die vuur uitkrap om hul verdrukkers te help. Dit is, soos ik sê, moeilik om nou 'n onpartijdige of ware kommentaar te skrywe oor die redes van dinge wat nou gebeur, maar die geskiedskrywer van die toekoms sal kan 'n verklaring van die dinge gee sonder om die gevaar te loop bij Munnik in die "box" te staan of om met Freemantle en Fichardt geld te moet bestee aan regsprosesse. Hoe dit ook al sij, die feit is daar, en dit is al wat ons op die oomblik mee te doen het) dat die mense wat vroeër die voormanne en kampvegters was van die Boerevolk, stadig aan die simpatie, wat so onmisbaar is vir iemand wat die Boere wil regeer verloor het en skeen te vergeet wat hul gevoelens 'n korte tien jaar te vore was. Die regte tradisies en verlange van die Volk werd vergeet en vertrap, en die belange van hul ervvijande werd meer en meer op die voorpunt gestoot, tot dat dit eindelijk so ver gekom het dat die Boere volk bijna nie meer enige regte had nie. Die ou reg wat die volk had om op alle dinge van belang hul opinie uit te spreek en hul wense te kenne te gee werd langsamerhand verkrag en, die autokrasie van partij-regering het die plek ingeneem van die demokratiese sisteem van "door het volk, voor het volk."

Partijregering die maak nie voorsorg vir 'n geleentheid waar 'n groot en belangrike punt opkom vir beslissing na dat die verteenwoordigers van die volk gekose is, en die noodsakelikheid waaraan nooit gedag was nie, en, als die voormanne van die volk dan bang is dat die volk van hulle kan verskil neem hulle nie die moeite nie—nee, hulle sorg selfs dat dit nie moet, of kan, gedaan word nie. Dit gee hulle 'n kans, als hulle nie meer in simpatie is met hul volk nie, of hulle iets wil opdring die hulle onsmakelik is, om dit te doen, en hul regering is dan meer autokraties dan die van die Tsaar van Rusland voorgestel word. Maar, om die waarheid te sê, is die Eerste Minister van die Unie 'n groter autokraat dan die Tsaar selwe, want die Tsaar is bang vir die mense wat hij regeer, maar die Eerste Minister van die Unie weet dat sijn volk nie

moorddadig is nie, en hij maak dus wat hij wil, dit is, so lank als hij sijn hand oor die hoof van sommige van die Parlementslede kan hou en dus 'n meerderheid kan behou. Hoe hij dit reg krij weet alleen hij en die mense wat hom ondersteun, maar iemand die so wil regeer sal wel middels krij.

So'n posisie het, na die uitbreek van die oorlog in Europa, in Suid Afrika ontstaan. Engeland, die haar hande meer dan vol had in Europa, het begin rondkijk vir ape om vir haar die kastanjes uit die vuur te krap in ander dele van die wereld en het heel goed gesien dat sij die politieke toestand in Suid-Afrika tot haar voordeel kon gebruik. Die pertij wat toe die bewind in hande had was, in naam 'n Boere regering, maar feitelik was dit maar die skil die oorblij van wat vroeër 'n goeië, gesonde volksregering was. Die pertij, wat haar regering begin het op steun van die stem van die Boerevolk, werd verlaat deur die meerderheid van die Boere volk, alhoewel die verteenwoordigers van die volk, met die uitsondering van 'n klein getal mense die hul volk meer lief had dan hul pertij-oorhede of hul eië persoonlike belang, in hul setels blij sit het, sonder te protesteer. Die feit dat hulle nie meer in die simpatie was met hul volk en dat hulle nie meer die wense van hul eië volk behartig nie, was bij hulle niks. 'n Mens kan nouweliks gloo dat hulle so danig Engelsgesind geword het of so 'n groot belang gestel het in die "Empire" dat hulle hul eië volksbelange op die agtergrond gestoot het, en geweiër het om te luister naar die waar-skuwing die geuit was deur die stuk of wat manne die nog aan hul volk getrou was. Ons kan geen gesonde uitleg daarvan bedenken nie. Ons het op die oomblik net met die feit te doen en ons kan net met verontwaardiging toeskouw en sien wat die gevolge is van een sisteem wat die volksvertenwoordigers verbind om maar "Ja, Broer" te sê op alles wat die partijleiër sê, in plaas van die vertenwoordiger 'n mondstuk van sijn konstituente te maak.

In die ou daë was daar in ons land 'n gebruik, 'n mens kan bijna sê 'n instelling, die 'n groot invloed had op die regering van ons land. Dit was dat ieder persoon, wie hij ook al mag wees, vrij naar die Presi-

dent of die hoofambtenare of Volksraadslede kon gaan en sijn opinie uit spreek oor sake waar hij belang in stel. Op die manier het die lede van die regering te wete gekom wat die volk wou hê, en hulle het wel degelik daarmee rekening gehou. Maar teenswoordig is daar nie meer 'n "Derde Volksraad" nie. Daar werd dikwels met die instelling gespot, maar dit deed meer vir die Volk dan die teenswoordige instelling kan doen, doodgewoon omdat ieder burger—en uitlander ook—was daar lid van, en kon naar die President se huis toe stap en daar, onbelemmer deur 'n onverstaanbare en ingewikkelde reglement van orde, sijn griewe of opinies aan die hoof van die Staat voorlê. Die opinie van 'n individu sal wel nie verskil maak nie, maar die opinie van vele moet 'n indruk maak. Nou, egter, is so iets onmoontlik. Als 'n mens die hoof van die Staat wil sien, moet deur soveel moeilikhede gaan voor jij bij hom is, dat dit nie die moeite wêrd is nie, en al bereik jij hom, dan word jou vertel dat hij besig is en nie tijd het om met jou te praat nie, viral als wat jij sê nie naar sijn smaak is nie. En nou met 'n parlamentslid te praat help nie, want, al stem hij met jou in, kan hij niks doen daar hij net moet dans naar die deuntjie van sijn partijleier.

Om kort te wees, dit is wat in Suid-Afrika teen die end van die jaar 1914 gebeur het. Engeland het goed genoeg gesien dat die Regering onder die duim gestaan het van die Engelse partij en dat die parlement bereid was om enige ding goed te keur, wat hul partij-leiers goed vind. Wat die gevolg daarvan was, kon hulle nie skeel nie, so lank als hulle sig kon troos met die gedagte dat hulle hul leiër in sijn foute ondersteun het en dat hulle nog 'n jaar langer die eer en die voordeel sou hê om parlamentslede te wees. So het Engeland die regering oorgehaal om 'n veldtog teen Duits Suid-Wes-Afrika te onderneem. Die Engelse seksie, natuurlik, had daar niks op teen, want dit was vir die glorie van die "Empire" en die Boer sou daarvoor moet betaal, en die spit afbijt. Duits Suid-Wes was, alhoewel dit maar min bekend was, een van die rijkste dele van ons sub-werelddeel, en die moet geneem word. Hulle kon dit op die oomblik nie self doen nie dus het hulle met hul gewone politiek van beloftes en vleiërij, die Regering van

Suid Afrika so vër gekrij, dat hulle besluit om die land teneem, om die volk daarheen te stuur of hulle wil of nie, en om die onkoste van die ekspedisie te betaal. Als die kabinet sê: "Ja", dan moet die Parlement onder 'n partijregering maar sê: "Toe, maar."

Op die voorwendsel dat die Duitsers die Unie aangeval het, het die Parlement die veldtog toegelaat en eindelijk het 'n grote mag versamel om 'n handjie vol mense aan te val en te beroof, die niks beter gevra het dan om in vrede daar gelaat te word. Die voorwendsel dat die Duitsers die Unie aangeval het is een van die flouwste en belaglikste die 'n regering nog ooit gemaak het. Dit het Engeland drie jaar geneem om met bijna 'n half miljoen man die twee Republieke te oorwin, en hier kom hulle die volk vertel, dat 'n kolonie, waar daar net tien duisend weerbare manne in is, en waarvan die hele bevolking maar dertig duisend is, man, vrouw en kind, die ganse Suid-Afrika sou aanval. Dit is maar een meer bewijs dat die regering vas beslote was om hul eië kop te volg, of liever te doen wat hulle gevra is. Hulle het nie eers die moeite geneem nie om 'n verstandige rede te soek vir hul onnosele besluit. Maar, terwyl hulle wis dat die hanslammertjies in die Parlement maar sou "ja" blêr als hulle hul dit gebied, het hulle die besluit geneem, en die Aktiewe Burgermag word uitgeroep.

En toe begin die moeilikheid in ons eië land. Die Afrikaanse Volk, die volk aan wie Suid-Afrika in alle morele reg behoort, die in die meerderheid is en die die land behoort te regeer, die enigste volk waar Generaal Botha, als hij nog Afrikaner was, na moet geluister het, was verontwaardig oor die stap wat die Regering wil neem.

'n Handjievul parlamentslede, die nog aan hul volk getrou geblewe was, en nie met hart en siel naar die engelse seksie oor gegaan het nie, het, uit naam van die Afrikaanse volk, teen die voorgenome misstap geprotesteer, maar verniet. Die pleit dat die regering die volk eers moet raadpleeg werd opsj geset omdat die regering goed wis dat die volk nooit soiets sou toelaat. Toe die protes in die parlement nie help nie het die volk self geprotesteer, maar ook verniet. Die regering het

hul ontag en hul regte verkrag tot dat 'n groot deel daarvan gedwonge was om te protesteer op die enigste manier die 'n indruk kon maak, en dit is met die wapen in die hand. Of dit 'n gewapende protes of 'n rebellie was is 'n kwessie van minder belang, en daar is, trouwens, ook geen verskil nie. Maar die feit is daar dat die volk verplig was om die wapen in die hand te neem.

Nou, die gebeurtenisse van die daë is so kort maar voorbij dat dit onmoontlik is om nou, wanneer die gevoelens nog hoog is, 'n geskiedenis daarvan te vertel, en ik sal dit maar nie waag nie. Ik moet mij meer bij die geskiedenis van die mense waarvan ik vertel het, hou, dan om in groter sake in te gaan, maar dit is tog nodig om iets daarvan, en van die omstandighede in die land wat dit veroorsaak het, te vertel, sodat die handeling van die gemelde mense, en hul ondervindinge, meer verstaanbaar word.

Daar was bijna nie een enkel mens in die Vrijstaat, en dus in die Kroonstad distrik wat nie deur die sogenaamde rebellie geaffekteer was nie, en dit het 'n tamelike invloed gehad op Gert s'n omstandighede in die paar maande die daarop gevolg het. Toe die Rebellie uitbreek, werd nie alleen die Aktiewe Burger Mag uitgeroep nie, maar ook die Nasionale reserwe, en daar was Gert, volgens die wet, ook een van. Hoe min dit ook naar sijn smaak was om sijn eië volk te help onderdruk, tog was hij verplig om dit te doen, en hij werd ook aangesê om kommando toe te gaan. En te meer, daar hij, wis van die rebellie voor dat die eintlike uitbreking daarvan gekom het, soos ik later sal vertel, en daar was baing van sijn vriende bij. Onder andere was Rijk Renier ook weg en het bij die Rebelle aangesluit en dit was vir Gert 'n vreeslike gedagte dat hij sijn beste vriend met die wapen in die hand moes agterna sit; en, ik twijfel nie of dit was een van die redes dat daar in die rebellie so min geveg was. Broer was teen broer, en seun teen vader, met die verskil egter, die een was vrijwillig daar en die ander was daar onder dwang. Dit is aan een kant gelukkig gewees, want, was dit nie dat vader moes veg teen seun, en broer teen broer, dan het daar in Suid-Afrika 'n bloedbad plaas gevind soos ons arme verdrukte land nog nooit gesien het; en soos ik

hoop dat dit nooit sal sien nie. Maar laat ons nou al die moeilikhede so lank op sij sit en met ons storie verder gaan. Wat Gert en Cora betref, gedurende die paar maande van die woeling, het dinge meer of min gebly soos hulle was. Hulle het mekaar selde gesien, en daar die distrik tamelik in 'n woeling was, kon hulle nie veel aan mekaar skrywe nie, maar hulle het daarom afgespreek dat, so gouw als dinge weer stil was, sou hulle gaan trouw, of ou Verwij dit wou hê of nie.

Ou Verwij, die nou vas besluit het dat hij sijn boedel nie sou verdeel nie, en die, nou dat hij weer gesond voel, vergeet het hoe ernstig die waarskuwing van die dokter was, weer sijn harde, norske maniere aan geneem het, wou met Gert niks te doen hê nie en het hom beliet om op die plaas te kom. Hij was self nog nooit van sijn siekte af, in die dorp gewees nie. Maar hij het sijn prokureur laat haal, en het weer een testament gemaak. Hij het lank in geheim gesprek gewees met die prokureur, en toe die regsgeleerde daar weg kom en in sijn motor, die hom uit gebreng het, klim, skud hij sijn kop en 'n mens kon sien dat daar dinge gebeur het wat hom nie geval het nie, en ook dat hij dinge gehoor het wat nie vir hom te plesierig was nie. Maar wat in die testament gestaan het, en wat hij die prokureur daar vertel het, het ou Verwij in sijn leeftiid aan geen mens vertel nie, en die prokureur, gebonde deur sijn amb, kon ook nie vertel nie.

En nou, laat ons bietjie terug gaan en sien wat gebeur het net voor die Rebelle begin het.

HOOFSTUK XII.

VRIENDE VERSKIL.

Laat ons eers weer 'n bietjie agteruit gaan. Toe die parlement besluit om Duits Suid Wes Afrika aan te val, word die Aktiewe Burger Mag uitgeroep om, soos die regering dan voorgegee het, vredesoefeninge te hou. Dit was 'n wonderlike ding dat, terwyl die Unie 'n oorlog aan die hand had, hulle vredesoefeninge moes hou, met die mense die hulle sê nie hoef te gaan veg nie. So als iedereen weet, is die Aktiewe Burger Mag 'n soort van kadet korps, waar die kinders van tussen sewentien en een en twintig heen gestuur word om soldaatjie te speel, en die ouërs van die kinders was ontevrede daaroor dat die kinders moet opgeroep word in 'n tijd van oorlog, en hulle was tereg bang, dat die gowernment van die kinders wil gebruik maak om die Duitsers aan te val. Die hele land was daaroor in rep en roer. Die volk was, in die eerste plaas, daar absoluut op teen om wat vir hulle tenminste, 'n vriendelike kolonie was te gaan aanval, en dan word dit nog bowe op voorgestel, om dit met die klomp kinders te gaan doen. Alhoewel die Engelse dit nie wil glo nie, is die Boere daar nie biesonder trots op dat hulle 'n deel van die beroemde Britse rijk uitmaak, en alhoewel hulle liever onder Engelse regering staan als onder 'n ander vreemde heerskappij, is dit nie te sê dat hulle die Engelse lief het nie, en dit is nog geen rede waarom ons ander nasies moet haat net omdat hulle vijande van die Engelse is. Maar laat ons liever nie van die dinge praat nie, anders word die verhaal 'n politieke vlugskrif, inplaas van 'n geskiedenis.

Toe die aktiewe Burgermag uit geroep was om hul-sogenaamde vredesoefeninge te maak, was die klomp van Kroonstad ook uitgeroep, en hul kamp was nie ver van die dorp nie. Bij die offisiere daarvan was 'n paar vriende van Gert en van Rijk Renier, en, soos Gert gesien het, was daar een wat biesonder, meer dan nou eintlik nodig was, bij Renier was en dikwels bij hom in die kantoor was. Gert en Renier was gewoon om in die na-middag, als hul werk klaar was, naar die kamp te gaan en om daar met die offisiere en ander lede van die mag, die hulle bekend was,

te gesels, en pertijmaal daar te blij en te eet in die offisiere-mess, en die aand daar deur te bring. Gert het gemerk dat daar iets verkeerd was en dat daar 'n gevoel in die kamp was van ontevredenheid. Die offisiere het bedekte aanmerkinge gemaak en die onderoffisiere en manskappe het openlik gepraat. Die groot grief was dat hulle 'n mag was wat in lewe geroep was om die Unie te verdedig, en nie om vreemde lande of nasies aan te val nie. Buitendien, daar werd openlik gesê dat die Duitsers hul vriende was en dat die Engelse hul eië vuil werk moet doen. Gert het, hier en daar met 'n paar van die offisiere oor die ding gepraat en altijd was die antwoord die selfde

„Ons is bereid om die Unie te beskerm maar ons gaan nie oor die lijn nie.”

Selfs sommige van die offisiere van die staf, het die selfde antwoord klaar gehad.

„Maar” het Gert hulle gesê „Julle is soldate, en moet doen wat julle gebied word”.

„Dit kan wees soos dit wil, maar oor die grens gaan ons nie”.

Die meeste het beweer dat hulle nie bereid was nie om met 'n klomp kinders 'n vreemde land in te trek, en dit teen 'n nasie wat so te sê, vir oorlog gemaak is. Maar die groot rede was altijd:

„Waarom moet ons mense gaan aanval wat ons niks gedoen het? Waarvoor is dit nodig? Die ding sal tog in Europa moet beslis word. Als die Duitsers ons aanval, sal ons hulle uit ons land hou, want als ons moet kies, wil ons liever onder die Engelse staan, als onder die Duitsers, maar solank als hulle ons nie hinder nie, gaat die ding ons nie aan nie.”

Gert het ook opgelet dat Rijk als hij in die kamp kom, gewoonlik opsj gaan met een of ander van die offisiere en dan met hom in gesprek blij. So het Gert naderhand die idee gekrij dat daar iets aan die gang is, waar Rijk 'n hand in het. Hij het eers nie veel notisie daarvan geneem nie, maar later, toe daar tamelik vrij in die dorp, en distrik gepraat word van 'n protes, en van allerhande ander dinge het hij meer en meer daarvoor nagedenk en tot die konklusie gekom dat Rijk een van die leiërs was van die beweging. Rijk was een van sijn oudste vriende en hij besluit om met hom daarvoor te praat, en uit te vinde wat daar

aan die gang was. Daarom het hij een aand, toe hij en Rijk alleen op sijn kamer gesit en gesels het, hom daarvan gevra:

„Rijk” sê hij, „wat is hier in die dorp aan die gang? Ek het 'n gevoel dat daar iets verkeerd is, maar ik kan nie uitvinde wat dit is nie. Daar is 'n soort van onrus in die land, en dit is nie die oorlog wat dit veroorsaak nie.”

„Waarom denk jij so?” vra Rijk.

„Wel, dis moeilik om uit te lê waarom 'n mens sulke gedagtes krij, maar daar is baing dinge wat daarop wijs. In die eerste plaas, soos jij self weet, is daar 'n neiging tot muiterij in die kamp. En dit is nie 'n kleinigheid nie, en wat die gowernment doen, kan ik nie verstaan nie. Dit kan onmoontlik wees dat die gowernment nie daarvan weet nie, maar dit lijk of hulle nie dië minste notisie daarvan neem nie. Dan merk ik ook dat die onrus nie alleen in die kamp is nie. In mijn lijn van besigheid kan 'n mens gow genoeg merk dat daar iets verkeerd is. Die boere wil net hul goed verkoop en verder is daar nie besigheid nie. Hul pèrde wil hulle kwijt raak. Hul wol en velle wil hulle van kant maak, en dit lijk of hulle niks meer in hul besit wil hê nie dan absoluut, vir hul eië gebruik nodig is. Dit lijk of hulle oorlog in die land verwag.”

„Wel” antwoord Rijk, „wat jij sê is helemaal waar. Daar is so'n gevoel, maar wie kan sê wat gaan gebeur?”

„Als jij nie weet nie, Rijk, dan weet niemand dit” sê Gert, en Rijk kijk hom verskrik aan.

„Wat meen jij?” vra hij.

„Wel,” antwoord Gert, „van wat ik ook opgemerk het weet jij meer van wat aangaan dan die meeste mense”.

„Waarom denk jij so?” vra Rijk.

„Kijk” antwoord Gert; „jij is in die eerste plaas, een van die voormanne hier in die politiek. Jij is een van die sterkste van die wat geprotesteer het. Waar daar 'n vergadering openlik of geheim gehou word, is jij daarbij. Jij gaat altijd om met die kwaaieste mense van die protes partij, en ik het ook opgelet dat jij baing geheime gesprekke voer met die ontevrede offisiere in die kamp. Jij bemoei jou amper nie meer met jouw besigheid nie en hou jou uitsluitelik met politiek besig. Als daar iets in is, kan jij mij dit gerus vertel, want jij weet dat ik jou nie sal verrai nie.”

Rijk het 'n tijd stil gesit, en toe staan hij op en gaan

naar die deur toe. Hij het uit gekijk of daar iemand in die gang was, sluit die deur toe, en kom weer bij Gert sit. Hij het sij stoel nader getrek, en sê toe, terwijl hij sijn stem so laag molik maak, dat als daar misskien iemand buite was, hij dit onmolik sou kan hoor.

„Gert” sê hij, “ik weet dat ik jou kan vertrouw, en, als jij mij belowe om nie 'n woord te sê nie van wat ik jou gaan vertel sal ik jou sê hoe die ding staan. Belowe j̄ij dit?”

„Ja” antwoord Gert „dit belowe ik”.

„Nou ja, kijk. die ding staan so. Ik is ontevrede met die toestande wat vandag in die land bestaan, en, ik durf dit sê, die ganse volk is daaroor ontevrede. 'n Groot klompense het besluit, terwijl die gowernment nie naar onse griewe of proteste wil luister nie, om die regering te dwing om naar ons te luister. En om kort te gaan, daar is nou net een argument in ons mag waarnaar hulle gedwonge sal wees om te luister, en dit is die wapen. Ons het besluit om nou nie meer ons tijd te mors met memories, petisies of vergaderinge nie maar om mannelik op te tree en, met die wapen in die hand, onse regte te eis. Ons wil nie gedwing wees om vir Engeland oorlog te maak nie, en die land in skuld en armoede te dompel. Ons wil nie onse kinders, of mans ook als dit daarop aankom, laat doodskiet nie vir belange van 'n land en 'n nasie wat ons nie, om die minste te sê, mee in simpatie is nie. Ik, en die wat met mij denk, is van opinie dat ons ons regte nie sal krij onder die tans bestaande regering sonder geweld nie, en, ons sal hulle met geweld bedreig om ons regte te krij. Die redes waarom ons ontevrede is, is aan die hele wereld bekend, maar die gowernment, omdat hulle onder die duim staan van die Engelse seksie in die Parlement, neem nie die minste notisie van die griewe van ons volk, en maak net wat hulle wil. Hulle verag die volk wat hulle hul mag gegee het. Hulle sê dit is maar 'n klein faksie wat wil moeilikhe-
de maak, maar ons sal hulle wijs of dit so is of nie.”

'n Tijd lang was daar stilte in die kamer. Ieder van die twee was besig met sijn eië gedagtes. Rijk was besig om te denk of hij Gert sou kon omhaal om met hulle saam te gaan, en Gert was besig om te denk wat van die poging sou word en hoe dit hom sou affekteer als daar werkelik so iets sou gebeur. Eindelik sê Gert:

„Maar Rijk, dis rebellie, dis opstand.”

„Ja” antwoord Rijk; „dit kan daarvoor aangesien word, maar ons kan dit nie help nie. Dit is 'n protes teen die handelwijse van die regering, maar als dit groter gevolge het, kan ons dit nie help nie.”

„Maar Engeland sal weer die land vol laai met troepe. Hulle kan nie anders nie. Hulle sal hul laaste man en laaste pennie moet gee om die land te behou, want verloor hulle Afrika dan is die Britse rijk ook klaar”.

„Engeland” antwoord Rijk, „kan nie nou genoeg man of geld mis om teen ons te veg, en dit is nou ons kans. Als ons ooit ons regte moet trug krij, dan moet ons daarvoor veg, en nooit sal ons 'n beter kans krij dan nou nie.”

Weer was daar 'n lang tijd stilte, en toe vervolg Rijk:

„Wat denk jij, Gert. Waarom kom jij nie met ons saam nie. Jij is 'n Afrikaner nes ik, en ik weet dat jij jouw land en volk lief het. Nou is jouw kans om dit te bewijs. Ik weet jouw hart is bij ons. Waarom volg jij nie die hart wat jou beveel om bij jouw volk te staan nie. Ik kan jou nie alles vertel nie, maar ik verseker jou dat dit 'n groot beweging is, en ik het hoop dat die laaste Afrikaner als een man sal opstaan vir zijn regte. Kom, kerel! gaan met ons saam”.

Lank het die twee daar gesit, sonder om 'n woord te sê. Gert het ernstig oor die ding na gedenk, want hij was, soos Rijk gesê het, 'n Afrikaner, en hij voel dat, als dit moontlik is, hij bij zijn volk moet staan. Maar hij was geen heethoof en, naar zijn gewoonte, het hij die ding van alle kante beskou voor dat hij tot 'n beslissing kom. Einde-lik sê hij:

„Kijk, Rijk, ik is, soos jij sê 'n Afrikaner, en ik het mijn volk lief. Maar ik denk dat julle 'n grote fout maak. Ik wil nie hê nie dat jij moet denk dat ik 'n lafaard is, of dat ik nie bereid is om mijn volk te ondersteun waar dit nodig is nie, of als daar kans is op sukses. Dus sal ik jou mijn redes sê waarom ik nie met julle kan saam gaan nie. Daar lê juis, in mijn opinie, die hele punt. Daar is nie die minste kans op sukses nie, omdat die volk te verdeel is. Op die oomblik is dit maar die helfte van die volk wat wil opstaan. Die ander helfte sal die regering blij aanhang, en dan gee dit 'n burgeroorlog af, 'n oorlog tussen vader en seun, tussen broer en broer. Was dit die ganse volk wat opstaan, dan, reg of verkeerd, is dit die plig van elke Afri-

kaner om bij sijn volk te staan. Maar die beweging van julle is nie 'n volksofstand nie, maar dit is 'n partij opstand. Dit is nie 'n opstand van 'n onderdrukte volk teen 'n vreemde heerskappij, maar 'n beweging van 'n swakkere partij teen die sterkere. Die grondslag van die opstand lê in die feit, dat julle Botha uit die regering wil hê en nie omdat julle die Britse juk wil afgooi nie. Dit kan een van julle redes wees, maar dit is nie julle hoofdoel nie. Julle feitelike beweegrede is persoonlike haat teen Generaal Botha en sijn regering, en alhoewel ik dit daar volkome met julle eens is, beskou ik nie dat 'n saak wat op so 'n fondament gebou word, sukses kan hê nie. Dit is alleen hoë idiale wat 'n ganse volk tot 'n strijd kan aanmoedig, maar die drijfveer wat julle tot opstand beweeg die sal maar net 'n gedeelte van die volk naar julle kant oorbrenge.

Dit is waar dat dit nou 'n goeie tyd is, maar die hele volk sal dit nie insien nie. Daarom sê ik dat julle nie sukses kan hê nie. Buiten dat die hele volk met julle saam gaan sal julle nie slaag nie. Dit sal maar net 'n burger oorlog afgee wat ons volk nog meer sal uitmekaar skeur. Jij moet nie vergeet nie dat Generaal Botha, hoe hij die volk ook al mislei het en hoe hij al 'n wanbestuur op die been gebring het, nog 'n groot aantal aanhangers onder die volk het en die sal bij hom staan en teen julle gaan. Dit is wel waar dat die meerderheid van die Afrikaanse volk hul vertrouwe in Generaal Botha verloor het, maar jij moet ook nie vergeet nie dat hij die hele Engelse seksie agter hom het, en dat hulle tesame met die Boere wat nog Ja en amen sê op alles wat Botha wil hê teen julle sal wees en dat hulle in die meerderheid is. Als die hele Afrikaanse volk gestaan het teen die Engelse seksie onder Generaal Botha, dan kon julle iets uitvoer, maar nou glo ik nie dat daar iets van kan kom nie.

En nog meer. Ik beskou dat die wapen die laaste resort is in 'n dispuut tussen volk en volk, en dat daarvan nie gebruik moet gemaak word nie tot na alle andere middele perbeer is. Afgesien van die feit dat die beweging van julle nie, in grondslag, 'n kwessie is tussen partij en partij maar daar is nog die ander feit dat die enigste manier wat die wet toelaat om die moeilikheid te vereffen, nog nie

perbeer is nie, en dit is die konstitusionele middel van die stembus.

Dit is waar dat, als die eleksies volgende jaar kom, dit te laat sal wees om die kwessie van Duits Wes te affekteer maar daar is 'n heel verskil tussen 'n opstand en 'n weigering om diens te doen. Ik is nie 'n regsgeleerde nie maar ik wil aanneem, en glo ook, dat die regering niemand kan verplig om buiten Suid Afrika diens te doen. Daar kan, dus vele ekskuse vir 'n dergelike weigering gevind word, maar vir 'n opstand kan daar net een ekskuus wees, en dit is sukses. In mijn opinie, sal julle nie sukses hé nie, en, soos dinge vandag in die land staan, het julle geen kans daarop.

Daar is, natuurlik ook ander redes, wat mij persoonlik betref, waarom ik nie met julle kan saam gaan nie maar die wil ik nie eers noem nie, want, als ik dag dat julle op politiek en staatkundig gebied reg was sou hulle nie verskil maak nie.

Daarom is ik van opinie dat, voor dat julle die wapen in die hand neem julle goed moet oorweeg of julle wel die beste ding doen vir die volk, en of dit nie meer raadsaam is om op politiek gebied te werk nie. In plaas van nou die wapen op te neem en die land onnodig in 'n oorlog te stort, moet julle organiseer en perbeer om jul partij sterker te maak. Werk Botha op konstitusionele wijze daaruit. Dit sal tijd neem, maar kom dit nie bij die eerste eleksie reg nie dan sal dit wel bij die tweede reg kom. Die volk sal wel later insien dat die regering hulle, met hand en voet gebonde, aan die Engelse oorgegee het, en so gouw als hulle dit insien, dan is Botha se kerk uit. En, hulle sal dit insien, want, soos iedereen weet, als 'n mens op die verkeerde pad is dan moet hij of omdraai of hij moet bij n verkeerde plek uitkom. En Botha is op die verkeerde weg en hoe verder hij daarop reis, hoe gouwer sal die volk dit uitvind.

Ik beskouw dat dinge gouwer op die manier sal reg kom dan deur 'n opstand wat sal lei tot burgeroorlog. Die sal nog bitterder nijd en haat en nog groter skeuring sonder ons volk veroorsaak."

Weer was daar 'n lange stilte in die kamer en dit was lig te sien dat die lang rede van Gert op Rijk 'n indruk gemaak het. Eindelijk sê hij

„Daar is baing in wat jij sê maar ik verskil van jou. Als ons nie nou iets doen nie, sal die volk meer en meer apateties word, en dan, als dit so aangaan, sal die tijd kom wanneer hulle geen volk meer is”.

„Dit is waar”, antwoord Gert, „die gevaar bestaan, maar als hulle eers op mekaar begin skiet, sal daar ’n skeuring onder die volk kom wat jare sal neem om weer reg te krij terwyl, als julle net op politiek gebied veg, sal die skeuring binne ’n paar jaar weer geheel wees.

„Wel”, antwoord Rijk, en daarmee bewijs hij weer sijn heethoofdigheid, „dit kan wees soos dit wil, maar ons gaan dit doen”.

„Dit spijt mij”, sê Gert, „maar ik kan nie met julle saam gaan nie”.

„Dit spijt mij ook, Maar ik gaan, kom wat wil. Ik hoop ten minste, dat dit nie onse vriendskap sal breek nie.”

„Nee, glad nie,” antwoord Gert, „Ik respekteer jou vir jouw opinies, en ook dat jij die moed het om vir jouw opinies op te staan. Maar ik denk julle maak ’n fout. In elk geval, onthou net, dat ik jou vriend is en dat, als ik iets vir jou kan doen, ik dit saldoen.”

„Dankie” antwoord Rijk, terwyl hij sijn hand uitsteek. „Ik sal jou nou maar groet, want misskien sien ik jou nie weer nie. Dag Gert!”

„Dag, Rijk”.

En sonder verder ’n woord te sê gaan die twee uitmekaar. Rijk was opgeruim en plesierig want hij was van die soort wat nooit neergeslaë is nie, en vir niks omgee, al weet hulle dat hulle die ongeluk te gemoet gaan. Gert was mismoedig want hij sien in sijn gedagte ’n land in oorlog gedompel en ramp op ramp gebeur wat hij onnodig beskou. Sijn hart was ook seer omdat dit bij sijn volk was, maar sijn verstand gebied hom om sig nie in ’n ding te begewe nie wat hij glo tot mislukking gedoem is.

En tien daë daarna, was die opstand ’n voldonge feit, en Rijk, met meer andere uit die dorp en distrik was spoorloos verdwyn.

HOOFSTUK XIII.

IN MOEILIKHEID.

Soos ons gesê het. Gert was ook aangesê om kommando toe te gaan, en hij was eers van plan om, met 'n heel boel ander, diens te weiër. Maar hij het die geluk gehad om, daar hij sulke dinge gewoon was, aangestel te word om in Kroonstad op die kommissariaat te werk, so dat dit nie vir hom nodig was om te gaan weg nie. Dit was selfs nie nodig vir hom om uit Kroonstad weg te gaan nie. Hiermee was hij tevrede, en het sig verder nie met die oorlog bemoei nie.

Een ander geluk die hij had was dat ou Verwij, die bang was vir die rebelle, met sak en pak die plaas verlaat het en in die dorp kom woon het, en hij het, natuurlik, vir Cora mee gebreng. Gert het haar toe, bijna elke dag, gesien en hulle was so gelukkig dat hulle bijna vergeet het dat daar oorlog in die land was. Hans, die ook opgekommandeer was, was 'n tijd in die veld gewees, maar het, op een of ander manier, van diens vrij geraak en was, in die tijd wat ons nou van vertel, weer in die dorp. Hij was aangestel als luitenant, maar waarvan wis niemand, en, ik glo, hij ook nie. Elke tweede man die jij ontmoet was offisier, en dit lijk of hulle, in vele gevalle, maar aangestel was om hulle stil te hou. Hans het in die dorp in 'n splinter nuwe uniform rond geloop, maar hij het skijnbaar geen militaire pligte gehad nie. Gert was vereer met die strepie van 'n korporaal, maar terwijl hij bijna nooit 'n uniform gedra het, het dit tog nie 'n saak gemaak nie, en niemand het daar iets van gesê nie.

Nou, dit was omtrent 'n week na ou Verwij in die dorp kom woon het, toe gebeur daar iets wat veel verdriet veroorsaak het. Dit was oor die tjek van vijftien pond wat Hans gewissel het. Het ou Verwij nie in die dorp kom woon, dan kon dit gewees het dat die kwessie nooit uit sou gekom het, en dat hij nooit 'n geleentheid sou gehad het om met die slagter daarvoor te praat nie. Hij het, toe hij die tjek vermis het, Hans daarvan vertel, en het hom gesê om daarnaar te kijk, het die ding aan hom oor gelaat en toe dit vergeet.

Op 'n sekere dag, egter, krij hij die slagter in die straat, en na hulle gegroet het, sê hij:

„Het Hans jou vertel van die tjek. Waarom het jij mij nog nie 'n ander een gestuur nie?”

„Watter tjek?” vra die slagter.

„Die een wat ik verloor het”.

„Het jij dan 'n tjek verloor?”

„Ja, die een van vijftien pond. Het Hans jou nie daarvan vertel nie?”

„Nee hij het mij niks gesê nie. Wat is dit daarvan?”

„Wel, ik het dit verloor. Ik het Hans gesê hij moet j u daaroor sien, maar met die kommandeerderij het hij dit seker vergeet”.

„So. Het jij hom verloor né. Dan moet ik dit eers stop bij die bank.”

„Ja, en dan moet jij mij 'n ander gee.”

„Dis goed. Ik sal jou sê wat ons moet maak. Kom ons gaan naar die bank en dan kan ik die tjek stop, en dan kan ik jou 'n ander gee.”

Hulle stap toe saam naar die bank toe. Net toe hulle die stoep van die bank opgaan kom Hans om die hoek. Hulle het hom nie gesien nie, maar hij het hulle gesien. Hij staat doodstil van skrik, want hij wis dadelik wat dit beteken. Hij draai om, gaat die sij straat af, en gaat in die private kamer van die hotel sit, neem 'n sopie om sig reg te ruk en begin na denk oor die posisie. Hoe langer hij denk, hoe meer sien hij 'n uitweg uit die moeilikheid. Rijk Renier was die enigste persoon buiten Gert wat wis dat hij die tjek had, en Rijk was weg, ja, hij was waar niemand hom in die hande kon krij nie, en hij sou van self nie weer trug kom nie, en, reken hij, sijn woord was net so goed als die van Gert. Toe dus, hulle hom laat haal, was hij vir hulle klaar.

Toe Verwij en die slagter bij die bank kom, sê die Bankmeester, na hulle gegroet het:

„Wel, here, wat kan ik vir julle doen”.

„Ik wil hé”, antwoord die slagter, dat jij nie moet uitbetaal op 'n tjek wat ik Meneer Verwij gestuur het vir vijftien pond”, en hij haal sijn tjekboek uit en gee hom die nummer en datum van die tjek.

Die Bankmeester lui 'n klokke wat op sijn tafel staan en toe die klerk inkom, gee hij hom die nodige orders. Die

slagter begin toe om 'n nuwe tjek uit te skrywe, maar was nog nie klaar nie, toe kom die kassier van die Bank in. Hij had 'n ou tjek in sijn hand en hij kijk die Bankmeester oor sijn bril aan.

"Die tjek", sê hij, "is alreeds lank a! uitbetaal", en hij gee dit vir die Bankmeester. Hij het dit 'n tijd bekijk, en toe gee hij dit vir die slagter om naar te kijk. Die slagter het dit ook bekijk en met die woorde: "Dit lijk alright", gee hij dit weer vir ou Verwij.

Verwij het dit van alle kante beskou, en toe sê hij:

"Dit mag alright lijk, maar dit is nie alright." Hij gee toe weer die tjek trug aan die Bankmeester, en sê:

"Dit is nie mijn handtekening wat agter op die tjek staan nie."

"Is dit nie?" antwoord die Bankmeester, en na hij dit weer goed bekijk het, gaat hij aan: "Jij's reg, dit is nie jouw handtekening. Dit is vervals. Ons moet die saak ondersoek. Buhrman," en hij draai naar die kassier, "gaat vind uit waar ons aan die tjek kom." Die kassier was 'n tijd weg en toe kom hij trug en vertel hulle dat die tjek ingehandig is deur die winkel waar Gert werk in die gewone loop van besigheid.

"Laat 'n boodskap stuur naar die winkel, en vra of hulle boekhouër hier wil kom," order weer die bestuurder, en kort daarna kom hij -

Hulle wijs hom die tjek en vra hom waar hij daaraan kom. Hij het 'n tijd gestaan en denk, en toe sê hij.

"Gert Boshoff het dit in die winkel gewissel, maar waar hij daaraan kom weet ik nie. Maar hij is nou bo in die kamp. Ons kan hom telefoon." Hulle roep hom toe op, en, na die gewone gesukkel om hom op die telefoon te krij, praat die boekhouër met hom. Die bankmeester, Verwij en die ander kon hoor wat die boekhouër vir Gert sê, maar hulle kon nie die antwoorde hoor nie. Toe hij klaar gepraat het, sê hij:

"Hij sê hij het die tjek vir Hans Verwij 'n tijd gelede ingewissel."

"Dis snaaks", sê ou Verwij, "Hans het geweet dat die tjek weg was, want ik het hom nog gevra om daarnaar te kijk. Ons moet hom laat haal. Hij is in die dorp."

Hulle stuur toe die kantoor jonges om hom te seek. Ou Verwij sê hom hij moet naar Mrs. Nel se huis gaan, want,

sê hij, Hans is daar tuis, en sal seker daar wees. Die knaap, egter, die Hans se gewoontes beter ken dan ou Verwij self, het reguit naar die hotel gestap, en, om 'n lang storie kort te maak, dit was nie te lank, of Hans stap in die kamer in waar die Bankmeester Verwij en die slagter vir hom sit en wag. Hij wis natuurlik goed waar dit om te doen was, en was vir hulle klaar. Hij was desperaat en sou sijn beste doen. Toe hij inkom, groet hij almal, en vra:

“Wat is dit, Pa?”

Die Bankmeester wou praat, maar Verwij stop hom met 'n teken, en sê:

“Hans, onthou jij van die tjek van vijftien pond wat ik verloor het?”

“Ja, Pa Waarom?”

“Waarom het jij nooit meneer Heyns (die slagter) daarvan vertel nie?”

“Ja, dis waar nè. Ik moes hom vertel het, maar ik het skoon vergeet. Maar waarom vra julle. Het Pa dit weer gekrij?”

“Ja, antwoord die ou. Ik het dit weer gekrij. Waarom het jij mijn naam daarop geteken, en die geld getrek?”

Hans kijk sijn vader verstom aan, en sê: “Maar, Pa! wat praat jij nou? Ik weet van die tjek niks.”

“Wel”, sê die ou, “hier is die tjek”, en hij wijs hom dit, “hulle sê dat jij dit bij die winkel gewissel het.”

“Ik, Pa. Ik weet niks daarvan nie. Waarom sou ik dit doen?”

“Dit weet ik nie, maar Gert Boshoff sê dit was jij.”

“O! So!” sê hij, “sê Gert dit. Al wat ik kan sê is dat dit nie ik was nie. Hij sal wel sulke dinge van mij vertel als hij kan. Pa weet wel waarom. Maar waar kom die tjek van daan. Wat weet Gert daarvan?”

Hulle vertel hom toe die hele geskiedenis, en toe sê hij:

“Wel, Pa, jij weet wat in die laaste tijd gebeur het. Ik weet van die tjek niks, en waarom sou ik van jou steel. Ik het nog nooit vir Pa geld gevra, ten minste, nie sonder rede, maar ik denk dat ik nie bang sou wees om vir pa vijftien pond te vra als ik dit nodig het.”

“Nee, Hans”, val die ou hom in die rede. “Ik het genoeg om jou te geë als jij nodig het. Jij hoef nie van mij te steel nie.”

“Dankie, Pa”, sê Hans. “So sien Pa dat dit nie ik kan wees nie.” Hans sit toe 'n lange tyd stil, en toe vervolg hij:

“Dis snaaks, maar nou dat ik daaroor denk, val dit mij bij dat Gert die aand in die huis—op die plaas—was toe pa die tjek verloor of verlé het.”

“Dis waar”, sê ou Verwij, en hij sit skierlik regop. “Dis waar, kan dit wees?”, en die ou sit rond te kijk naar die ander alsof hij 'n antwoord verwag op 'n vraag die, alhoewel hij dit nie ten volle geuit het nie, hulle ten volle verstaan.

“Ik glo nie,” sê die Bankmeester, “dat soiets kan moelik wees nie. Ik ken Gert van zijn skooldaë af en ik denk nie dat hij dit kan gedoen het nie.”

“En ik ook nie,” sê die slagter.

Ou Verwij het op die oomblik niks gesê nie. Hij was met zijn eie gedagte bezig. Hij het nooit daaraan gedenk om Hans nie te glo nie, want, soos Hans self gesê het, was dit vir hom onnodig om so 'n klein bedrag te steel, en dit het nooit in zijn gedagte gekom dat zijn eie seun kon oneerlik wees nie. Maar daar was baing dinge wat daarop wijs dat Gert die skuldige persoon was. Die aand van zijn siekte, die dag wat die tjek weggeraak het, was Gert in die huis, en hij het, nou onthou die ou dit, in die middel van die nag daar weggerij alsof hij bang was om daar te blij. En, daar was die feit, Gert het die tjek ingewissel. Hij het self erken dat dit hij was, maar het daarbij, soos die gemene kèrel die hij was, Hans beskuldig. Maar Hans ontken dit en, soos ons gesê het, dit was nooit die minste in zijn gedagte dat Hans kon gelieg het. Hij het dus eerlik gedenk dat Gert die tjek gesteel het, en dat hij die skuldige persoon was. Die bietjie geld was bij hom niks, en die Bankmeester, die nie so seker was van die saak nie, en die veel van Gert gehou het, sou die ou nog kon omhaal om die ding te sus, maar daar was bij ou Verwij 'n ander rede. Die verloving van Gert en Cora die sit nog al die tyd in zijn keel, en hier sien hij nou 'n pragtige kans om vir goed 'n end daaraan te maak. Hij was daar seker van dat Cora nooit met 'n dief sou wil trouw nie, en dat sij so'n afkeer van Gert sou krij, dat dit tussen hulle vir goed sou uit wees net soos sij daarvan hoor. Buitendien, Gert sou,

noodsakelikerwijse, sijn betrekking verloor, en hij sou miskien Kroonstad moet verlaat. Als dit alles kan gebeur, dan het Hans nog 'n kans en misskien kom die hele wêreld nog reg. Dat Gert daaronder moes lij, was vir hom minder, en, so dag hij, dit was tog sijn verdiende loon, want hij was skuldig.

Hij het dus, hoe die Bankmeester ook al pleit, vas daarop gestaan dat Gert moet gevang word en dat hij moet voorkom op die beskuldiging van diefstal en vervalsing en hij is daervandaan naar die polisie stasie, waar hij die nodige verklaring gemaak het, en die name van die getuie gegee het.

Na hij weg was, sê die Bankmeester aan sijn kassier:

“Jij moet maar virsigtig wees hoe jij jouw verklaring aflê als die polisie naar jou toe kom, en niks meêr sê dan wat absoluut nodig is. Ik ken Gert te goed om te glo dat hij aan soiets skuldig kan wees, en als hij sê dat Hans hom die tjek gegee het, moet hij 'n rede hê daarvoor. Buitendien, meneer Hans is nie die onskuldige skaaplamp, wat sijn vader hom denk.”

“Nee antwoord die Kassier, “dit is persies mijn opinie.”

En toe die boekhouer weer bij die winkel kom en die storie aan sijn baas vertel, het meêr of min die selfde gesprek plaas gevind.

Van die polisie kantoor is ou Verwij naar die logieshuis waar hij en sijn familie nou woon. Hij het 'n lang tijd op die stoep gesit en rook en denk, en, eindelijk, na hij sijn gedagte opgemaak het, laat hij vir Cora roep. Toe sijn kom sê die ou haar dat hij haar in sijn kamer privaat wil spreek en hulle gaan toe daarheen. Toe hulle in die kamer is, sluit die ou die deur en staan eers 'n tijd vir Cora aan te kijk, alsof hij nie goed wis waar om te begin nie, en sijn word naderhand ongeduldig, en vra:

“Wat is dit wat oom mij oor wil sien?”

“Wel”, antwoord die ou, “Ik het slegte nuws vir jou.”

“Slegte nuws! Oom, wat kan dit wees?”

“Dit sal vir jou misskien slegte nuws wees, maar vir mij is dit amper goeie nuws. Ik het die kereel nooit vertrou, en nou sal jij self insien dat hij nie is wat, jij gedenk het.”

“Maar waaroor praat oom nou eintlik, en wie praat oom van?”

“Ik praat van Gert Boshoff.”

“Van Gert, oom. Wat is dit dan met hom?”

“Hij’s in die tronk.”

“In die tronk”, sê sif, terwyl sif nog half glimlag. Die waarheid was so vër van haar gedagte dat sif nog nie goed verstaan wat die woorde van haar oom beteken. Sif dag misskien dat iemand hom verkla het vir ’n rebel, en dat die militaire owerhede hom daarom laat vang net, en dit, dag sif, was meer ’n eer dan iets anders. Maar onwillekeurig vra sif tog:

“Waarom?”

“Omdat hij geld gesteel het”, antwoord die ou.

“Wat?” sê sif, “Wat sê oom? hij het geld gesteel! Dit sal ik nooit glo nie.”

“Wel, jij kan dit glo als jij wil, maar wat ik jou sê is waar, en môre sal die hele dorp daarvan weet.”

Als een die verstom geslaan is deur die nuws sit Cora so lank stil dat die ou man weer begin.

“Wil jij nie weet wat die biesonderhede van die saak is nie?” vra hij.

Cora kijk hom nog ’n tijd aan en toe sê sif: “Ja, sê mij maar.”

Die ou kêrel vertel haar toe die hele geskiedenis, en sluit met die woorde; “En nou moet jij hom dadelik laat weet dat dit uit is tussen julle. Jij kan tog nie met ’n dief trouw nie.”

“’n Dief!” roep sif, “hij is geen dief. Daar moet iets anders agter wees. Oom moet asseblief nie so van mijn aanstaande man praat nie. Hij is net so min ’n dief als jij.”

“Wel”, sê die ou, “ons sal sien.”

“Ja”, antwoord Cora, “ons sal sien. Oom sê hij vertel dat Hans hom die tjeke gegee het?”

“Ja, dit is so”, antwoord die ou, “Waarom?”

“Ik vra, want ik sal hom glo als hij dit sê”, sê Cora stols.

“Maar, Cora, hoe kan jij so praat, en dit van jouw neef! Skaam jij jou nie.”

“Nee, oom” sê sif. “Ik skaam mij nie. Ik ken Gert, en ik ken Hans, en van die twee sal ik Gert s’n woord neem voor die van die ander.”

“Maar, Cora.....,” wil die ou aangaan, maar Cora stop hom.

“Wag, oom, laat ik jou vertel. Daar is redes waarom Hans vir Gert wil kwaad doen. Een rede weet oom self van. Maar daar is iets anders wat oom nie van weet nie”, en sij vertel hom van die bakleislag wat hulle gehad het, van die driegemente wat Hans gemaak het teen Gert. Sij vertel hom ook dat Hans haar hand gevra het en dat sij dit geweier het. “So sien oom”, gaat sij aan, “dat die ding nie so simpel lijk als oom denk. Dit lijk vir mij of julle 'n bietjie te haastig was, en dat oom nog bitter spijt daaroor kan hê.”

“Maar Cora,” sê die ou, “is dit alleswaar wat jij mij vertel, is dit waar?”

“Het ik oom al ooit 'n leuën vertel?”

“Nee, Cora, jij het nie, “maar die saak is ernstig, en die dinge kom so onverwags op mij. Dit is waar dat ik haastig was, maar dat Hans so gemeen kan wees, sal ik nooit glo nie. Dit is onmoelik.”

“Wel,” sê Cora, “als dit onmoelik is vir Hans om soiets te doen, waarom is dit dan vir Gert moelik?”

Die ou man antwoord eers niks, en staan diep in gedagte teen die tafel en leun. Eindelik sê hij:

“Ik is daarvan seker dat dit Gert is en nie Hans nie. Maar dit is daarom waar dat ik te gouw handel het, en eers moet seker gemaak het. Maar daar is nog tijd. Ik sal naar die polisie gaan en die saak solank stop tot ik verder ondersoek het,” en sonder om verder 'n woord aan Cora te sê, gaat hij uit.

Na die ou man uit is, was die reaksie so sterk en die spanning so groot, dat sij in 'n stoel inmekaar sak en daar vir bijna 'n half uur sit en snik. Eindelik veeg sij haar oë af en staat sij op.

“Ik moet ook iets doen om Gert te help”, sê sij, maar wat dit was, kon sij nie denk nie. Na sij nog 'n tijd daar gestaan het, sê sij weer:

“Ik kan maar net wag tot oom trug kom en mij vertel wat gebeur.”

En, bijna op die selfde tijd, in sijn kantoor in die kamp, word Gert deur twee speurders, gearresteer en naar die polisie kantoor gebreng.

HOOFSTUK XIV.

ONDER BORGE.

Toe ou Verwij bij die polisie kantoor kom, sê die sersgeant hom, hoe veel dit hom ook al spijt, dit was te laat om iets te doen. Die speurders was al gestuur om Gert te gaan vang. en die saak was nou uit sijn hande uit, en in hande van die publieke aanklaër. Hij kon daar niks aan doen nie, Die ou glo nog vas dat Hans hom niks anders als die waarheid vertel het, maar hij begin daarom jammer word dat hij so haastig was. Hij was oortuig van Gert s'n skuld, maar nou dat die kwaad al gedaan is, begin hij spijt krij daaroor en hij begin planne maak om te kijk of hij nie die saak kan trug trek nie.

Met die doel gaat hij naar sijn prokureur toe en lê hom die hele saak voor en vra hom wat gedaan kan word. Die prokureur vertel hom ronduit dat daar niks aan te doen is. Op die ou se voorstel dat hij die publieke aanklaër sal sê dat als Gert die geld vergoed hij die saak sal trug trek, sê die prokureur hom dat dit onwettig is en dat die hele ding nou onderhewig is aan die beslissing van die publieke aanklaër, en dat, als hij met die saak wil aangaan, dan moet die saak voorkom.

„Al wat kan gedaan word,” sê hij, „is om hom op borg uit te krij en dan te sien wat ons kan doen om hom te verdedig.”

„Nou, Ja, goed”, antwoord ou Verwij, „borg hom uit, maar op jouw eië naam. Ik sal bij jou goed staan daarvoor. Moet hom net nie laat weet dat ik daar iets mee te doen het.”

„Goed” sê die prokureur, die ons meneer Luttig sal noem, „ik sal dit doen.”

Terwijl Luttig hom klaar maak om met die polisie te gaan 'n regeling tref omtrent die borg, vra ou Verwij:

„Wat denk jij van die saak?”

„Wel”, antwoord hij, „dis moeilik om te sê, maar als die Kroon die getuiënis breng waar jij mij van vertel het, sal dit sleg met hom afloop. So ver als ik kan sien het hij net een kans.....”

„En dit is...?” val ou Verwij hom in die rede.

„En dit is”, vervolg Luttig, „dat hij kan bewijs dat...” en daar steek hij vas.

“Wat moet hij bewijs?” vra weer Verwij.

“Wel, meneer Verwij”, sê Luttig, “als hij moet los kom, moet hij bewijs dat Hans hom die tjek gegee het. U sal wel verstaan wat dit beteken. Als ik Gert moet los krij moet ik bewijs dat Hans nie die waarheid vertel het nie. Als hij in die hof verklaar dat hij niks van die tjek weet, en dit word later bewese dat hij dit wel aan Gert gegee het,—wel, U kan self sien wat die gevolg daarvan sal wees.” En Luttig sit naar Verwij te kijk, en op 'n antwoord te wag.

“Dit is nonsens”, sê Verwij, “Hans sal nooit so iets gedaan het, dus hoef jij nie daarvan notisie te neem nie.”

“Dit kan so wees, meneer Verwij. Als dit so is, sal Gert skuldig gevind word. Maar ons moet mekaar verstaan. Wat moet ik doen in die geval dat ik Gert nie kan los krij nie sonder om Hans in 'n moeilikheid te bring?”

Lank het ou Verwij daarvoor gesit en nadenk. Eindelik sê hij:

“Meneer Luttig, jij ken nou mijn lewens geskiedenis, die ik jou vertel het toen jij mijn testament verander het, en jij weet dat ik mense in mijn tijd onreg aangedoen het. Was dit net 'n kwesie van geld of goed, sou dit mij niks kan skeel nie wat Gert Boshoff moet verloor nie. Maar ik is nog nie so sleg geword nie dat ik 'n man van sijn eer wil beroof als hij dit nie verdien nie. Als hij skuldig is, dan gee ik nie om nie wat van hom word, want dan verdien hij dit, en, om jou die waarheid te sê, sal ik daarvoor blij wees, want dit sal strijk met mijn verlange dat hij vir 'n tijd uit die pad gesit word. Jij weet waarom. Maar als hij nie skuldig is nie, dan wil ik hom nie onskuldig tronk toe laat gaan nie. Ik kan nie glo nie dat Hans gelieg het of 'n valse eed sal sweer, maar, als Gert onskuldig is, sal hij wel 'n ander uitleg kan gee. Ik laat die saak aan jou oor. Maak wat jij goed denk. Ik sal goed staan vir die koste.”

Die ou grijsaard het nog 'n tijd daar in stilte gesit, en het net van tijd tot tijd sijn kop geskud. Eindelik staat hij op en gaat naar die deur toe, maar voor hij uit gaan, sê hij nog:

“Meneer Luttig, wat jij ook doen, vind uit wat die waarheid is, want dit is belangriek vir mij om dit te weet.”

“Goed, meneer Verwij, ik sal dit doen” sê Luttig, en Verwij gaat weg. Na die ou weg is, trek Luttig sijn skouërs op en sê bij homself:

“Ik hou maar min van die ding. Als dit op die woord van Gert en Hans afkom, glo ik Gert. Als hij getuiën is het om te staaf wat hij sê, sal Hans aan die pen loop, en dan sal Verwij mij dit verwijt. Maar ons sal sien.”

Toe hij bij die polisie stasie kom, was Gert al daar en, daar die formaliteite van sijn arres al verbij was, was hij al in 'n sel opgesluit. Hij het 'n boodskap laat weet aan 'n vriend van hom om hom te kom sien, maar hij was te veel teneergeslaan om aan iets verder te denk. Hij wis dat hij onskuldig was, en dit was omtrent al waar hij sijn gedagte toe kon breng om oor te denk. Maar Luttig het die borg reg gemaak—dit was honderd pond—en hulle haal Gert uit die sel en breng hom bij Luttig, die hom sê:

“Dit spijt mij, Gert, om van jouw moeilikheid te hoor. 'n Vriend van jou, die gehoor het van wat gebeur het, het mij instruksies gegee om jou uit te borg en om jou te verdedig. Wie hij is maak nou nie 'n saak nie. Wil jij hê, dat ik vir jou moet ageer? Jij moet mij dit sê.”

“Ja” antwoord Gert; “Ik sal blij wees?”

“Goed. Nou luister naar mij. Ik het nie tijd om nou met jou 'n konsultasie te hou. Gaan nou eers huistoe, en na jij geëet het dan kom jij naar mijn kantoor. Ik sal om agt uur daar wees en dan kan jij mij vertel hoe sake staan’, en, voor dat Gert hom iets verder kon vra of vertel, was hij die deur uit en weg.

Gert het 'n paar sekonde op die stoep van die polisie kantoor gestaan alsof hij bedwelmd was deur die feit dat hij weer vrij was, en nie nog in die akelige, kouë, donkere sel, en hij het sig net reg geruk toe hij een hoor sê:

“Dag, Baas Gert.”

Hij kijk op en sien ou Geelbek voor hom staan.

“Dag, Geelbek”, sê hij, maar het nie eintlik van hom notisie geneem nie tot dat ou Geelbek weer sê:

“Ik het vir Baas 'n boodskap.”

“Wat is dit, Geelbek?”

“Die nonnie sê Baas moet soentoe kom, Baas.”

“Het die nonnie gesê jij moet mij hier kom seek?”

“Ja, Baas.”

Gert het eers huiwerig gewees om te gaan. Maar toe

dag hij dat die ontmoeting vroeër of later tog moet plaas vind, en dit sou beter wees om dit virbij te krij. Hij stap, dus, naar Nel se logieshuis toe, Ou Geelbek, wis dat Gert gearresteer was vir diefstal, maar die feite wis hij nie, en miskien sou hij niks daarvan verstaan het nie als hij dit geweet het. Hij voel vir Gert jammer. Hij wou hom graag help maar wis nie hoe nie. Hij wis nie dat Hans met die saak iets te doen had nie, maar hij was Gert nog dankbaar omdat hij kom help het toe Hans hom slaan, en hij wou hom te kenne gee dat hij hom sou help als hij kon.

- Maar hij kon niks sê nie. Hij het net vir Gert gevra wanneer die saak moet voorkom, en toe hij hoor dat die saak die volgende dag om tien uur moet dien, gaat hij weg.

Toe Verwij, na hij Luttig gesien het, weer bij die huis kom, het hij Cora vertel dat 'n vriend van Gert hom sou uitborg, en dat die saak môre moes voorkom, maar verder het hij niks gesê nie. - Cora het toe vir ou Geelbek naar die polisie stasie gestuur met instruksies om daar te wag tot dat Gert uitkom en hom dan te sê dat sij hom wil sien. Geelbek wis nie waarom hij naar die polisiekantoor moes gaan nie, maar, toe hij daarkom en daar moes wag, het hij in gesprek geraak met 'n paar kafferkonstabels, en hij het gouw uitgevind wat aan die gang was. Hij het toe daar rond gewag tot Gert uitkom en het hom, soos ons weet, die boodskap gegee.

Toe Gert bij die huis aankom wag Cora al ongeduldig op hom. Haar oë was rooi gehuil en elke nou en dan snik sij nog.

"Cora", sê Gert, "jij het gehoor?"

"Ja Gert, ik het gehoor."

"En glo jij dat ik skuldig is?"

"Nee, Gert. Ik glo dit nie. Ik sal dit nooit glo nie."

"Dankie, Cora", sê Gert. "Ik weet dat ik onskuldig is. Ik sal dit moet bewijs. Maar intussen, soos jij self kan verstaan, moet ik jou los van jouw belofte aan mij."

"Nee, Gert", sê Cora, "ik wil mijn woord nie trug hê nie, maar ik sal jou getrouw blij."

"Ik is blij om dit te hoor, Cora. Maar, so lank als die beskuldiging oor mij hang, kan ik jou nie aan jouw woord hou nie. Dit sou nie regvêrdig van mij wees nie."

“Ik sien dit nie in nie, Gert, maar ons kan later daaroor praat”, en sij begin hom toe uit te vra naar die saak. Hij het, om die waarheid te sê, nog nie geweet watter getuënis hulle teen hom gaan bring nie, en hij was tamelik gerus. Hij wis net dat hij beskuldig was dat hij die tjek gesteel en Verwij se naam daarop geteken het. Hij wis nie dat Hans ontken het dat hij hom die tjek gegee het, en, dag hij, Hans sal wel kan uitlê waar hij dit gekrij het. Hij en Cora het oor die saak sit en praat en Cora het hom toe vertel dat Hans ontken het dat hij iets van die tjek weet.

“Wat”, sê Gert, “ontken hij dit. Maar die man moet mal wees. Hij het mij dit dan self gegee. Hoe kan hij anders sê”?

“Maar, Gert”, sê Cora, “kan jij bewijs dat hij dit gedoen het?”

“Bewijs? Ik denk so. Daar sal wel 'n middel wees.” maar sijn hart sak, toe hij denk oor die omstandighede. Hij wou Cora nie verder bang maak nie, toe vertel hij haar niks verder en besluit om met Luttig daaroor te raadpleeg. Hij het nog 'n tijd daar gesit, en toe gaat hij weg. Met die weggaan, sê hij:

“Hou maar goeië moed, Cora. Ik weet dat ik onskuldig is, en 'n hof kan 'n onskuldige man nie in die tronk sit nie”, en om haar te laat denk dat hij die ding nie ernstig beskou nie, sê hij nog:

“Hou maar net jouw duim vas vir mij. Dit sal wel reg kom.”

Die aand om agt uur was hij bij Luttig se kantoor, waar die prokureur al vir hom sit en wag.

„Kom in”, sê hij, „kom in, en maak die deur toe. Ons wil nie gesteur wees nie.”

Gert doen wat hij sê, en toe gaat hij sit.

„Voor ons begin”, sê Luttig, „moet ik jou eers iets vertel. Ik was vanmiddag na ik jou gesien het, bij die publieke aanklaër om te sien of ik hom nie kon krij om die saak trug te trek nie, maar dit is virniet. Hij is 'n jong kerel wat net kort gepromoveer is tot sijn pos, en so'n “cause celebre” is net in sijn smaak. Dit help niks om met hom tijd te mors nie. Jij moet jou, dus, klaar maak om die saak te veg. Nou,” gaat hij aan, „vertel mij alles van die tjek, net soos jij dit weet”.

Gert het hom toe alles vertel. Toe hij klaar was sê Lut-tig:

„Kijk, Gert, ik wil aanneem dat wat jij mij sê waar is, maar ik moet jou waarskuw dat als jij mij nie die volle waarheid vertel nie, ik jou miskien meer kwaad sal doen dan goed”.

„Meneer Luttig”, antwoord Gert, „ik is nie onnosel nie. Ik weet dat 'n halwe waarheid gevaarlik is, en jij kan mijn woord daarvoor neem dat, wat ik jou vertel, die waarheid is.”

„Goed. Nou wil ik jou 'n paar vraë stel. Eerstens, was daar iemand in die winkel toe Hans daar kom?”

„Nee. Dat was 'n Saterdag agtermiddag. Ik was die laaste man daar. Dit was bijna skemer donker toe Hans daar kom. Ik was net besig om die deur te sluit.”

„Toe maak jij weer die deur oop?”

„Ja, Ik het toe die geld uit die brandkas gaan haal.”

„Waar was Hans al die tijd?”

„Hij het in die voorste winkel blij staan”.

„Nou vertel mij wat gesê was toe die boekhouër van middag met jou op die telefoon gepraat het.”

„Hij het mij eers gevra of ik die tjek onthou, toe sê ik 'Ja'. Toe vra hij mij waar dit vandaan kom, en toe vertel ik hom”.

„Jij het dus erken dat jij die tjek in die brandkas gesit het, en die geld daarvoor geneem het?”

„O! Ja, ik erken dit nou nog, want dit is die waarheid.”

„Waarom het jij nie laat Hans sijn naam agterop teken?”

„Ik was haastig, en, soos jij weet, hij en sijn vader handel bij ons, en ik het nooit in die minste verwag, dat daar sulke moeilikhede oor sou kom nie.”

„Maar dit is tog die gewoonte in besigheid, nie waar nie?”

„Ja, dit is so. Dit was agtelosig van mij. Maar met mense die jij ken, is mens nie altijd so virsigtig als met vreemdelinge nie.”

„Dit is 'n punt teen jou”.

„Ja” sê Gert, en hulle sit 'n tijd sonder te praat.

„Wel”, sê toe die prokureur, “so ver als ik kan sien hang die hele saak af van die een punt. Als jij kan bewijs dat Hans lieg, dan is daar nie gevaar nie. Maar als jij dit nie

kan doen nie, dan sien ik nie kans om jou los te krij nie."

„Dis „hard fines", antwoord Gert. „Ik weet nie hoe ik dit sal kan doen tussen nou en môre ogtend nie. Dit sal onmolik wees."

„O! die-tijd hoef jij jou nie oor te bekommer nie. Ek sal die saak laat uitstel vir 'n week. Maar laat die kroon eers hul getuiënis bring dan weet ons wat ons teen ons het. In die tussentijd moet jij goed nadenk en perbeer om te onthou of daar nie iets is wat ons kan help."

„En als ik niks kan onthou nie, wat sal jij dan maak?"

„Wel. Ik sal Hans so streng kruisvra als ik kan. Mis-skien krij ons iets uit hom wat ons kan help. Als dit nie help nie dan is mijn raad op, want terwyl dit 'n kwessie is van jouw woord teen sijne, sal die Magistraat naar die ander getuiënis moet gaan, en die is bepaald teen jou".

„Ja, dit is waar", sê Gert. Verder kon hij niks sê nie. en hij het, na hij Luttig gegroet het, huistoe gegaan.

Die wereld het hoe langer hoe donkerder vir hom begin te lijk. Hij het perbeer so hard hij kon om te onthou of daar iemand sou wees wat hulle die middag daar saam gesien het toe hij die winkel weer sluit, maar dit was bijna onmolik dat daar iemand was die dit sou onthou, of die datum sou onthou. Nie 'n greintjie van hoop dat daar iemand was die hom kon help nie. Hoe Hans aan die tjek gekom het, wis hij nie, maar dit kon hom minder skeel, want als hij maar net kon bewijs dat hij dit wel gehad het, dan was die saak gevonde. Meer had hij nie nodig. Of Hans die tjek self gesteel het en of hij dit op 'n eerlike manier in die hande gekrij het, was minder. Hij ontken dat hij iets daarvan wéet, dus was dit waarskijnlik dat hij dit wel op 'n oneerlike manier gekrij het, maar die feit was daar dat hij dit wel gehad het, en dit moet bewese word. Maar hoe? Dit kan nie molik wees nie dat 'n feit kan bestaan, maar dat daar geen getuiënis is om dit te bewijs. Die moeilikheid egter was om dit te krij. Tot diep in die nag het hij daar oor lé en denk, hoe meer hij denk, hoe meer word dit vir hom moeilik. Slaap kon hij nie en tot bedaring kon hij ook nie kom nie, en dit was bijna dagbreek voor hij in 'n gebroke ongeruste slaap val, die hom tot geen nut was, en waaruit hij wakker geword het met 'n gevoel van lafheid die vir hom onbekend was.

HOOFTUK XV.

ONDER VERHOOR.

Die volgende dag om tien uur, was die hof vol. Die nuws was al deur die hele dorp bekend en iedereen wat die tijd kon spaar het daarheen gekom om te kom hoor waar dit eintlik oor was. So veel verskillende stories was versprei, dat niemand geweet het wat die waarheid was, en iedereen was nuwskierig om te hoor wat die feite van die saak was. Maar daar was 'n klomp ander sake die eers moes voorkom, en dit was bijna twaalf uur voor dat die saak aankom.

Die eerste getuie was die slagter, die vertel het hoe hij die tjek gekrijwe het en aan Verwij gestuur het. Toe hij klaar sijn getuie nis afgelê het, sê Luttig dat hij hom geen vrae te stel het nie, en hij gaat weg.

Die tweede getuie was ou Verwij self, die vertel hoe hij die tjek ontvang en verloor het. Hij het ook vertel hoe Gert die dag, toe hij siek geword het, en toe hij die tjek verloor het, bij sijn huis was, en dat hulle rusie gehad het. Die rede van die rusie het hij nie vertel nie, want Verwij het die publieke aanklaer, gister al, vertel dat dit persoonlike besigheid was, en dat dit met die saak niks te doen het nie. Hij vertel dat hij die tjek met die brief van die slagter op sijn tafel laat lê het, en dat, toe hij 'n paar dae daarna beter was, en daarna soek, was dit weg. Hij het sijn seun daarvan vertel en die ding aan hom oor ge-laai, en het sig nie verder daaroor bekommer nie. Van sijn siekte af het hij al sijn besigheid aan hom oorgelaai. Hij self was nie meer bekwaam om daar na te kijk nie.

Luttig het hom net een vraag gestel en dit was:

„Had jouw seun ook toegang tot die kamer waar jij die tjek laat lê het?”

„Ja”, antwoord die ou, „die kamer word nooit gesluit nie. Enigeen wat in die huis is kan daarin gaan.”

Die derde getuie was die kassier van die bank, die Luttig ook geen vrae gestel het nie en, eindelijk was daar die Boekhouer van die winkel. Hij het ook sonder kruisverhoor daar af gekom, en toe was dit tijd om te gaan eet, en die hof word verdaag tot half drie.

Gedurende al die tijd het ou Geelbek in die hof gesit.

Hij had die môre niks te doen nie, en hij het uit nuwskierigheid daar heen gegaan. Meeste van die getuiënis was in Engels afgelê en hij kon nie veel daarvan verstaan nie, maar daar het iets in sijn herinnering gekom. Hij het gesien dat die tjek van hand tot hand gegaan het, en dat daar oor gepraat word. Hij verstaan sover dat die stuk papier iets met geld te doen het, maar dit was al.

Die hele tijd gedurende die hofsitting en die eetuur, het dit in sijn gedagte geloop. Dit was vir hom of hij onthou dat hij so'n stukkie blouw papier vroeër gesien het in verband met geld, maar hij kon nie onthou waar nie. Hij neem toe die besluit dat hij weer die middag hof toe moet gaan en die ding uithoor. Dit begin hom nou te intereseer op 'n ander wijze. Toe hij die môre daar gaan was dit net om te hoor watter vonnis Gert sal krij, want hij was gewoon dat als 'n kleurling voor die hof kom, kan dit nie anders wees nie. Skuldig is hij, en dit is al wat daaroor te sê is. Dit sou wel met 'n witmens ook so gaan. Maar nou begin die ding vir hom op 'n ander manier trek. Die gedagte dat hij soiets als die papiertjie wat met geld te doen het tevore gesien het, die trek sijn aandag. Alle kleurlinge, en biesonderlik hotnots, is baing bijgelowig en hij is nou seker dat die saak hom op een of ander manier affekteer, en hij moet die ding uithoor tot die end toe. Hij het dus, na hij geëet het, sijn pêrde voer gegee en het toe stilletjies verdwijn. Hij wou nie die kans staan dat iemand hom werk sou gee wat hom sou belet om in die hof te wees, en hij het dus bijtijds gemaak dat hij uit die pad uit kom. Toe die hof om halfdrie weer hervat was hij daar, en het met aandag naar die saak geluister.

Na die magistraat sijn plaas op die bank geneem het, staat die publieke aanklaër op en roep „Hans Verwij” en Hans, wat langs hom gesit het, staat op en gaat in die plek staan waar die getuië staan. En nou skrik Geelbek wakker. Nou val dit hom bij waar hij so'n blouw papiertjie gesien het. Nou onthou hij dat Hans, toe hulle die Saterdag middag na die bakkleislag tussen hom en Gert, so'n stuk blouw papier gehad het, en dat hij vir Prokureur Remier gevra het om hom geld daarvoor te gee. Hij kan nog nie sien of dit iets met die saak te doen het nie, maar, en dit is al weer sijn bijgeloof wat hom daartoe drijwe, hij is seker daar moet iets in wees wat met die saak

te doen het. Die getuiënis word weer in Engels afgelê, so dat hij dit nie verstaan nie, maar hij sal wel 'n plan maak om uit te vind wat dit alles beteken.

Hans het sijn getuiënis afgelê sonder om 'n oog te knip. Hij vertel hoe Gert bij die huis was die aand van ou Verwij se siekte, maar van die rusie weet hij niks nie. Hij was nie daarby nie. Ja, hij sorg nou vir al sijn vader se besigheid. Hij weet niks van die tjek af nie. Hij was dikwels in die kamer wat sijn vader als 'n kantoor gebruik het, maar die brief met die tjek het hij nooit gesien nie. Dit moet die selfde dag, of die nag, weggeraak het. Hij het Gert nie weer die aand, na die ete gesien nie. Hij is in die nag daar weg.

„Waarom”, vra die Magistraat, „is hij in die nag daar weg?”

„Dit weet ik nie”, antwoord Hans.

Die laaste verklaring het, dit was goed te sien, 'n indruk op die Magistraat gemaak, want terwyl hij nie wis wat die rusie oor was, kon hij nie verstaan wat die rede daarvoor sou wees nie. Toe die publieke aanklaër klaar was, staat Luttig op.

„Meneer Verwij”, sê hij, „Ik sal jou nie te lank op-hou nie, maar ik wil net die waarheid weet.”

„Ja”, is al wat Hans antwoord. 'n Mens kon aan hom niks merk nie dat hij bang was, of iets van die aard. Die enigste teken van spanning die hij gee, was om die sweet van sijn voorhoof af te veeg.

„Sê mij,” vervolg Luttig, „is dit waar dat, die Woensdag, voordat jij die tjek verloor het, het jij en die beskuldigde 'n bakkeislag gehad.”

„Ja, dis waar”.

„En jij het 'n pak gekrij né?”

„Ja”.

„Het jij ooit gedreig om Boshoff kwaad te doen?”

„Dit kan wees. Ik was die dag baing kwaad. In mijn op-gewondenheid mag ik soiets gedoen het.”

“So. Nou! sê mij waar was jij die Saterdag middag na dat Boshoff bij jul plaas was.”

“Dit weet ik nie. Dit is al so lank dat ik nie kan ont-hou nie.”

“Maar was jij nie die dag in die dorp nie.”

“Dit kan wees.”

“Als ik jou sê dat jij wel hier was, sal jij dit ontken?”

“Ik sal dit nie ontken nie. Ek kom so dikwels dorp-toe, dat dit onmolik is vir mij om daë te onthou wat ik in die dorp was.”

“So. Jij onthou nie, né. Maar is jij seker dat jij die dag nie met Boshoff gepraat het nie?”

“Kijk, meneer Verwij, jij moet versigtig wees. Jij weet jij staat onder jouw eed.”

“Ja, ik weet”, antwoord Hans en hij kijk rond als of hij wil sê: “Jij sal mij tog nie vang nie.”

“Als Boshoff sê dat jij hom self die tjek gegee het, wat sal jij sê?”

“Ik sal sê dat hij lieg.”

“En als ik dit bewijs?”

“Jij kannie”, antwoord Hans, maar hij begin bang word. Hij kon nie stil staan nie, en sijn hande was nooit 'n oomblik stil nie. Maar hij blij daarop dat hij niks van die tjek weet nie. Luttig was nou in sijn eie hart seker dat hij lieg, want hij kon uit sijn houding sien dat hij vir iets bang was, maar hij kon met hom niks uitvoer nie. Hans sê net hij weet daar niks van nie. Nog 'n uur lank het hij hom daar gehou en allerhande vraë gestel, maar hij kon nie vorder nie. Eindelijk merk Luttig dat die Magistraat ook ongeduldig word, en hij hou op.

Die saak vir die Kroon word gesluit, en toe vra Luttig uitstel vir 'n week. Hij sê hij het nog nie tijd gehad om die verdediging klaar te maak nie. Die publieke aanklaër het, soos gewoonlik, sonder rede daarteen geobjekteer en hulle begin 'n argument daaroor op touw te sit die nog 'n uur kon geduur het, maar die Magistraat het daar gow 'n end aan gemaak. Hij merk dat dit al vier uur is, en hij wil gaan golf speel. Hij maak hulle stil en stel die saak vir 'n week uit, en die mense verlaat die hof.

Ou Geelbek het gow geloop, so dat sijn baas en Hans hom nie sien nie. Hij het nou sijn kop gebreek om 'n plan te bedenk hoe hij sou uitvind wat die hele saak oor was, en wat die stuk blouw papier daarmee te doen het. Met Hans kon hij nie daaroor praat nie, en vir die ou man was hij bang. Hij sou, dag hij Nooi Cora vra daaroor. Hij het, die middag nie kans gekrij om met haar te praat nie, maar die anderdag, net na die og-

tend ete ,kom sij in die agterplaas om iets te doen, en ou Geelbek spreek haar toe.

“Nonnie”, sê hij, “kan ik Nonnie iets vra?”

“Ja, Geelbek, wat is dit?”

“Sal Nonnie mij nie sê nie wat is die saak teen Baas Gert nie.”

“Ou, waarom wil jij dit weet? Jij sal dit tog nie verstaan nie.”

“Almastie, Nonnie, ou Geelbek hij wil weet, misskien kan die ou Ta nog vir die basie help.”

“Hoe kan jij dan help?”

“Ik weet nog nie, Nonnie, maar ik was heel dag in die hof, en, almastie ik kannie allés verstaan nie, ik weet daarom iets.”

“Wat weet jij”, vra Cora, terwijl sij hom straf aankijk. Sou dit molik wees dat die ou hotnot nog iets weet. Toe vra sij:

“Wat weet jij”, Geelbek?”

“Nonnie moet eers vir mij vertel van die saak.”

Cora het hom eers 'n tijd staan en aankijk, en toe sê sij.

“Nou, goed, Geelbek, ik sal jou vertel.”

En toe vertel sij hom nouwkeurig, so ver als sij dit weet, die hele omstandighede van die saak en van die klagte. Toe sij klaar was vra sij hom:

“Nou moet jij mij vertel of jij iets daarvan weet. Toe, vertel.”

“Ja, Nonnie”, sê die ou. Kan Nonnie onthou die dag wat die ou Baas siek geword het?”

“Ja!”

“En die dag toe Baas Gert bij die plaas was?”

“Ja!”

“Is dit die dag wat die stuk blouw papier weg geraak het?”

“Ja!”

“Wel, Nonnie,” sê die ou. “Ik onthou dat die Saterdag daarna het Baas Hans en ik dorp toe gekom, en toe het hij so'n stuk papier bij hom gehad.”

“Is dit regtig so?” vra Cora, en sij was nou bleek van spanning.

“Wat het hij daarmee gemaak?”

“Dit weet ik nie, Nonnie. Maar ik weet hij het vir

Baas Renier gevra om vir hom geld te gee daarvoor. Toe sê Baas Renier hij het nie genoeg geld bij hom nie. Baas Hans het hom die ding gegee om naar te kijk."

"So, so", sê Cora. "Is dit so."

"Ja, Nonnie", antwoord ou Geelbek.

Cora het eers nagedenk oor wat sij gehoor het, en toe sê sij:

"Geelbek, gaan soek jij vir Baas Gert en bring hom naar Baas Luttig se kantoor. Jij moet met hom saam kom. Ik sal ook daar wees. Toe, loop en maak gouw."

Kort daarna was hul aldrie in Luttig se kantoor en Geelbek het hulle weer omstandig vertel van van die stuk blouw papier wat Hans gehad het.

"Hoeveel geld wou Baas Hans hê?" vra Luttig.

"Ik weet nie, Baas."

"Sal jij die stuk papier weer ken als jij dit sien?"

"Nee, Baas. Die ou hotnot hij kan mos nie lees nie, Baas."

Luttig het hom nog 'n paar vraë gevra, en toe, na hij hom gewaarskuw het om nie daarvan te praat nie, het hij hom laat loop. Na hij weg was sê hij:

"Nou weet ons iets, maar nog nie genoeg om ons te help nie. Geelbek kan wel getuië dat Hans 'n tjek had, en dat hij dit wou inwissel, maar hij kan nie sê watter tjek dit was, en wat daarvan geword het nie. Dit lijk wel snaaks, dat dit op dieselfde dag was, dat hij die tjek bij jou klein gemaak het, maar 'n hof kannie notisie neem van dinge net omdat hulle snaaks lijk nie. Als ons Hans vra watter tjek dit was, sal hij wel sê dit was 'n ander een, en 'n uitleg bedenk daarvoor."

"Maar hoe staan die ding dan nou?" vra Gert.

"Die ding staan nou so", sê Luttig. "Sonder dat ons Renier in die hande kan krij, kan ons niks doen nie. Ons weet net dat Hans hom gevra het om 'n tjek vir hom klein te maak. Ik wil goed glo dat dit die selfde tjek was, maar ons kan nie seker wees nie. Ons weet nie persies of dit die selfde tjek is! Is dit, en ons kan Renier in die hande krij, dan is die hele wereld reg. Maar is dit nie dan is ons nog maar waar ons gewees het. En, om die ding nog erger te maak, weet geen mens waar Renier is nie."

“Ik weet waar hij is”, sê Gert, terwyl hij opspring en naar sijn hoed grijp.

“Waar is hij!” vra Luttig, en, daar hij sien dat Gert in sijn opgewondenheid die deur wil uitgaan, vervolg hij: “Haai! wag 'n bietjie. Waar gaat jij?”

Dit breng Gert weer tot sijn sinne, en hij kom weer terug.

“Hij's bij die rebelle”, sê hij.

“Maar dit help ons niks. Hoe gaat jii hom in die hande krij.”

“Ik sal hom gaan soek.”

“En als die rebelle jou vang?”

“Hulle sal mij nie hou nie.”

“Maar al krij jii hom, sal hij nie kom nie. Hij sal bang wees.”

“Ik kan maar perbeer. Als ons net van hom kan uitvind of dit die tjek was of nie, sal dit missken help. Dalk sal die Magistraat dan die saak uitstel tot ons hom in die hande kan krij. Ik sal perbeer.”

“Maar als jii nie hier is als die saak weer voorkom, sal dit lijk of jii wegge loop het.”

“Dit is niks”, antwoord Gert, “als ik maar net uiteindelik kan bewijs dat ik onskuldig is. Ik sal dit waag. Ik het vanmôre gehoor, dat die Rebelle op 'n plaas is omtrent ses uur van hier en sal daarheen gaan en gaan kijk.”

Luttig het lank stil geblij, en toe sê Cora:

“Ja, Gert”, ik denk jii moet gaan. Dit is die enigste kans wat jii het.”

“Ja”, sê Gert. “En ik sal dadelik gaan.” Hij groet hulle en gaat weg.

Hij het binne 'n half uur sijn motorrijwiel in orde gehad, en, na hij 'n stukkie geëet het gaat hij weg.

Soos die geluk dit wou hê, en soos dit so dikwels in Suid Afrika gaan, waar die mense op 'n wonderlike onverskillige manier oorlog maak, het geen mens hom gevra waar hij heen gaan en hij het geen patrollies teen gekom. Vir al wat hij gesien het, of gewaar het, kon daar vrede in die land gewees het.

Na hij omtrent dertig mijl gerij het, en laat in die namiddag, kom hij in aanraking met 'n kommando. Dit was, soos hij verwag het, 'n rebel-kommando en hulle was gekamp nabij 'n plaas. Die brandwagte neem hom na

die huis toe, waar hul kommandant sijn hoofkwartier had, en breng hom voor die kommandant.

Hij was een van die bekende kommandante van die Vrijstaat, en, alhoewel nie 'n vriend van Gert nie, was hij tog met hom bekend.

Hij het Gert gevra wat hij daar kom maak, en Gert vertel hom die hele geskiedenis van "A" tot "Z." Toe hij klaar was vra hij die Kommandant of hij hom nie kan help om Rijk te krij nie.

Die kommandant sê net "Ik sal sien, wat ik kan doen. Intussen moet ik jou solank vas hou", en hij order die wagte om hom in 'n kamer van die Huis op te sluit. Dit werd gedaan, en Gert werd daar gelaat. Dit het nae geword en hulle het hom daar laat blij. Hij het naderhand op 'n ledekant gaan lê en aan die slaap geraak, en het nie, want hij was moeg en uitgeput deur die spanning van die laaste paar dae, weer wakker geword tot kort voor dagbreek, die volgende môre.

HOOFSTUK XVI.

NUWE HOOP.

Die anderdag môre, net met dagbreek kom 'n kereel in en bring vir Gert 'n koppie koffie. Gert het perbeer om van hom uit te vind wat hul plan met hom was, maar die kereel het niks geweet nie. Hij sê dat hulle net orders het om hom daar te hou tot hulle verder orders krij, maar meer als dit weet hij nie. Gert was verplig om daarmee tevrede te wees, en moes maar wag om te sien wat van die ding word. Hij was nie sleg af nie, want die kamer waar hij in was, was tamelik netjies gemeubeleer, en was, soos dit lijk, 'n slaapkamer gewees van een van die jong nooiëns van die huis. Daar was 'n goeië ledekant, en, alhoewel daar nie lakens of linnegoed was nie, was die matras en 'n paar kussens nog daar, en hij het dit gemaklik genoeg. Daar was ook 'n tafel en 'n klerekas, maar die was leeg. Stoele was daar nie, want die het die lede van die kommando seker uitgedra om op die stoep, of onder die bome te gebruik. Gert het daar 'n paar boeke gekrij, en hij het sijn tijd daarmee verdrijf. Omtrent nege uur kom dieselfde wag weer in en bring hom 'n bord kos, maar hij kon hom weer niks vertel nie. So het dit die hele dag gegaan. Hij het daar in die kamer geblij en op sijn rug gelê en lees, maar van wat buite hom omgaan wis hij niks. Als dit etenstijd was, word hom kos gebreng, maar niemand kon hom sê wat van hom sal word. Hij het nooit eers die moeite geneem om te kijk of daar wagte buite voor die venster was, want hij het daar nie aan gedenk om weg te loop nie. Hij het daarheen gekom om Renier te soek en hij sou hom nie krij nie deur weg te loop. Een maal, in die middel van die dag, toe een van die mense inkom om hom kos te breng, het hij verneem naar sijn motorrijwiel, en die wag het hom vertel dat dit op die generaal se orders in 'n buitekamer besorg en opgesluit is. So het hij die hele liewe dag deurgebreng tot dat die son ondergaan. Hij het sijn aand ete gehad, en wou net weer gaan lê, toe gaat die deur weer oop, en 'n man, met 'n lantêrn in sijn hand, kom in.

Hij kon nie eers goed sien wie dit was nie, maar toe die

man sê, "Naand Gert," herken hij hom dadelik. Dit was Rijk Renier.

"Naand, Rijk" antwoord hij. "Magtig maar ik is blij om jou te sien." Rijk sit die lantêrn op die klerekas neer, kom gee toe vir Gert sijn hand, en gaat toe op die tafel sit.

"Ik hoor", sê hij, "dat jij naar mij zoek. Toe ik hoor dat jij hier was, het ik eers gedenk dat jij bij ons kom aansluit, maar die Generaal het mij toe 'n storie vertel, wat ik nie goed verstaan nie. Ik kon nie eerder kom nie want ik was naar 'n ander kommando op besigheid. Wat is dan jouw moeilikheid?"

"Jij weet, Rijk, dat ik nie bij julle sal aansluit nie, en jij weet ook wat mijn redes daarvoor is. Maar dit is nou minder. Ik het jou kom seek omdat jij die enigste man is wat mij kan red."

"Red van wat?" vra Rijk.

"Red van die skande als 'n dief naar die tronk gestuur te word", antwoord Gert.

"Ja, die generaal het mij soiets vertel, maar ik het nie goed verstaan waar dit alles oor was nie. Vertel mij die hele ding."

"Dis 'n lang storie. Maar, als jij nie omgee nie, wil ik jou net eers 'n paar vraë stel."

"Goed, vra maar."

"Kan jij onthou of Hans Verwij ooit vir jou gevra het om vir hom 'n tjeck te wissel?"

"Ja!" sê Renier, "al 'n hele paar maal."

"Wie se tjecks was dit?"

"Wel, partijmaal was dit sij eië, en partijmaal was dit die van ander mense. Jij weet dit is mos teenswoordig die mode om somaar klein tjecks bij ander mense klein te maak, inplaas van naar die bank te gaan. Dit behoort jij self te weet."

"Ja ik weet dit. Maar, die tjeck waar ik van wil weet is een wat jij geweier het."

"Geweier het, nè", en Rijk staan 'n tijd na te denk. "Ik kan nie", vervolg hij, "mij herinner dat ik hom ooit geweier het. Ik het gereken hij was goed genoeg als die tjeck fout is. Maar wat ik mij wel herinner is dat hij 'n tjeck had die te groot was, en ik kon dit nie vir hom wissel nie omdat ik nie die geld had nie."

“So”! sê Gert “nou kom ons nader. Wie se tjek was dit?”

“Wel”, antwoord Rijk, na hij 'n tyd daarvoor gedenk het, “dit was 'n tjek van Heyns, die slagter, vir vijftien pond.”

“God dank!” sê Gert en hij sit stil. Hij kon bijna nie praat nie, so hewig was sijn gevoel van tevreenheid en geluk.

“Waarom sê jii dit?” vra Rijk hom.

“Ik sê dit omdat jii mij die nodige getuienis kan gee wat mij kan red.” En toe vertel Gert aan Rijk die gebeurtenisse van die laaste week, en alles van die saak, en wat Luttig s'n opinie daarvoor was. Dit was al laat in die nag toe hij klaar was. Die lantêrn het al lank uitgebrand, en die twee sit daar in die donker. Na Gert klaar vertel het was daar vir bijna 'n kwartier stilte, en was dit nie dat Rijk elke nou en dan 'n vuurhoutjie trek om die nat twak, wat in sijn pijp was, aan die brand te hou, sou 'n mens kon denk dat hulle albei slaap. Rijk het gesit en denk oor die saak en Gert, die sijn maniere ken, wou hom nie steur nie. Hij wis, natuurlik, dat Rijk self 'n prokureur was en dat hij nou besig was om die saak van alle kante te beskou. Rijk sou wel self verstaan wat Gert van hom verwag en dit was beter van hom eers die ding goed te laat oordenk, voor dat hij dit met hom bespreek. Dit was onmoulik vir Gert om te weet wat in die gedagte van die ander omgaan, maar hij wis goed die moeilikhede wat in die weg lê. Die hele kwessie was een van plig wat Rijk beskou aan sijn volk skuldig te wees, en aan die ander kant, wat hij aan sijn vriend skuldig is, en selfs die plig om 'n onskuldige man te help dat hij nie vir die misdaad van 'n ander sal gestraf word nie. Gert was van mening dat dit beter was om Rijk die ding self in sijn gedagte te laat uit werk, en dat dit nie 'n kwessie was wat hij met hom kon argumenteer nie sonder om sigself te veel op die voorgrond te stel nie. Gert het dus daar stil gesit en gewag op Rijk s'n beslissing, waar só veel van ahang. Sijn hele toekoms hang af van wat Rijk sal doen. Als hij nie goedwillig naar Kroonstad wil gaan nie om getuië af lê ten gunste van Gert se verdediging, dan sal die hof hom skuldig vind, en Gert kon hom nie dving om te gaan nie. Was dit vrede in die land,

dan sou die hele ding van self reg kom, maar nou help 'n dagvaarding nie, want die baljuw kan dit nie dien nie. Gert het eers gedenk dat hij hom, in geval dat hij weiër om te kom, met geweld sou kon dwing, maar dit was 'n belaglike idee, want Rijk had 'n hele kommando, misskien duisend man sterk, wat hom sou kan beskerm. Nee! Seker was dit dat daar niks aan te doen was dan om net Rijk s'n beslissing af te wag, en daarmede tevrede te wees. Eindelijk verbreek Rijk self die stilte:

“Ja jong!” sê hij, “dit lijk mij of jij in 'n lelike moeilikheid is.”

“Wat denk jij daarvan?” vra Gert.

“Wel”, antwoord Rijk. “Mijn opinie daarvan is die selfde als die van Luttig. Dit lijk of jij sal moet tronk toe gaan als ik nie vir jou kan kom help nie, maar daar lê die knoop. Ik kan nie dorp toe gaan nie. Hulle sal mij vang.”

Weer was daar 'n lange stilte en toe sê Gert:

“Kijk, Rijk, ik weet dat ik veel van jou vra, en dit is op een manier nie reg van mij dat ik jou so iets vra nie. Maar als jij 'n oomblik met geduld naar mij sal luister, sal ik jou persies vertel hoe sake inmekaar sit. Dan kan jij self oordeel wat om te doen. Ten eerste niemand weet waar jij is, en niemand kan bewijs waar jij in die laaste paar weke gewees het. Daar is, bieveorbeld, 'n paar mense, en dit nogal Engelse, wat vóór die Rebellie naar Johannesburg toe gegaan het om te gaan kuiër. Hulle is nog nie trug nie, en g'n mens weet wat van hulle geword het. Als ons, ongemerk in die dorp kan kom, sal die autoriteite niks kan sê nie, en jij hoef hulle nie te vertel nie. Als die saak afgeloop is, kan jij weer wegloop als jij wil. Jij kan mijn motorrijwiel vat als jij wil. Maar, al laat hulle jou arresteer, kan hulle jou niks maak nie. Ik weet nie wat jouw posisie hier is nie, en ik wil ook nie weet nie, maar ik kan jou verseker dat alleen die offisiere van die rebelle in die tronk gesit word. Die manskappe word naar Kimberley toe gestuur en alleen als kriegsgevangene behandel. Hulle kan met hulle niks anders maak nie, want daar is te veel van hulle. Daar is ook sprake dat hulle een van die daë sal gelos word, want, soos jij self weet, die rebellie is nie 'n sukses nie maar het misluk. Jij weet self dat Beyers dood is en dat Kemp oorgegee het. Ik kan

jou ntaurlik nie dwing om te kom nie, en ik weet dat jij die regte en belange van jouw volk voor alle andere dinge stel, maar ik denk dat jij met 'n goeië gemoed met mij saam kan gaan Kroonstad toe. Als jij met mij saam gaan, staan jij 'n kans dat hulle jou in vrede laat staan, of net naar Kimberley toe stuur. Blij jij tot die end uit, moet jij jouw man staan met die ander leiërs van die rebellie. Ik wil nie weet, soos ik jou al gesê het, wat jou posisie hier is nie, maar ik verbeel mij, dat jij 'n offisier is. Die rebellie is, soos ik gesê het, en soos jij nou self moet erken, 'n mislukking en die rebelle gee ooral oor. Julle sal dit tog, vroeër of later ook moet doen. Nou is die kwessie of, terwyl jij tog geen verder goed sal kan doen deur uit te blij dit nie jouw plig is om met mij saam te gaan nie, nie omdat ik 'n vriend van jou is nie, maar omdat dit ieder man se plig is om te verhinder dat 'n onskuldige man gestraf word en dat die skuldige persoon vrij loop. Ik wil niks sê van die ou vriendskap wat daar tussen ons bestaan, want ik weet dat, als jij denk dat jij reg doen om mij te help, jij dit sal doen. Ik is dus verplig om die beslissing van die saak, en mijn toekoms, aan jou oor te laat".

Gert, die so hartstogtelik gepraat het, als 'n mens kan verwag van een wat pleit vir iets wat hom dierbaarder is dan sijn lewe, dit is, sijn eer en vrijheid, was uitgeput en uit asem. Rijk het 'n lang tijd niks gesê nie, en het daar in die donker gesit en rook en nadenk. Eindelik slaat hij sijn pijp teen die tafelpoot uit, en sê:

„Gert! ik wil jou help als ik kan, maar dit is 'n ernstige saak, en ik sal daarvoor moet denk. Buitendien, ik kan nie mijn vriende en maters so in die steek laat nie. Ik sal die ding met die Generaal bespreek, en jou laat weet. Dit is nou te laat om verder daarvoor te praat. Ik sal jou weer kom sien als ik besluit het. Goeië naand."

"Naand, Rijk!" antwoord Gert, en Rijk gaat uit en trek die deur agter hom toe. Gert was weer alleen met sijn gedagte. Hij was moeg, en die spanning was in 'n seker mate oor, en, terwyl dit al lank middernag virbij was, het hij gouv aan die slaap geraak.

Die volgende dag was maar 'n herhaling van die dag te vore. Niks het gebeur nie, buiten dat hij weer sijn kos gekrij het, en een maal het hulle hom toegelaat om vir 'n

halfuur naar buite te gaan met 'n wag. Hij het met die geleentheid niks gesien van belang. Daar was net die gewone dinge te sien wat te sien is waar 'n boere kommando gekamp is. Pêrde, vuurplekke, en mense, maar iets buitengewoons was daar nie. Laat in die namiddag het hij 'n gewoel gehoor soos 'n menigte mense wat opsaal, en later, toe dit al donker was, hoor hij 'n groot kommando weg rij.

'n Halfuur daarna kom Rijk in. Hij was in gewone klere aangetrek en had, geen wapen bij sig. Gert staat op en gee hom sijn hand, en vra

“Wel, Rijk, wat sal dit wees?”

“Ik gaat met jou saam”, was al wat Rijk antwoord.

“Dank God. Jij sal nooit spijt hê daarvan nie”, sê Gert, en gaat op die ledekant sit, nes een wat 'n skok gekrij het en nie meer kan op sijn eië bene staan nie.

“Wanneer kan ons vertrek?” vra Gert naderhand weer.

“Wel, dit kom daarop aan. Kan ik agter op jouw motor rij.”

“O, Ja! ons kan 'n kussen of iets op die draër vas maak.”

“En hoe lank sal dit ons neem dorp toe?”

“In die donker, meen jij?” vra Gert.

“Ja, als ons nou vertrek?”

“Omtrent vier uur. In die donker kan ik nie te gouw rij nie.”

“Nou ja, dan sal ons net 'n stukkie eet, en dan rij.”

“Maar”, vra Gert, “waar is mijn motorrij wiel?”

“Hij is hier”.

“Dan moet ik eers gaan kijk of hij in orde is. Kom wijs mij waar is hij.”

“Goed. Kom saam.” Rijk het Gert toe naar die kamer geneem waar die rij wiel was, en sê toe:

“Als jij klaar is, kom in. Ik sal gouw koffie maak,” en hij gaan toe weg. Gert was omtrent 'n kwartier besig, met die rij wiel. Hij het allerhande dinge moet doen voor hij seker was dat die masjien in orde was. Toe hij klaar was, stap hij huistoe. Toe hij op die stoep kom krij hij skierlik 'n wonderlike skrikwekkende gevoel. Dit was of iets hom in die oor fluister “Jij's alleen.” Dit is, als mens denk dat jij in die middel van 'n kamp is waar jij verwag dat daar 'n menigte mense om jou is, om skierlik,

sonder waarskuwing, tot die besef te kom dat die mense, sonder dat jii dit weet, bijna soos spoke, verdwijn het. In vrede-tijd is dit erg genoeg, maar in 'n tijd van oorlog, waar gevaar altijd te wagte is, is dit 'n onheilspellende gevoel. Die troos van die teenwoordigheid van andere ver-ander skierlik in 'n gevoel van angs. Hij kijk rond, maar daar was geen enkele vuur te sien. Dit was tamelik donker en net hier en daar staan 'n boomtop bo die horison uit. Die hare rijs op sijn kop. Die voorhuis was donker en voel-voel gaat hij in. Die kamer waar hulle in gewees het was ook donker, en nou voel hij heeltemaal verlate. Hij dag Rijk was ook weg. Onwillekeurig skree hij:

“Rijk! Haai Rijk!”

“Hallo!” kom die stem van 'n ander deel van die huis wat tamelik groot was.

“Waar is jij?” skree Gert.

“Hierso!” was die antwoord, en net toe gaat 'n deur oop, en daar staat Rijk, met 'n kers in sijn hand.

“Ik het verdwaal,” sê Gert, en hij was kort asem. Rijk kijk hom 'n tiijdjie aan en vra toe:

“Wat mankeer jij? Jij lijk of jij 'n spook gesien het.”

“Waar's die kommando?” vra Gert.

“O”, sê Rijk, en hij lag tot agter in sijn keel. “Is dit wat jij oor geskrik het!”

“Ja. Toe ik nie lig sien nie, dag ik vir 'n oomblik dat jij ook weg was. Wat het van die kommando geword?”

“Kom in, dan sal ik jou vertel.”

Hulle het toe eers gaan sit en Rijk het koffie op tafel gesit, in blik bekers, met 'n stuk brood en 'n stuk koue skaapvlijs. Onder die ete begin Rijk vertel:

“Gert”, sê hij. “Jij sal wel wil weet wat mij beweeg het om met jou saam te gaan, en waarom ons alleen hier is.”

“Ja!” was al wat Gert sê.

“Nou, goed”, vervolg Rijk. “Ik gaat jou die hele ding vertel, om twee redes. Die eerste is dat ik nie wil hê dat jij moet denk dat ik mij gaat oorgee net om jou ontwinnie. Jij moet mij nie kwalik neem als ik ronduit met jou praat nie, maar jij weet dat ik mijn plig teenoor mijn volk bo alles stel, en ik wil nie hê nie dat jij die idee moe krij dat ik die plig laat vaar net om 'n individu te help nie, en dat ik daardeur van mijn beginsels afwijk. Mij

tweede rede is dat, in mijn opinie jii mij kan kwaad doen deur onkunde en dat, als jii nie die hele waarheid weet nie, jii misskien dinge in die dorp kan sê of vertel. Ik weet jii sal mij nie met voorbedagte rade verraai nie, en ik denk, dus, dat dit beter is dat jii nie in die posisie gestel word om dit onbedag te doen. Nou! die saak staan so. Na ik van jou weg is, het ik besluit om die hele saak voor die Generaal te lê, en te hoor wat hij daarvan sê. Jii weet dat hij 'n regvêrdige en verstandige man is, en dat hij mensekennis besit soos min mense. So het ik, van môre vroeg, die ding vir hom duidelik uiteengesit, en ook mijn posisie aan hom verklaar. Hij het mij toe gesê dat ik moet wag tot na die Krijgsraad gesit het, die bijmekaar geroep was vir elf uur vandag, en dan sou hij mij sê wat om te doen. Ik wis dit toe nie, maar hij had die nag te vore, toe ik hier bij jou was, 'n klomp briewe gekrij van 'n klomp van die ander Generaals en Kommandante, wat hij voor die Krijgsraad moes lê. Ik was bij die Krijgsraad teenwoordig. Ja, jii kan dit maar weet. Ik is self 'n Kommandant en dus moes ik die raad bijwoon. Daar het die Generaal vir ons die briewe voorgelees, en ik het in mijn lewe nog nooit soveel slegte nuws bijmekaar gesien nie. Ons het gehoor van die dinge wat jii gistraand oor gepraat het, maar ons had nie offisieel nuws daarvan nie. Die briewe het ons vertel van die mislukking van die aanval op Upington en Kakamas, waar ons so veel van gehoop het, en van die feit dat Kemp met sijn hele kommando oorgegee het. Beyers was dood, en sijn kommandos uitmekaar gejaag en gevang: Die meeste kommandos het oorgegee en ons was, met die uitsondering van 'n paar klein klompies mense, die enigste kommando op die been. Die Generaal het ons toe vertel dat dit onmoelik was om die ding verder te drijwe en die raad moet nou beslis wat moet gedoen word. Hij was van opinie dat ons die wapens moet neerlê. Die opstand was misluk daar is geen twijfel aan, en dit sou nie reg wees nie om die land in verder rampe in te dompel vir 'n saak wat nou hopeloos is. Hij sê hij is bereid als die raad so beslis, om te veg tot die dood toe, maar hij wijs die raad daarop dat, als hulle oortuig is dat dit nie sal help om verder te veg nie, dit hul plig is om verder bloedvergieting te voorkom. Die Krijgsraad het ure lank gesit, maar die end van die saak

is dat hulle besluit het om te gaan oorgee. Daarom is die kommando weg. Na die sitting van die Krijsraad laat die Generaal mij roep, en, toe ons alleen was, vertel hij mij dat die idee van jou dat ik, als niemand weet wat of waar ik is, hom tot diens kan wees. Hij het iemand nodig om iets vir hom te doen, want, als hij oorgee, sal hij vir jare dit nie self kan doen nie. Hij sê toe dat ik moet met jou saam gaan en so werk dat ik of helemaal vrij blij, of, als ik mij als 'n privaat burger oorgee, gouw weer moet los kom. Nou! Wat ik vir hom moet doen, gaat jou nie aan nie, en ik vra jou om mij te belowe dat jij daar nooit oor sal praat nie. Dan gaat ik met jou saam."

"Dit belowe ik", sê Gert.

"Goed. Nou moet ons rij want dit word laat, en ons moet in die donker in die dorp kom."

Hulle is toe weg. Een maal was hulle opgehou deur 'n brandwag van Regeringstroepe, maar Gert het die wagte, 'n klompie seuns, wat van oorlog niks af geweet het nie, vertel dat hulle dispêtsrijers was, en hulle was tevrede. Als 'n boer baklei, dan doen hij dit goed, maar verder weet hij maar min van oorlog maak, en sulke dinge als spioene of mense wat nie reg het om te wees waar hul is of gaan waar hulle wil daarvoor maak hulle hul selde oor moeg. 'n Man kan bekend wees vir 'n verraaier, maar, so lank als hij hom gedra, laat hulle hom maak wat hij wil.

Maar, soos ik sê, Gert en zijn passesjier het sonder moeite deur gekom, en die môre om half drie was hulle in die dorp.

HOOFSTUK XVII.

GERED.

Die eerste wat Gert die anderdag môre gedoen het, was om Cora te gaan vertel van sijn sukses. Toe hij daar kom was dit nog vroeg, en hij moes die meid, wat die koffie maak en naar die kamers breng, vra om, als sij vir Cora haar koffie gee, haar te sê dat hij daar is en haar wil sien.

Terwyl hij wag, kom ou Geelbek daar.

“Môre, mijn basie,” sê die ou.

“Môre, Geelbek”, sê Gert.

“Hoe gaan dit met mijn basie?” vra Geelbek.

“Nee, lekker, ou, hoe gaat dit met jou.

“Goed, mijn baas”, antwoord die ou, en hij kijk vir Gert uit die hoeke van sijn oë aan. Hij sien goed dat Gert in 'n opgeruimde stemming is, en hij dag hij sou dit waag om van die geleentheid gebruik te maak vir sij eie goed. Toe vra die ou:

“Het Baas nie misskien 'n sieling wat Baas nie nodig het nie!”

Gert lag, en haal sijn beursie uit. Hij dag die ou Hotnot het werkelijk iets verdien. Hij haal toe 'n pond uit en gee dit vir die ou.

“Dè”, sê hij, “hier's vir jou 'n persent.”

“Dankie, mijn baas” sê die ou en kijk naar die munt. Verstom staan hij daarna te kijk en toe sê hij:

“Arrie Baas, dis mos 'n pond die?”

“Ja, ou, en di's vir jou.”

“Vir mij, mijn baas. Aul!”

“Ja, Geelbek. Jij het mij baing gehelp, en dit is nou vir jou persent.”

Net toe kom Cora uit en sij sien wat aangaan.

“O! Gert”, vra sij “het jij goeie nuws. Waarom gee jij Geelbek 'n pond?”

“Ja, Cora, Goddank, ik het goeie nuws. En nie alleen dit nie, maar ik het Rijk ook. Ik is gered.”

“Ik is blij om dit te hoor. Maar, Gert, wat moet nou van Hans word?”

“Ik weet nie.” antwoord Gert, “en ik gee ook nie om nie. Dis 'n kwessie van: hij of ik, en dit sal nie ik wees nie als ik dit kan help nie.”

“Maar, Gert, kan ons nie iets vir hom doen nie?”

“Nee Cora, hij moet sijn kans staan. Als ons hom waarskuw sal hij 'n plan krij om al mijn moeite te verijd. Jij moet hom niks sê nie, en vir jouw oom ook nie. Luttig kan hom vertel wanneer hij denk dat dit nodig is.”

“En wat moet ons nou doen.”

“Ik weet nie reg nie. Ik sal dit aan Luttig oor laat. Wees maar nege uur bij sijn kantoor, dan sal ons hoor wat hij sê.”

“Goed”, sê Cora, en Gert, na hij haar nog 'n paar maal gesoen het, gaat weg.

Toe die klok nege slaan was hulle almal, Gert, Cora en Rijk, bij Luttig op die kantoor. Luttig het die hele storie uitgehoor van Rijk, en toe, na hij hom na paar vraë gestel het, sê hij:

“Wel, Gert”, ik moet jou geluk wens. Jij kan nou maar beskouw dat jij 'n vrij man is. Ons kan niks doen voor die saak weer voor kom. In tussen moet Rijk hom maar stil hou, dat hij nie met die militaire autoriteite deurmekaar raak nie. Wees julle nou almal in die Hof die dag wat die saak weer moet voorkom. Maar eers moet Rijk mij 'n beëdigde verklaring maak wat ik aan die publieke aanklaër kan gee. Hans het mijneed gepleeg en hij moet daarvan weet. Maar ik het nog iets anders te doen, en dit is omtrent die onaangenaamste ding wat ik nog ooit te doen gehad het. En dit is om ou meneer Verwij te gaan vertel.”

Na Rijk sijn verklaring gemaak het gaat Cora huistoe, en Luttig, Gert en Rijk stap naar die kantoor van die publieke aanklaër. Hulle het daar 'n lang tijd gesit en praat. Die publieke aanklaër was skepties oor die verklaring van Rijk, en wou dit eers nie glo nie. So'n jonge kêrel kan nie bra erken dat hij verkeerd kan wees en hij was vas oortuig dat Gert skuldig was. Hij wou nie die saak trug trek maar het daarop gestaan dat die magistraat moet beslis. Hulle was verplig om die ding daarbij te laat blij, en Luttig neem weer die verklaring en steek dit in sijn sak. Hulle gaat toe uit, en die aanklaër, wat ergens heen wou gaan, stap met hulle saam. Toe hulle op die stoep kom, kom daar 'n man haastig om die hoek en loop amper teen hulle vas. Dit was Hans.

Hij staan stil en begin ekskuus vra, en toe sien hij Rijk. Hij het rond gekijk naar die ander en toe hij sien wie hulle was, word hij asvaal en hij sê net:

“O! God!”

Hij het goed verstaan wat dit beteken dat Rijk daar was in geselskap van die publieke aanklaër. Luttig en Gert. Twijfel kon hij onmolik hê. Hij verloor sijn teenwoordigheid van gees, en, met nog 'n groot vloek, draai hij om en hardloop so hard hij kan van die stoep en straat af.

Die vier het naar hom gestaan en kijk tot hij 'n hoek om hardloop. Toe sê Luttig aan die publieke aanklaër:

“Wat denk jij nou?”

Eers was daar geen antwoord, maar eindelijk sê die ambtenaar:

“Sijn skuld is nou vir mij ook duidelik. Gee maar vir mij daardie verklaring, meneer Luttig. Ik moet hom laat arresteer voor hij kan weg raak.”

Later in die dag stap Luttig en Gert naar Nel se Logieshuis, die eerste om ou Verwij te gaan sien, en die tweede om Cora te sien. Daar aan gekom gaat Cora en Gert in 'n Somerhuis in die tuin sit en gesels en planne maak. Daar sal ons hulle vir die comblik laat blij. Vir iedere jong man moet 'n tijd kom wanneer hij met sijn verkorene moet gaan raadpleeg oor die toekoms, en vir iedere jong meisie kom die tijd wat sijn so'n raadsitting moet bij woon, maar dit is nie betaamlik dat daar vreemde mense moet bij wees nie, so sal ons hulle maar daar laat in die hoop dat hulle vir hulself 'n gelukkige en voorspoedige toekoms sal uitwerk.

Laat ons liever met Luttig saam gaan, want hij het meer interessante, alhoewel, vir hom, onaangename werk. Hij het gevra om die ou man te sien. Na 'n tijd kom die ou uit, en hulle gaat op die stoep sit. Na hul gegroet het, vra die ou:

“Wel, meneer Luttig, watter nuws het jij vandag vir mij? Jij lijk ernstig genoeg.”

“Ja! meneer Verwij. Dit is 'n ernstige saak wat ik met jou kom bespreek.”

“Nou, ja! Wat is dit dan?”

'n Tijd het Luttig niks gesê nie totdat die ou man ongeduldig word, en vra:

“Wel, wat is dit?”

“Meneer Verwij,” sê Luttig, “ik weet nie bra hoe om jou te vertel nie, maar ik moet. Jij het mij instruksies gegee om Boshoff te verdedig, en ik het jou destijds gesê dat dit 'n moeilike saak sou wees.”

“Ja, ik weet,” sê die ou nog sonder suspisie. “Ik het nooit gedenk dat jij hom sou los krij.”

“Ja, dit is waar, maar dit is nie waar die moeilikheid lê nie. Meneer Verwij sal jou herinner dat ik jou vertel het dat daar 'n kans is om hom los te krij?”

“Ja!”

“En dat, als ik die nodige getuiënis krij, dat 'n ander misskien daardeur in moeilikheid sou kom.”

“Ja, gaat aan.”

“Nou, meneer Verwij, ik is nou in 'n moeilikheid. Ik weet nie of jij sal wil hê dat ik verder iets met die saak te doen het of nie, want ik het die nodige getuiënis gekrij.”

“Watter getuiënis?”

“Wel”, antwoord Luttig, “Gert het Rijk Renier gaan haal, en hij het 'n verklaring gemaak. En sijn getuiënis sal Gert los krij.”

“Ja”! sê die ou, “en dan.”

“En dan, meneer Verwij, sal daar bewijs word dat Hans, en nie Gert nie, die tjeek gesteel het, jouw naam daarop geteken het, en dit gewissel het.”

“Maar”, sê die ou man, en hij was nou so bleek als 'n laken, en lijk nou ouër dan ooit te vore, “maar hoe kan dit wees. Vertel mij.”

En toe, terwijl die arme ou man doodstil daar in sijn leunstoel sit, vertel Luttig hom die hele akelige geskiedenis. Lank na hij klaar was het ou Verwij daar stil gesit en voor hom uitgestaar. Geen woord het hij gesê, geen gebaar het hij gemaak.

Eindelik staan hij op en neem 'n paar stappe vorentoe. Toe strek hij sijn hande voor hom uit, nes 'n blinde man wat naar 'n deur, of 'n stut voel, en toe, sonder waarskuwing, stort hij in mekaar en val op die grond neer.

Luttig skree om hulp, en het langs die ou man gaan kniel op die grond om te kijk of hij iets vir hom kon

doen, maar hij was-bewusteloos. Hulle het hom in sijn kamer gedra en die dokter laat haal. Maar dit was alles verniet. Die swak hart het toe die skok nie kon staan nie, en die grijsaard was gegaan om sijn laaste verslag te doen voor die regterstoel waar ieder menselike wesen voor moet verskijn.

En waar was Hans in die tijd. Laat ons gaan kijk. Toe hij daar van die kantoor van die publieke aanklaër weg geloop het, wis hij nog nie goed waar hij sou heen gaan, of wat hij sou doen. Die enigste ding wat bij hom vas gestaan het was dat sijn diefstal en mijneed nou ontdek was en dat hij moet 'n plan maak om weg te kom. Verder het hij nie op die oomblik gedenk nie, want die vrees het hom aangegriip. Maar, onwillekeurig, en louter uit gewoonte, gaan hij naar die hotel en versterk hom met 'n paar groot doppe brandewijn. Na 'n tjdjie kom hij tot bedaring en begin oor die ding na te denk. Als hij maar net vir 'n tijd kon weg kom, dag hij, sou sijn vader wel 'n plan maak om hom te help. Hij was rijk, en geld is die grootste mag in die wereld. Hij wis van wet niks, maar hij dag dat, als Gert tevrede gestel word en nie vir hom wil vervolg nie, dan kan niemand anders dit doen nie. Als hulle dus, vir Gert 'n som geld, groot genoeg om hom tevrede te stel, gee dan sou die hele wêreld reg kom. Maar intussen moet hij weg, en hij moet weg blij tot dat hij die saak kan reel. Hoe dit moet gereel word wis hij nog nie, maar daar sou wel 'n middel wees. Hij sou, dag hij, naar die plaas toe gaan en solank daar blij, tot dat die dinge 'n bietjie oorgewaaai het. Hij wis daar was rebelle in die nabijheid, maar hulle kon hom niks doen nie. Hulle kon hom nie als prisonier hou en ooral met hulle rondsleep nie. Dus, hij sou op die plaas gaan blij: Niemand sou hom daar kom soek nie, want dit was oorlog en hulle sou hulle nie, als hij eenmaal uit die dorp is, aan hom steur nie.

So gesê en so gedaan. Hij het onmiddelik huistoe gegaan, en is met 'n omweg bij die stal gekom. Hij het sijn pêrd opgesaal en, sonder dat iemand hom sien, of sonder dat iemand daarvan weet, rij hij weg.

Hij was nie van plan om in die donker bij die plaas aan te kom nie, maar toe hij halfpad huistoe, bij 'n plaas

kom, saal hij af en sit sijn pèrd in die stal. Daar was nie mense nie, want hul was dorptoe gevlug, maar in een van die kiste, in die spens het hij 'n bottel wijn gekrij, en daarvan het hij 'n bietjie gedrink. Dit was sterk wijn, en, alhoewel hij nie dronk was nie, het dit hom tog lomerig gemaak. Die son was warm en hij kon bijna nie meer sijn oë oop hou nie. Hij het toe op 'n rusbank in die voorhuis gaan lê, en dit was nie te lank nie, of hij raak aan die slaap.

Dit was bijna sononder toe hij wakker word. Hij spring op en kijk rond. Daar was niks te sien nie, en hij gaat sijn pèrd opsaal. Dit was nog twee uur te pèrd naar Klippan toe, en nou kan dit nie anders nie, maar hij moet in die donker rij. Hier kon hij nie blij nie, want hij was honger, en hier was niks te ete. Hij moet vorentoe. Hij klim op en rij weg.

Sijn gedagte, op die rit was nie plesierig nie, en hij begin nou, daar in sijn eensaamheid, en in die stikdonker, werkelijk besef wat hij gedoen het. Het hij maar net die geld geneem en later sijn vader daarvan vertel, dan sou dit nog nie so sleg gewees het nie. Sijn vader sou wel erg kwaad gewees het, maar sou hom, ten minste, nie vervolg het nie. Maar nou het hij te vèr gegaan. Hij het ontdek dat hij die geld gesteel het, en toe die skuld op 'n ander gesit. Hij het toe die ding nog slegter gemaak deur mijneed te pleeg. Nou was die saak helemaal bedorwe en hij sou daaronder moet lij, en dit oneindig veel meer dan hij sou gedaan het als hij dadelik erken het dat hij self die tjek geneem het.

Hij rij nou helemaal ingedagte, met los teuwels, want die pèrd ken self die pad huistoe. Hij het, in sijn nadenking oor die verlede en in die beraming van planne vir die toekomst, skoon vergeet waar hij was so dat, toe daar skierlik drie man agter 'n bos uitstap en skree:—

“Halt”, wis hij nie dadeilk wat dit beteken, en het geen antwoord gegee nie.

Maar die pèrd, die hewig skrik vir die drie gedaantes wat so skierlik in die nag voor hom op die pad verskijn, ruk om. Hans, die 'n goeie ruiter was, blij sit in die saal, en sou die pèrd gouw tot bedaring gebreng het. Maar die drie mans, lede van 'n brandwag van regeringstroep, het nie verstaan dat die pèrd vir hulle geskrik het, maar

dag dat die ruiter hom omruk om weg te jaag. Dit moet, so dag hul, natuurlik 'n vijand wees, en, sonder verder te roep of te waarskuw, knal daar drie skote, en Hans val uit die saal op die grond. Die pèrd het in die donker weg geloop. Toe die wagte gaan kijk wie, en wat dit was, toe krij hulle hom daar lê, met 'n koël deur sij nek—en hij was mors dood.

HOOFSTUK XVIII.

DIE END VAN BEPROEWING.

Ons storie is nou bijna op die end. Behalwe een belangryke ding, is daar bijna niks meer te vertel nie. Dit is al 'n paar maande na die gebeurtenisse wat ons in die laaste hoofstuk vertel het, en dinge het 'n heelboel in die tijd verander.

Toe Rijk Renier sijn verklaring in die hof afgelê het het dit vir die eerste maal algemeen bekend geword dat hij weer trug was, en die militaire autoriteite het hom laat haal. Hulle het hom gevra om rekenskap te gee van sijn afwesigheid, maar dit het hij geweier. Hij het hulle vertel dat hij 'n vrijê burger was en dat hij kon doen wat hij wil en gaan waar hij wil.

Die offisier het hom daarop gewijs dat dit krijgswet was, en dat hij nie kon doen en maak wat hij wil. Rijk se antwoord was, dat, als hulle denk dat hij die wet verbreek het, moet hulle hom voor 'n hof bring, maar dat Krijgswet met sijn private besighei niks te doen het nie, en dat hij weier om te sê waar hij was. Hij wou hulle nie 'n leun vertel nie, want hij wis goed genoeg hulle sou dit ondersoek en uitvind dat dit maar 'n ekskuus was. Dan sou daar verder moeilikheid wees. Dus het hij, om seker te wees dat hulle niks teen hom sal kan bewijs, niks vertel nie. Buiten Luttig en Gert wis niemand dat Gert hom gaan haal het, sodat hulle nooit daaraan gedenk het om die twee te gaan vra. Hulle het Rijk toe vir twee maande in die tronk gehou sonder teregstelling, maar hulle was naderhand verplig om hom te los, want hulle kon geen getuënis teen hom krij nie, en die rebellie was oor. Hij was dus, weer op vrijê voet, en het weer sijn besigheid hervat. Ons kan nie veel meer van hom vertel nie, buiten dat hij hom weer met hart en siel in die politiek bemoei het, en hij was een van die manne die so hard en vlijtig gewerk het in die eerste eleksie na die rebellie, waar die Vrijstaat so eenparig en sonder twijfel getoon het dat die belange van hul volk bij hulle meer wêrd is dan die belange van 'n vreemde dwingelandij.

Omtrent drie maande na die rebellie oor was, het Gert en Cora stil getrouw. Daar was geen resepsie. Rijk en

Luttig, en een of twee meisie vriende van Cora, was al wat teenwoordig was. Hulle het geen resepsie kon gee nie, want geld was te skaars, en Cora wou nog geen disrespek wijs vir die twee oorlede familie-lede, alhoewel hulle haar so sleg behandel het.

Hulle het, na die dood van Hans en sijn vader, van Luttig verneem hoe dit met die boedel gaan, en hij het hulle vertel dat Cora niks kon krij nie daar sijn nie familie was nie, maar net 'n stief kind, en die wet neem, in sake van boedel en erf regte, geen notisie van aangetrouwde familie.

Die ou man het na sijn rusie met Gert en Cora, 'n nuwe testament gemaak waarin hij al sijn geld en goed aan Hans nalaat. Maar nou dat Hans dood was, moet die boedel naar sijn naaste familie gaan. Hij had geen kinders, dus moet die geld gaan naar sijn ooms of tantes, of hul kinders, als daar soiets was. Als daar glad geen familie was, dan gaat die boedel naar die Goewerment. Hulle sou moet soek of daar familie was, en als daar nie is nie, kon hulle applikasie maak bij die Gowerment vir 'n deel daarvan. Als 'n mens met 'n ordentlike regering te doen had, dan staan hulle gewoonlik in so'n geval 'n gedeelte van die boedel af. Rijk het gesê dat als dit so is, dan moet hulle nie daarop reken om iets te krij, want hij ken die regering van die tijd, en daar was van hulle niks te wagte nie.

Maar Luttig sê dat daar 'n molikheid bestaan dat ou Verwij self nog familie het en dat, als hulle nog lewe, hij weet waar, meer of min, om vir hulle te soek. Hij wou op die oomblik niks verder daarvan sê nie, want daar kan niks van kom nie, en dan kom daar dinge uit wat onnodig is. Gert en Cora het goed verstaan dat hij meer weet dan hij wil vertel, en dat daar 'n geheim moet wees in die saak wat hij geheim wil hou so lank als dit molik is. Hulle het hom, dus, nie verder uitgevra nie, en hulle het gereken dat, so ver als die saak hulle aangaan, dit op 'n end was. Hulle het nooit verwag om iets van die ou man te krij nie, en hulle was, dus, ook nie teleurgestel nie.

Gert had, soos ons alreeds vertel het, 'n paar honderd pond opgespaar, en had 'n goeië salaris. Hij het, na die saak oor was, sijn betrekking behou, want sijn baas, wat 'n ordentlike man was, het goed gesien dat hij aan niks

skuldig was, en dat dit 'n komplot van Hans was om hom kwaad te doen. Hulle was dus, nie so sleg af 'nie, en het so goed geleef als die meeste ander jong mense in ons land, waar iedereen, met 'n paar uitsonderinge, tog sijn eië weg moet baan en sijn eië toekoms moet uit werk. Hulle had 'n mooi huisie aan die wal van die rivier, en hulle was daar so gelukkig als 'n mens kan wees.

Ou Geelbek het bij hulle kom werk na sijn baas dood is, maar al wat hij gedoen het was om die twee pèrde, wat Gert nou aanhou, op te pas en te drijwe. Hij was meer 'n soort van pensionaris als 'n kneg en het naastebij gemaak wat hij wil. Als 'n mens hom misskien vra waarom hij nou so lekker lewe, sou hij misskien gesê het dat hij die oorsaak was van al die geluk wat daar in die kleine wêreld, om die huisie van Gert, was, en, om die waarheid te sê, sou hij nie ver verkeerd gewees het nie want, was dit nie vir hom dan was Gert en Cora, in plaas van gelukkig getrouwd te wees, vir eeuwig van mekaar geskei, en Gert sou 'n geruineerde man gewees het. Dit is maar weer die selfde ou storie oor van die leeuw en die muis. Dis 'n simpele verhaal vir kinders, maar hoeveel maal kan dit nie toegepas word op die lewe van ons ouëre mense. Ou Aesop het, agter sijn kinderagtige fabeltjies, die filosofie van die wereld weggesteek en dit is vir ons om dit daar uit te haal.

Voor ik nog die belangrikste gebeurtenis, waarmee die verhaal tot 'n slot moet kom, vertel, sal dit nie ongepas wees nie om 'n woord te sê oor die toestand van die land na die Rebelle. Laat ons hier Rijk Renier se eië worde gebruik.

“Ik sien nou,” sê hij, “dat die rebellie 'n kolossale fout was. Dit was sleg georganiseer, en ons het op die verkeerde tijd begin. Die volk was verdeel, en die wat met ons saam was was nie gereed nie. Maar laat ik daarvan nie praat nie, want dan kom ik op gevaarlike grond. Maar een ding het die rebellie ons geleer, en dit is, dat ons ons volk moet opvoed, leer lees, en leer om hul taal en tradisies te handhaaf en lief te krij, want anders sal ons binne nie te lang tijd geen volk meer wees nie. 'n Gedeelte van ons volk is nou al so ontaard dat hulle nou bijna Engels is, en als ons die rot nie stop nie, sal die hele volk net nou so wees en onse rassetols, waar ons

vroeeër so trots op was, sal nie meer bestaan, en, als dit so aangaan, sal dit geen rede hê om te bestaan nie.

“Nee, kêrels! Elke Afrikaner, wat die naam van Afrika-ner wêrd is, (en, glo mij, dit is iets om op trots te wees, als 'n man in sijn hart kan sê “Ik is 'n Afrikaner”!) moet nou doen wat hij kan om ons volk, ons tradisies, ons taal en ons rassestols in lewe te hou en om die swakkere broeder tot 'n besef te bring tot wat 'n afgrond van vergetelheid dit ons volk sal lei als ons toelaat dat hulle stadig aan in 'n ander ras opgeneem word, en eindelijk vergeet dat hulle self 'n volk is.

“En, ten slotte, kan ik net dit sê, dat, alhoewel ik nou beskou dat die rebellie 'n fout was, het dit tog ons volk oneindig veel goed gedaan, want dit het hulle wakker gemaak en weer gekonsolideer. Hulle sien nou waar die politiek van “Toe maar, broer” heen gaan, en hulle sal nou weer op die regte pad kom. Afrikaners, julle is nou wakker. Sorg dat julle wakker blij.”

Een dag, onverwags, krijg Gert 'n telegram uit die Kaap van sijn vader. Dit vertel hom dat hij die selfde aand vertrek uit die Kaap, en in 'n korte tijd in Kroonstad sal wees. Gert het hom hieroor erg verwonder, want, daar die ou man al baing oud was, het Gert nooit gedenk dat hij so'n lange reis sou aanvaar nie. Hij het baing daaroor gedenk, maar kon geen rede bedenk waarom sijn vader, die in sijn briewe niks van 'n besoek gesê het nie; hom sou kom opsoek, en hij moes maar wag tot die ou man self kom en 'n uitleg daarvan gee. Hij en Cora het toe vir hom 'n kamer berei, en gewag tot hij kom.

Eindelijk, een na-middag om vier uur, kom hij aan met die kaapse mail, en hulle gaan huis toe. Na die ete die aand toe die meid weg was gaat hij en Gert en Cora, want hij wou haar daarby hê, in die voorkamer sit en toe begin die ou:

“Gert”, sê hij, “ik weet nie of jij ooit enig begeerte gehad het om te weet, wie jouw voorouers was nie, en ik het daar nooit aan gedenk om jou te vertel nie. Ik het nooit gereken dat dit enige saak kan maak, maar nou het iets gebeur wat dit nodig maak, dat jij dit moet weet. Ik wil jou nou die geskiedenis van jouw moeder vertel, en waar en hoe ik haar ontmoet het. Sij was Elsie Roos, van

Kalk Baai, en 'n wees. Maar laat ik jou die storie van die begin vertel."

En toe vertel ou meneer Boshoff sijn seun die geskiedenis wat ons in die eerste drie hoofstukke van die verhaal, vertel het. Gert en Cora het gesit en luister sonder om 'n woord te sê, en eindelijk was die ou klaar. Toe vra Gert:

"Maar, Pa, is dit daarom dat Pa die lange reis hierheen gemaak het? Net om mij dit te vertel?"

"Ja!"

"Maar waarom?"

"Dit sal ik jou sê," antwoord die ou man, terwyl hij 'n ou koerant uit sijn binnesak uithaal, en op die tafel lê. Dit was 'n kopie van die "Cape Times" van 'n paar daë vroeër, en, na die ou 'n bietjie gesoek het, wijs hij met sijn vinger naar 'n advertensie, en sê:

"Lees dit."

Gert en Cora leun albij oor die ou man se skouër en dit is wat hul lees.

FAMILIE ROOS.

KENNISGEWING.

"Afstammeling of bloedverwante van Elsie Roos, dogter van Hendrik Roos, van Kalkbaai, Visser, en Johanna, sijn vrouw, word versog hulle in verbinding te stel met die ondergetekende."

En die advertensie was geteken deur Prokureur Luttig, van Kroonstad.

Vir 'n tijd lank het hulle mekaar sit en aankijk, en toe sê Gert:

„Maar wat sou dit beteken?"

„Dit weet ik nie. Maar ik dag dit was belangrik genoeg vir mij om kopie van die dokumente in die weeskamer in die Kaap te krij, en self die ding te kom ondersoek. Ik moet daarbij wees, want ik is die enigste man wat nog die dinge onthou en weet waar om die bewijsstukke te krij."

„Maar wat wil Pa dan daarmee bewijs?"

„Ik wil bewijs dat die Elsie Roos jouw moeder was, en

dat jij die enigste lewendige persoon is wat van haar afstam. Dit wil ik bewijs."

„Waarom?"

„Dit sal ons môre bij die prokureur moet hoor. Ek weet niks meer, als wat daar in die advertensie staan nie. Maar dis laat en ik is nou moeg. Kom ons gaan maar slaap."

Die ander dag môre, toe Luttig bij sijn kantoor kom, was Meneer Boshoff en Gert, met Cora daarby, al daar. Hij was verwonder om die ou man daar te sien. Hij het hom in vroeër daë goed geken en hul was goeië vriende gewees. Hulle groet mekaar heel vriendelik, en Luttig vra of Boshoff bietjie kom kuiër het.

„Nee", sê die ou man, „ik het 'n bietjie besigheid met jou."

„Met mij? Nou kom in, laat ons hoor wat dit is."

Toe hulle in die kamer was toe haal Meneer Boshoff weer die „Cape Times" uit en wijs Luttig die advertensie.

„Ik het jou kom sien oor die ding, en ik wil van jou weet wat dit beteken"

„So!" sê Luttig. „So né. Maar voor ik jou kan vertel waarom ik die advertensie in die koerant laat sit het, moet ik weet wat jij daarmee te doen het. U moet mij nie kwalik neem nie, maar ik moet virsigtig wees."

„Wel", antwoord meneer Boshoff, „die ding is simpel genoeg. Die Elsie Roos was mijn vrouw"

„Wat!" sê Luttig, „is dit so?"

„Ja!"

„En is Gert haar seun?"

„Ja, seker."

„Wel! wel! wel! aan wonders kom nooit 'n end nie," en Luttig sit 'n tijd stil. Eindelijk vra hij:

„Kan jij dit alles bewijs?"

„Ja, seker", sê Boshoff. „Daar is bewijs genoeg. Die dokumente is bij die weesheer in die Kaap. Ek het 'n kopie mee gebreng om jou te wijs. Hier is hulle," en hij haal 'n pak papiere uit sijn sak en gee dit vir Luttig.

Dit het Luttig meer dan 'n halfuur geneem om die dokumente deur te kijk en toe se hij:

„Daar kan geen twyfel wees dat, als ik die originele van die dokumente ondersoek, soos ik sal moet doen, ik alles in orde sal vind"

„Nie die minste twyfel."

„En is Gert die enigste afstammeling van sijn moeder?”

„Ja!”

„So, né. So, so! dis wonderlik hoe dinge in die wereld draai,” en Luttig sit weer stil en denk. Toe vra die ou man weer:

„Maar sê ons nou wat dit beteken.”

„Ja,” sê Luttig, „ik sal julle sê. Weet U, meneer Boshoff, dat jouw vrouw 'n broer gehad het?”

„O! Ja! Hendrik. Maar hij het, toe hij nog 'n kind was, van die huis weg geloop, en ons het nooit weer van hom gehoor nie.”

„Het julle ooit naar hom laat soek?”

„Ja, ons het verneem naar hom, maar ons het nooit iets van hom kon hoor nie. Daar is so baing Roose in die wereld, dat dit moeilik was om uit te vind waar hulle almal was.”

„Het julle nooit daaraan gedenk, dat hij misskien sijn naam kon verander het?”

„Nee, daar het ik nooit aan gedenk nie.”

„Wel dit is wat gebeur het. Toen hij van sijn oom weg geloop het, was hij bang dat sijn oom hom sou laat soek, en weer laat terugbreng. En dit wou hij nie doen nie. Hij het toe om hom te verberg, 'n ander naam aangeneem. Ik het die bewijse daarvan”.

„En watter naam het hij toe geneem?” vra ou meneer Boshoff.

„Verwij!” sê Luttig.

„Wat, Wat?” skree Gert en Cora tegelyk, „Wat sê jij?”

„Ja, Verwij. Hij was jouw oom, Gert. Ik wens jou geluk. Jij is die enigste erfgenaam van ou Hendrik Verwij en jij is nou veertig duisend pond wêrd.”

Lang was daar stilte en toe sê Cora:

„Dit is die end van beproewing!”